BRING HOOP
MAAK 'N VERSKIL

## Noordelike Sinode van die NG Kerk

# AGENDA





ACTA SIN
249

2-4 September 2008

## Weesgerus

# AGENDA

van die 19de vergadering

van die

# Noordelike Sinode

van die

Nederduitse Gereformeerde Kerk

## 2-4 September 2008

Weesgerus



# VERKLARING : SINODE NOORD-TRANSVAAL 2003

## Die sinode het in September 2001 verklaar:

"Getrou aan ons belydenis:
***Bely ons*** dat ook die NG Kerk skepping van God Drie-enig is en as gawe aan Suider-Afrika geskenk is.

***Droom ons*** om in afhanklikheid van God en in die kreatiewe krag van die Heilige Gees gemeentes te bou wat elkeen in eie konteks die Koninkryk van God soek, deur
* 'n baken van hoop;
* 'n simbool van versoening; en
* 'n voorbeeld van Christelike lewenstyl en waardes te wees.

***Onderneem ons*** om
* ons hoop op niks en niemand anders nie as op God Drie-enig te fokus;
* met geloof ons krisistye as groeitye te vertolk;
* met entoesiasme en kreatiwiteit te bly reformeer;
* met erns en doelgerigtheid die gegewe eenheid in die liggaam van die Here Jesus Christus na te jaag;
* ons vir Bybelse waardes te beywer en onvermoeid deel te neem aan die worsteling vir Bybelse geregtigheid vir alle mense;
* vanuit ons noue verbintenis aan mekaar ons gesonde diversiteit te vier;
* mekaar steeds te herinner dat die gemeentes, ringe en die sinode nie ter wille van hulself bestaan nie maar om te dien;
* die staat te ondersteun in pogings om Suider-Afrika 'n samelewing van hoë morele waardes te maak;
* ons in alles te laat leer en lei deur die Heilige Gees;
* ons kerkwees só te bestuur dat ons visionêre en missionêre wese op 'n relevante wyse uitdrukking kan vind.

***BID ONS:*** Kom, Skepper-Gees! Veni Creator Spiritus"

## Ons bevestig dit weer in 2003!

Ons het by hierdie sinode egter ook onder andere opnuut onder die indruk gekom van die groot vrae van ons tyd:
* HIV/Vigs
* Armoede
* Gesinsverbrokkeling
* Morele verval
* Misdaad en geweld
* Droogte en landbouomstandighede
* Geslagsdiskriminasie
* Jesus-debat

As Sinode wil ons in hierdie twee jaar indringend hieraan aandag gee.

Om dit te doen wil ons as Sinode *met groot dankbaarheid teenoor die Here*
* Godgefokus
* Skrif- en belydenisgedrewe
* Diens- en verhoudingsgedrewe
* Met 'n erkenning van diversiteit
* Onder leiding van bemagtigde leiers

gemeentes ondersteun om in 2003 tot 2005 *hoop te bring en 'n verskil te maak:*
* deur mekaar te versorg
* mense wat seergekry het te help en
* na mense wat buite die kerk is uit te reik.

Dit alles in die naam van die lewende Here Jesus Christus!

# VOORWOORD


*"Nunya, adidoe, asi metunee o"* is 'n Akanese spreekwoord uit Ghana. Direk vertaal is dit "wysheid is soos 'n kremetartboom: een mens alleen kan dit nie omsingel nie." Die spreekwoord sê dus dat geen individu ooit mag sê dat sy of hy al die wysheid besit nie.

Wysheid en waarheid word kollektief gesoek. Een mens alleen kan nie die kremetartboom omarm nie. Daarom het die taakspan die sinodesitting hierdie jaar so beplan dat ons prosesse ontwerp het waar sinodegangers met mekaar kan praat. Ons beplan prosesse om uitgetrapte voorstelle voor die vergadering te bring wat dan gedebatteer kan word. Die taakspan sien sy rol om die hele tyd oor die *proses* raad te gee sodat die sinode sinvolle besluite kan neem.

Baie dankie aan almal wat gehelp het met die voorbereiding van die sinode:
* die opstellers van die verslae, Groep 7 Drukkers, Gerrit Cloete en Hermien Swart wat 'n reuse werk in die kantoor verrig het;
* die taakspan wat die sinode help beplan het. Dit is lekker om saam met sulke kreatiewe mense te werk!
* Roshen de Villiers wat as fasiliteerder vir die hele proses opgetree het en
* die DKB wat ons met die prosesse vertrou het.

Ons as taakspan hoop dat ons hierdie jaar die ruimte kan skep waar ons as sinode werklik hoop kan gee en versoening kan bring. Die gevaar bestaan dat ons so in onsself kan opgaan dat ons vergeet van ons konteks. Die kerk het nie 'n mooi geskiedenis van betrokke te wees in die gemeenskap nie: tydens die Russiese revolusie wonder die kerk hoeveel engeltjies op die punt van 'n naald kan dans en tydens die "Soweto riots" het ons kerk oor hoede op vrouens se koppe gestoei. Ander kere egter – soos in 1933 tydens die groot depressie - kon die kerk dit regkry om werlik 'n baken van hoop te word. Soos met die groot depressie is ons land weer in 'n geestelike depressie van uitsigloosheid op die toekoms. Mense vlug vandag weg in materialisme, fundamentalisme en selfs neo-rassisme.

Ons wens en bid dat hierdie sinode in die geskiedenis bekend sal staan as 'n byeenkoms waar ons weer nuwe perspektiewe kan kry om mense en groepe met mekaar te versoen en om 'n baken van hoop te wees.



**DR ROELF OPPERMAN** (Taakspanleier)

# INHOUDSOPGAWE


Dagprogram ........ 1-2

**A. VERSLAE**

A.1 Diensgroep vir Koördinering en Bestuur (**DKB**)........ 3-4
Bylae 1: Skema van Werksaamhede........ 5-7

A.2 Sinodale Diensraad (**SDR**)........ 8-17
Bylae 1: Gereformeerde Verset ........ 18-27
Bylae 2: Misdaad en Geweld........ 28-31
Bylae 3: Verslag van die Kuratorium........ 32-34

A.3 Sinodale Diensraad vir Ondersteuningsdienste (**SDO**) ........ 35-36

A.4 Sinodale Taakgroep Regte (**STR**) ........ 37-39

A.5 Sinodale Diensraad vir Gemeenteontwikkeling (**SDGO**) ........ 40-42
Bylae 1: Scenariobeplanning........ 43-47

A.6 Sinodale Diensraad Gemeenskapsbetrokkenheid (**SDGB**)........ 48-60

A.7 Sinodale Diensraad Getuienis (**SDG**)........ 61-68

**B. BESKRYWINGSPUNTE**........ 69-76

**C. LAATSTUKKE EN AANVULLENDE VERSLAE**

**D. NOTULE**

**E. BYKOMENDE STUKKE**

E.1 In Memoria (in lêer by registrasie)

E.2 Lys van afgevaardigdes (in lêer by registrasie)




# DAGPROGRAM

## DINSDAG 2 SEPTEMBER

Vanaf 08:00
- Registrasie en aankoms van afgevaardigdes
- Uitstallings kan besigtig word
- Koffie/tee beskikbaar

10:00 Opening en konstituering
- Die leraar met die langste diens wat die oudste is gaan voor (Ds Johan van Loggerenberg, Noordoos-Pretoria)
- Opening en konstituering
- Verslag DKB – Skema van werksaamhede
- "Leierskap in tye van verandering" - inleier Wilhelm Crous

11:30 Bene rek
11:45 Oggendsessie
- Verslag SDR

12:45 Ete
13:45 Eerste middagsessie
- Verslag SDR (vervolg)
- Verslag DKB
- Verslag SDO
- Verslag Regte

15:30 Tee
16:00 Tweede middagsessie in wegbreeklokale
16:00 Wegbreeksessie 1
16:45 Wegbreeksessie 2 (Sluit af met dagwyding in wegbreeklokaal)
Temas vir wegbreeksessies:
- Karakter in 'n nuwe konteks (Gemeenteontwikkeling)
- Rykdom in armoede (Gemeenskapsbetrokkenheid)
- Sokkerwêreldbeker 2010 – wat 'n geleentheid! / Seisoen van inter- en multi-kulturele bediening het aangebreek! (Getuienis)
- Predikant – sorg jy? (Predikantebegeleiding)
- Kategese : ruimtes vir kinder en jongmense waarbinne geloof ontwikkel
- Vyf dinge wat elke gemeente oor die belhar belydenis moet weet
- Lofprysing en aanbidding
- Metafore sluit geheimenisse oop

18:00 Ete

## WOENSDAG 3 SEPTEMBER

06:30 Vooraf
- Koffie en beskuit in die kamer (sorg self)
- Uitstallers beskikbaar

07:30 Dagopening, wydingsgeleentheid en tafelbekendstelling
08:20 Eerste oggendsessie
- Aanbieding : Mnr Sello Moloto, premier Limpopo Provinsie
- Tafelbespreking
- Terugvoer

09:45 Bene rek
10:00 Tweede oggendsessie
- Verslag SDGO (Sinodale Diensraad Gemeenteontwikkeling)
- Tafelbespreking

11:00 Midbyt
12:00 Eerste middagsessie
- Onafgehandelde verslae
- Verslag SDGB (Sinodale Diensraad Gemeenskapsbetrokkenheid)

- Die kruis, die hand en die kremetart
- Verslag SDG (Sinodale Diensraad Getuienis)

15:00 Tee
15:30 Tweede middagsessie
- Ons maak al 'n verskil

18:00 Wydingsgeleentheid
18:30 Kampvuurstories en braai

## DONDERDAG 4 SEPTEMBER

07:00 Ontbyt
08:00 Wydingsgeleentheid
08:40 Oggendsessie 1
- Onafgehandelde sake
- Ringe in aksie (1)


10:40 Tee
11:10 Tweede oggendsessie
- Ringe in aksie (2)

12:20 Afsluiting
- Die nuwe moderator deel sy droom vir die sinode

12:30 Verdaging



# A.1 EERSTE VERSLAG VAN DIE DIENSGROEP VIR KOöRDINERING EN BESTUUR (DKB)



## 1. SAMESTELLING EN VERGADERINGS

1.1 Die Sinodale Diensgroep vir Koördinering en Bestuur (DKB) is, volgens Bepaling 35.2 saamgestel uit die moderator, assessor en aktuarius, die diensraadsvoorsitters, die sinode se predikant in sinodale diens wat ampshalwe as skriba optree en die saakgelastigde van die sinode.

1.2 Teen einde Mei 2008 het die DKB 25 keer vergader.

1.3 Die DKB se funksionering word in bep 35.2.3 bepaal. Hierdie verslag word volgens die bepaling se uiteensetting aangebied.

> 35.2.3 Die DKB hanteer
> 1 sake wat deur die sinode of Sinodale Diensraad aan hom opgedra is;
> 2. dag-tot-dag bestuursake;
> 3. die bepaling of wysiging van funksies en groepering van die diensrade en die aanwysing van taakgroepleiers;
> 4. die koördinering van die diensrade se aktiwiteite;
> 5. die benoeming van afgevaardigdes om by bepaalde geleenthede die groete / gelukwensing / meegevoel van die sinode oor te bring;
> 6. die opstel van 'n skema van werksaamhede vir die volgende sinode.

## 2. OPDRAGTE EN FOKUSAREAS

*1. In die uitvoering van sy funksie het die DKB hom deurlopend deur die Sinode se verklaring (soos aanvaar in 2003 en gewysig in 2005, opgeneem in Die Kerkorde en Bepalings van die Noordelike Sinode 2005), asook deur die sinode se fokusareas laat lei.

*2. Die opdragte van die Noordelike Sinode 2005 word onder die toepaslike punte gemeld.

> *Fokusareas*
> **1. Die fokusareas van sinodale werksaamhede (soos reeds in 2001 goedgekeur en in 2003 en 2005 bevestig) is 'n aktiewe uitreikbediening / 'n relevante deernisbediening / doelgerigte predikantebegeleiding / effektiewe ringe / die openbare beeld van die NG Kerk / gemeente-ontwikkeling / teologiese refleksie.*
> **2. By name wil ons hoop bring en 'n verskil maak by die sake wat in die Sinode se verklaring van 2003 genoem word, naamlik: MIV/vigs / armoede / gesinsverbrokkeling / morele verval / misdaad en geweld / droogte en landbou-omstandighede / geslagsdiskriminasie / die Jesus-debat.*

## 3. FUNKSIONERING VAN DIE DKB

*1. Die DKB het as deel van die herstrukturering tydens die Sinode van 2005 tot stand gekom. Alhoewel die basiese funksies in bep 35.2.3 omskryf is, het dit die DKB 'n tyd geneem om sy voete en vind en seker te maak dat hy met die regte dinge besig is, dat hy die regte dinge doen en die regte dinge reg doen. 'n "Bosberaad" wat op 13-14 Oktober 2005 by die Good Shepherd Retreat Sentrum gehou is het baie gehelp om die verwagtings en moontlikhede te fokus.

*2. Die DKB het met verloop van tyd duidelikheid oor sy funksionering gekry. Bestuursake kon effektief afgehandel word en die nodige koördinering kon gedoen word. Samevattend kan gerapporteer word dat die instelling van hierdie diensgroep 'n suksesvolle stukkie herstrukturering was.

*3. By die opstel van hierdie verslag was dit opvallend dat die algemene bedryfsake waaraan die DKB aandag moes gee so afgehandel kon word dat daar letterlik net gemeld kan word dat die sake wat aandag gevra het, afgehandel is soos dit op die DKB se tafel gekom het. Die gesonde wisselwerking tussen die DKB, die diensrade en die SDR het ook meegehelp om die sinode se werksaamhede baie glad te laat verloop.

*4. Baie van die sake waaraan die DKB aandag gegee het, word in die diensrade se verslae gereflekteer. Die DKB het immers in sy koördineringsfunksie probeer toesien dat sake hanteer word waar dit hoort. Terselfdertyd is daarin geslaag om diensrade se werksaamhede so te koördineer dat hulle nie elkeen in sy eie vakuum gewerk het nie. Die "Maak 'n Verskil"-byeenkomste (Junie/Julie 2006) en die inligtingsgeleenthede rakende Kerkhereniging (September 2007) is goeie voorbeelde.

## 4. SCENARIO-ONTLEDING EN BEPLANNING

Die DKB het moeite gedoen om die scenarios waarbinne die sinode en gemeentes in die Noordelike Sinode funksioneer te ontleed ten einde behoorlike posisionering te doen. Hierdie ondersoek en besinning is in noue oorleg met die Sinodale Diensrade gedoen. Die SDGO doen hieroor verslag.

# 5. AGENDA VAN DIE SINODE

## 5.1 REËLINGS

*1. In die voorbereidings vir die sinodevergadering het die DKB erns gemaak met die kernwaardes en uitgangspunte soos reeds in 2003 bepaal (vgl Agenda 2003 bl 19). Ter uitvoering hiervan het die DKB geoordeel dat daar in die agenda van die sinode hoofsaaklik drie kernelemente moet wees, naamlik verantwoordebare besluitneming, gesonde verhoudingsbou en kreatiewe visionering.

*2. Die DKB het 'n taakspan met dr Roelf Opperman as leier aangewys om al die sake rondom die sinode te reël. Die taakspan het deurlopend in noue oorleg met die DKB en die diensrade gewerk.

*3. In die kennisgewings is kerkrade versoek om ook dames en jonger persone as afgevaardigdes te oorweeg.

*4. Twee beskrywingspunte, vanaf die Ringe van Waterberg en Pretoria-Noord en is agterin hierdie agendaboek opgeneem. Die beskrywingspunte is volgens Bep 32.4.2 deur die moderatuur hanteer. Die beskrywingspunt vanaf die Ring van Waterberg kry aandag in die verslag van die SDO en die beskrywingspunt van die Ring van Pretoria-Noord sal op die derde sittingsdag as deel van die verrigtinge insake ringsfunksionering aandag kry.

*5. Die verslag: Skema van Werksaamhede word as **Bylae 1** aangeheg.



**JF PIENAAR** (Voorsitter)



**GJ CIOETE** (Skriba)



# BYLAE 1
[Vgl DKB-verslag pt 5.1]

## SKEMA VAN WERKSAAMHEDE 2008



### 1. ALGEMEEN
**1.1** Volgens bepaling 35.2.3.6 is die Diensgroep vir Koördinering en Bestuur (DKB) vir die opstel van 'n skema van werksaamhede vir die volgende sinode verantwoordelik.
**1.2** Die DKB het dr Roelf Opperman versoek om die leiding te neem van 'n taakspan wat die voorbereidings vir die sinode moet tref. Na aanleiding van die besluite oor die sinode se strategiese funksionering, het die DKB gevra dat die taakspan moet toesien dat daar drie kernelemente in die sinode se agenda opgeneem word, naamlik sinvolle verslaggewing en besluitneming; gesonde verhoudingsbou en derdens kreatiewe visionering.
**1.3** Op aanbeveling van die Taakspan: Sinode 2008 het die DKB met me Roschen de Villiers gereël om as fasiliteerder vir die sinode op te tree.

### 2. DATUM EN PLEK
**2.1** Die SDR het die datum en plek bepaal as Dinsdag 2 tot Donderdag 4 September 2008 te Weesgerus, Modimolle (bep 32.1.1).
**2.2** Kennisgewing aan kerkrade het per e-pos en via die Verskil (weeklikse nuusbrief van die Sinode) geskied.
**2.3** Kennisgewing in *Kerkbode* is betyds gedoen (Bep 32.1.4).

### 3. VERVOER EN VERBLYF
**3.1 VERVOER**
1. Reiskoste word per motor uitbetaal waar 2-4 persone saamry; 5-8 persone = 2 motors. Waar slegs 1 persoon per gemeente kom, moet reëlings met 'n nabygeleë gemeente getref word om saam te ry.
2. 'n Dringende beroep word op die afgevaardigdes gedoen om te help met die kostebesparing van die vervoer.

**3.2 VERBLYF**
1. Almal moet verkieslik op die terrein tuisgaan.
2. Persone moet bereid wees om chalets (kamers) te deel: 5 in 6-bed chalet en 4 in 4-bed chalet. Die benutting van karavane word aangemoedig.
3. Indien privaatverblyf verkies word, kan afgevaardigde by 'n gastehuis in Modimolle tuisgaan op koste van hulle kerkraad of eie koste. (Moet self reël).
4. Persone wat bespreek en dan nie opdaag nie, se verblyfkoste sal van hulle kerkraad verhaal word.
5. Navraag oor die slaapgeriewe kan tydens die sinode by ds Jacques Steenkamp (Warmbad) gedoen word.

**3.3 ETES**
1. Etes en verversings word voorsien op koste van elke kerkraad vir die afgevaardigdes (R375,00 per persoon).
2. Afgevaardigdes moet sorg vir hulle eie koffie en beskuit op die Woensdagoggend.
3. Afgevaardigdes wat 'n spesiale dieet moet volg, moet asseblief betyds met die sinodale kerkkantoor reël of self voorsiening maak.
4. Die dra van die naamkaartjies tydens etes is noodsaaklik.
5. Besoekers moet etes by die inligtingstoonbank bespreek.

### 4. AFVAARDIGING
**4.1** Geloofsbriewe is van al die kerkrade ontvang. Die volledige lys van afgevaardigdes word in die lêer tydens registrasie voorsien en sal DV in die Handelinge opgeneem word.
**4.2** Daar word voorsiening gemaak vir ongeveer 380 afgevaardigdes.
**4.3** Die Teologiese Fakulteit Pretoria is uitgenooi om 'n waarnemer in adviserende hoedanigheid te stuur (op koste van die sinode) (KO Art 33.2).
**4.4** In die kennisgewings is kerkrade versoek om in hulle afvaardigings ook dames en jonger persone te oorweeg.
**4.5** Deritg teologiese studente van die Teologiese Fakulteit UP is as waarnemers genooi.

### 5. AANKOMS EN REGISTRASIE

**5.1** Afgevaardigdes word dringend versoek om betyds op Dinsdagoggend 2 September te arriveer. Persone wat reeds die Maandagaand op die terrein wil slaap, moet met die sinodale kantoor skakel. (LW: verblyf is op eie koste).
**5.2** Registrasie duur vanaf 08:00 tot 09:45 onder die afdak langs die swembad. Ringskribas word versoek om betyds te arriveer en te help met die registrasie. Die ringskribas hanteer die wysigings en/of toevoegings tot die presensielys en besorg die besonderhede van die registrasie om 09:45 aan dr Gerrit Cloete, saam met gewysigde geloofsbriewe waar nodig.
**5.3** Dit is belangrik dat naamkaartjies deurlopend gedra moet word.
**5.4** Elke afgevaardigde ontvang 'n voorlopige presensielys met kamerindeling asook 'n terreinplan. Ander belangrike dokumente soos laatstukke, stembriewe asook 'n aantal uitdeelstukke van instansies wat toestemming daarvoor gevra het, word ter vergadering voorsien.

## 6. SKEMA VAN WERKSAAMHEDE

Sien dagprogram voor in die Agendaboek.

## 7. REËLINGS VIR SITTING

### 7.1 OPENING EN KONSTITUERING

1. Die afgevaardigde leraar wat ten tye van die sinode die langste diens het en die oudste in jare is, neem die opening en konstituering waar met 'n agenda van die DKB (vgl Bep 32.2.8). Vir hierdie sinode is dit ds Johan van Loggerenberg (Noordoos-Pretoria).
2. Die amptelike presensielys word voorgedra deur dr Gerrit Cloete.
3. Tweederdes van die getal waaruit die sinode moet bestaan, moet by konstituering teenwoordig wees (Bep 32.2.5).

### 7.2 AGENDA EN HANDELINGE

1. Die sinode plaas geen embargo op sy verslae nie (Sinode 1999:216:2.2.2.2).
2. Laatstukke word aan die Taakspan Regte voorgelê vir advies aan die sinode (Bep 32.4.5).
3. 'n CD met die Handelinge sal so gou moontlik na die vergadering aan elke afgevaardigde voorsien word. Een skriftelike eksemplaar van die Handelinge sal aan elke gemeente voorsien word asook aan afgevaardigdes wat dit by die sinodale kerkkantoor bestel. Die gedrukte skriftelike eksemplaar word as die amptelike en korrekte verwysingsbron beskou.
4. Elke gemeente staan in vir die koste van die Agenda en Handelinge van sy afgevaardigdes.

### 7.3 LOS VOORSTELLE, MOSIES EN OPDRAGTE AAN DIENSRADE

1. Die reëling in die Noordelike Sinode is dat voorstelle oor opdragte aan diensrade deur die betrokke diensraad self ter vergadering evalueer moet word. Finansiële implikasies moet ook in berekening gebring word. Die betrokke diensraad bedien dan die sinode oor watter opdragte voorrang verdien en watter goedskiks gelaat kan word (Sinode 1997: besluit 21).
2. Los voorstelle moet vooraf aan die Moderatuur voorgelê word.

### 7.4 SPREEKBEURTE

1. Spreekbeurte word nie toegestaan aan persone wat nie lid van die sinode is nie. Hoogs uitsonderlike aansoeke word deur die moderator hanteer.
2. 'n Spreekbeurt duur verkieslik 3 minute (5 minute vir die inleier).

### 7.5 NAGMAAL

Geen nagmaal sal tydens hierdie sinodesitting saam met die plaaslike gemeente gehou word nie.

### 7.6 PERS/MEDIA

Verteenwoordigers van Kerkbode, *Beeld* en die plaaslike koerant in Modimolle is uitgenooi om die vergadering by te woon.

## 8. FUNKSIONARISSE

**8.1 TAAKSPANLEIER:** Dr Roelf Opperman (Kameeldrif)
**8.2 FASILITEERDER:** Me Roschen de Villiers
**8.3 STEUNSPAN:** Studente van die Teologoiese Fakulteit UP (leier Fouche de Wet)
**8.4 NOTULELEIER:** Ds Daniël de Vos (Sesmylspruit)
**8.5 VERLOF:** Ds Heinrich Carstens (Overkruin)
**8.6 SKAKELING** (onder andere met die pers): Die moderatuur
**8.7 AANKONDIGINGS:** Dr Roelf Opperman (Kameeldrif)
**8.8 WYDINGSGELEENTHEDE:** Ds Attie Nel (Rustenburg-Bergsig)

## 9. ALGEMENE REËLINGS

### 9.1 SELFONE

Selfone moet asseblief deurentyd in die saal afgeskakel bly.

### 9.2 INLIGTINGSTOONBANK

Is in die voorportaal beskikbaar.

**9.3 UITSTALLINGS**
Verskillende uitstallings kan in die Nyl- en Waterberglokale besigtig word.

**9.4 VERKOPE/UITDEEL VAN STUKKE**
Geen artikels mag op enige plek verhandel en geen ander stukke mag uitgedeel word sonder die toe-stemming van die Moderatuur nie.

**9.5 BAND- EN VIDEO-OPNAMES**
Geen opname mag van enige deel van die sitting gemaak word sonder dat daar vooraf toestemming by die Moderatuur verkry is nie.

**9.6 MEDIESE DIENSTE**
Die inligtingstoonbank dien as kontakpunt hiervoor.

**9.7 KLEREDRAG**
* Gemaklik en netjies.

**9.8 BRING SAAM:**
* Digitale kameras
* Swemklere en (swem)handdoek.
* Vir die kampvuur (Woensdagaand) eie drinkgoed en kampstoele.

## 11. AANBEVELING : REËLINGS SINODE


**Die sinode keur die reëlings vir die Negentiende Vergadering van die Noordelike Sinode soos deur die Diensraad vir Koördinering en Bestuur getref, goed.**

**DR JOHAN PIENAAR** (Voorsitter DKB)
**DR GERRIT CLOETE** (Skriba DKB)



# A.2 VERSLAG VAN DIE SINODALE DIENSRAAD (SDR)

## 1. SAMESTELLING EN VERGADERINGS



**1.1** Die Sinodale Diensraad (SDR) is, volgens Bepaling 35.1.1-5 saamgestel uit die moderator, assessor en aktuarius; die diensraadvoorsitters; een predikant en een ouderling/diaken (met sekundi) uit elke ring, aangewys deur die onderskeie ringe; die sinode se predikant in sinodale diens wat ampshalwe as skriba optree en die saakgelastigde van die sinode. In uitvoering van bep. 35.1.1.6 is die volgende persone bygevoeg: dr HL Carelsen, di M Nel*, WP Olivier en L Schoeman*.
**1.2** Die moderatuur, bygestaan deur die PSD en saakgelastigde het as dagbestuur van die SDR opgetree – hoofsaaklik met die funksie om aksies en prosesse van die SDR te koördineer.
**1.3** Die SDR het 10 keer vergader.
**1.4** Die SDR se funksionering word in bep 35.1.3 bepaal. Hierdie verslag word volgens die bepaling se uiteensetting aangebied.

## 2. OPDRAGTE EN FOKUSAREAS

*[35.1.3 Die SDR behartig 1. alles wat deur die sinode aan hom opgedra word met die fokus op visionering, ekumene, predikantebegeleiding en teologiese refleksie.]*
*1. In die uitvoering van sy funksie het die SDR hom deurlopend deur die Sinode se verklaring (soos aanvaar in 2003 en gewysig in 2005, opgeneem in Die Kerkorde en Bepalings van die Noordelike Sinode 2005), asook deur die sinode se fokusareas en kernwaardes laat lei. (Vgl die blokkie hieronder.) In die praktyk is die meeste aandag en energie aan sake wat as teologiese refleksie beskou kan word, gewy.
*2. Die opdragte van die Noordelike Sinode 2005 word onder die toepaslike punte gemeld.

***Fokusareas en kernwaardes***
*Fokusareas*
**1. Die fokusareas van sinodale werksaamhede (soos reeds in 2001 goedgekeur en in 2003 en 2005 bevestig) is 'n aktiewe uitreikbediening / 'n relevante deernisbediening / doelgerigte predikantebegeleiding / effektiewe ringe / die openbare beeld van die NG Kerk / gemeente-ontwikkeling / teologiese refleksie.*
**2. By name wil ons hoop bring en 'n verskil maak by die sake wat in die Sinode se verklaring van 2003 genoem word, naamlik: MIV/vigs / armoede / gesinsverbrokkeling / morele verval / misdaad en geweld / droogte en landbou-omstandighede / geslagsdiskriminasie / die Jesus-debat*

*Kernwaardes*
*Die Sinode (2005) het ook die volgende kernwaardes bepaal:*
** Godgefokus: Die verhouding met God Drie-enig rig ons verhoudings met mekaar en met die wêreld.*
** Skrif- en belydenisgedrewe: Enige besluitneming moet gegrond wees op die Skrif en die belydenis van die NG Kerk. Hierdie saamsoek na die wil van God vind in kerkverband plaas.*
** Diens- en verhoudingsgedrewe: Ons verhouding met mekaar, die breë kerkgemeenskap en die wêreld word voortdurend deur diens opgebou en bevorder. Ons verstaan hiervan maak die uitbou van vennootskappe dringend noodsaaklik.*
** Erkenning van verskeidenheid: Ons het 'n sensitiwiteit vir die veranderende omstandighede waarin gemeentes en lidmate van die NG Kerk lewe en funksioneer. Die verskeidenheid tussen gemeentes, geslagte, generasies, kulture en persoonlikhede word erken. Op hierdie wyse word met liefde ruimte geskep vir opbouende verhoudings.*
** Benutting van Godgegewe gawes in mense: Die werksaamhede van die sinode gee erkenning aan die gawes van leiers en lidmate. Dit beteken dat leiers ruimte gegee word om kreatief leiding te neem en lidmate om hulle gawes met vreugde uit te leef.*

### 2.1 VISIONERING

*1. Die SDR-samestelling is by die Sinode van 2005 gewysig sodat elke ring in die SDR verteenwoordig is. By dieselfde sinode is die DKB ingestel wat aan die dag-tot-dag bedryfsake van die sinode aandag kon gee. Hierdie twee aanpassings van die 2005-sinode het in die praktyk positiewe gevolge gehad. Een van die gevolge was dat die SDR-sakelys nooit met bedryfsake belas is nie en dat op teologiese refleksie en beoordeling van aktuele sake gefokus kon word. Ringe kon ook deurlopend, via hulle ringsverteenwoordigers, van ontwikkelings en tendense op hoogte gehou word.
*2. 'n Verdere winspunt van die nuwe samestelling was dat elke ring, via die ringsverteenwoordigers, kon help bepaal wat die fokus van die sinode moet wees. Daar is veral tydens die eerste paar vergaderings in 2005 en 2006 indringend besin oor die rol van die sinode, van die SDR, van die diensrade en van die DKB. Die vraag was steeds waarheen die NG Kerk in die Noordelike Sinode op pad is en op pad moet

wees en hoe die gemeentes en kerkverband op die mees sinvolle en effektiewe manier ons Here se koninkryk kan dien.
*3. In die besinning is telkens beklemtoon dat die sinode slegs suksesvol kan wees wanneer gemeentes suksesvol is en dat gemeentes slegs suksesvol is wanneer elke lidmaat "sout vir die aarde en lig vir die wêreld is". Anders gestel: In die besinning het die missionêre fokus sentraal gestaan met die ideaal dat die sinode sy deel kan bydra om gemeentes te inspireer en stimuleer om hulle lidmate in staat te stel om in die wêreld 'n verskil te maak.
*4. Die DKB het gehelp met navorsing en tendensontleding. Die vrug van die DKB se besinning (wat grootliks op gemeente-ontwikkeling fokus) word in die verslag van die SDGO opgeneem.
*5. In die besinning oor die prakiese uitvoering van die ideal dat elke lidmaat in staat moet wees om hoop te bring en 'n verskil te maak, is 'n groot behoefte aan leierskap in die kerk telkens aangetoon. Die SDR (met die DKB as funksionaris) het begin met besinning oor die beste manier om leierskap in die kerk uit te bou. 'n Eerste aksie was 'n suksesvolle byeenkoms waarby verteenwoordigers uit elke ring op 30-31 Januarie 2008 by die Good Shepherd Retreat Sentrum bymekaargekom het.

## 2.2 EKUMENE

### 2.2.1 Ekumene algemeen

*1. Die voorsitter van die SDR was vir die "portefeulje" vir ekumene verantwoordelik. Vanuit hierdie opdrag het hy verskeie byeenkomste op interkerklike en intergodsdienstige vlak bygewoon. Van die belangrike was as verteenwoordiger op die Religious Forum van Pretoria waaruit verskillende gesprekke met die uitvoerende Burgermeester en amptenary gevolg het en namens die NG Kerk op die TKR (gesprek met leierskap van Hervormdes en Gereformeerdes) en die SARK. Hy het ook heel dikwels van ons leraars gebruik gemaak om verskillende inisiatiewe by te woon. Met die skryf van die verslag is 'n eerste byeenkoms van al die leiers van kerkgenootskappe in die groter Pretoria in beplanning en die hoop is dat hierdie byeenkoms 'n groot rol kan speel in die morele opbou van die stad.
*2. Die Limpopo Ringe Forum het aktief met ekumeniese aktiwiteite in Limpopo saamgewerk. Ds Chris Harris (Potgietersrus-Suid) is onlangs tot voorsitter van die SA Raad van Kerke se Limpopostreek verkies.
*3. Die algemene indruk uit al die kontak was dat die NG Kerk die potensiaal het om 'n groot rol te speel. Daar is 'n groot openheid by die ander kerke vir die NG Kerk en 'n dringendheid dat ons saam met hulle betrokke moet wees by die opbou en heling van die land.

### 2.2.2 Kerkhereniging

*In die verslag word gekonsentreer op drie sake naamlik die konsultasieproses (2.2.2.1), ander inisiatiewe (2.2.2.2) en aanbevelings vir die pad vorentoe (2.2.2.3).*

#### 2.2.2.1 Die konsultasieproses

#### 2.2.2.1.1 Proses

*1. Tydens die vorige Algemene Sinode (Hartenbos 2004) het die sinode 'n aantal besluite oor die proses van kerkhereniging geneem en dit duidelik gestel dat dit die status van aanbevelings het wat in 'n konsultasieproses na sinodes, kerkrade en gemeentes vir kommentaar en verdere aanbevelings deurgegee word (Handelinge bl 340 pt 1.13.1-2). Die AS het verder besluit dat die konsultasieproses met kerkrade en gemeentes die verantwoordelikheid van elke sinode/moderamen is om die proses in sy gebied te hanteer.
*2. Die Moderamen van die Sinode van Noord-Transvaal het moeite gedoen om die inligting oor die besluite en die voorgestelde proses na kerkrade en ringe vir aandag en kommentaar deur te gee. Voor die vergadering van die Noordelike Sinode van 2005 is elkeen van die ringe deur dr Johan Pienaar plus 'n bykomende lid van die moderatuur besoek met die doel om die besluite te kommunikeer en terugvoer te ontvang.
*3. Tydens die volgende Algemene Sinode (Boksburg 2007) is gerapporteer dat *"die proses tussen die vier kerke sodanig gevorder het dat daar iets konkreet op die tafel is"* en gevolglik *"versoek die Algemene Sinode sinodes om die Achterbergh II-dokumente saam met die besluite van die Algemene Sinode 2004, aan gemeentes deur te gee vir bespreking en kommentaar."*
*4. Die volgende aanhaling uit die notule van die Sinodale Diensraad van 12 Oktober 2007 vertel hoe die proses in die Noordelike Sinode hanteer is:
*1) Die Algemene Sinode het in Junie 2007 besluit dat inligting oor die poses van kerkhereniging na kerkrade en lidmate vir kommentaar deurgegee moet word en het inligtingstukke daarvoor beskikbaar gestel.*
*2) Die moderatuur het geoordeel dat die inligtingstukke in 'n brosjure saamgevat moet word en so wyd as moontlik versprei moet word. R50 000 vir die druk van die brosjures beskikbaar gestel wat dit moontlik gemaak het om 45 000 te laat druk (genoeg vir ongeveer 70% van alle besoekpunte).*
*3) Die moderatuur het verder geoordeel dat die brosjure se inligting en die proses van terugrapport vanaf gemeentes, tydens 4 streekbyeenkomste bekendgestel sal word.*

*4) Vier inligtingsbyeenkomste is gehou: (10 September: oggend Pietersburg; aand Raslouw; 11 September: oggend Rustenburg; aand Eloffsdal.) Die bywoning was goed en die bespreking lewendig. Daar was veral vrae oor die "of" van kerkhereniging en die posisie van die Belydenis van Belhar.*
*5) 'n Brief is vanaf die Ring van Louis Trichardt ontvang waarin sekere besware oor die konsultasieproses gemeld word. (In die Ring se besware word twyfel oor die regsgeldigheid van die proses uitgespreek.) Die moderatuur besluit om bloot ontvangs te erken en aan die ring kennis gee dat dit as deel van die terugvoer in die konsultasieproses hanteer sal word.*
*6) Die moderatuur oordeel dat die terugvoer verwerk moet word deur 'n taakspan bestaande uit Johan van Loggerenberg (voorsitter), die diensraadvoorsitters, Gerrit Cloete, Derick Saaiman, Petrus Kriel, Theuns Kriek en André Lourens. Admin hulp kan ingekoop word indien nodig.*
*5. Kerkrade is versoek om die vraelys wat saam met die inligtingsbrosjure beskikbaar gestel is te gebruik as basis vir die respons, maar die geleentheid is ook gegee om bykomende kommentaar te lewer. Verder is 'n oop uitnodiging gerig aan enige lidmaat wat spesifieke kommentaar wil lewer om dit skriftelik na die sinodale kantoor te stuur.
*6. Die aantal inligtingsbrosjures wat beskikbaar gestel is, was genoeg sodat ongeveer 70% van die besoekpunte elk 'n kopie kon kry. Gemeentes wat die stuk aan al die besoekpunte wou uitdeel kon bykomende kopieë by die sinodale kantoor aanvra. In sommige gevalle het gemeentes self bykomende kopieë gemaak. Daar was vrese geopper dat die 70% sommige lidmate die geleentheid sou ontneem om deel te neem aan die gesprek. Aan die einde van die proses het daar baie brosjures oorgebly.
*7. Lede van die DKB (Diensgroep vir Koördinering en Bestuur) het op uitnodiging verskeie gemeentes vir inligtingsbyeenkomste besoek.

**2.2.2.1.2 Die reaksie**

*1) Hantering van die terugvoervorm*



*1. Skriftelike terugvoer is van 86 uit 124 gemeentes (die 124 sluit 16 gemeentes in die buiteland in) ontvang. Die Ring van Louis Trichardt het amptelik besluit om nie deel te neem aan die konsultasieproses nie. Die gemeentes wat gereageer het, het die terugvoervorm oor die algemeen bloot as 'n riglyne gebruik. Daar is selde probeer om op elke vraag te antwoord. Geen gemeente het sistematies op die Achterbergh II voorstelle gereageer nie, alhoewel dit duidelik is dat die voorstelle deeglik gelees en beoordeel is. Die response is ook nie eenvormig genoeg ingevul dat 'n volledige statistiese samevatting gemaak kan word nie. Sommige kerkrade het bloot 'n besluit geneem en dit deurgegee; ander weer het 'n weergawe gegee van standpunte wat tydens gemeentegesprekke gehuldig is.

*2) Die respons op vraelys*

Nadat die taakspan die terugvoer vanaf gemeentes deurgewerk het, het hy geoordeel dat die volgende sake beduidende aksente in die rapport was.
*1. Die terugvoer toon duidelik dat daar by 'n beduidende groep lidmate weerstand teen die huidige proses is. Daar is wantroue oor die motiewe wat tot die proses van kerkhereniging gelei het en daar is 'n gevoel dat die kerkleiding besluite neem sonder om die lidmate se menings ernstig op te neem.
*2. Belhar is 'n struikelblok. Solank die aanvaarding van Belhar as vierde belydenisskrif 'n voorwaarde vir kerkhereniging is – nou of later - sal die proses deur baie nie aanvaar word nie.
*3. Die eie kultuur en Afrikaans se posisie is vir baie 'n netelige saak. Solank die moontlikheid bestaan dat Afrikaans op die agtergrond geskuif kan word, sal daar weerstand wees.
*4. 'n Beduidende aantal lidmate – en selfs 'n aantal kerkrade volgens formele besluite – noem dat hulle hulleself buite die verband van 'n herenigde kerk sal stel indien 'n proses en model waarmee hulle nie gemaklik is nie op hulle afgedwing sou word.
*5. Die huidige proses van kerkhereniging hou 'n besliste potensiaal vir kerkskeuring in.
*6. Nogtans is dit duidelik dat daar 'n openheid teenoor gelowiges en kerkgemeenskappe van alle taal- en kultuurgroepe is. Daar is 'n openheid en selfs gretigheid ten opsigte van samewerking, maar daar is 'n weerstand teen samesmelting – veral 'n samesmelting wat as kunsmatig en afgedwing beleef word.
*7. Die skrifgefundeerde redes wat tot dusver vir kerkhereniging aangegee is, oortuig baie lidmate nie. By name word verwysings na Ef 4:4 en Joh 17 nie aanvaar as 'n direkte opdrag tot strukturele kerkhereniging nie.
*8. Indien daar nie wesenlike aanpassings aan die huidige proses gemaak word nie, sal die wantroue voortduur en sal die proses ernstig skade lei.

*3) Bevindinge*

Na aanleiding van bogenoemde was die taakspan se bevindinge die volgende:
*1. Die realiteit van die huidige gebroke grondvlak-verhoudinge tussen lidmate van die vier kerke sal verreken moet word. In die proses moet daarop gefokus word om die verhoudinge so te verbeter dat eenheid organies sal ontwikkel. Huidiglik beleef baie lidmate hulle eksistensie so negatief dat die "of" en die

"hoe" van kerkeenheid in gedrang gebring word. Baie lidmate het 'n sosiologiese bril op wanneer hulle na die proses kyk eerder as 'n teologiese een;
*2. Die klem moet in die eerste plek nie op die vind en beskryf van 'n model van strukturele eenheid val nie, maar op 'n proses van sinvolle verhoudingsbou.
*3. In die proses moet aanvaar word dat alhoewel spesifieke Skrifgedeeltes soos Joh 17 en Efesiërs 4 'n duidelike en onbetwisbare eis tot eenheid stel daar nie 'n spesifieke strukturele model uit die dele af te lees is nie. Daarteenoor moet wel aanvaar word dat algemeen Bybelse riglyne enige gesprek oor eenheid moet bepaal.
*4. Die proses moet as 'n proses van verandering gesien word. Elke kerk, en ook die lidmate binne die kerke, sal moet verstaan dat 'n proses van eenwording noodwendig beteken dat elkeen sy eie gemaksone sal moet heroorweeg en dat aanpassings gemaak sal moet word.
*5. Die proses moet as 'n proses van verandering bestuur word. Hiervoor moet die hulp van kundiges uit die velde van bestuur en sosiologie betrek word.
*6. Die moontlikheid van 'n relatief oop eindpunt moet ook aanvaar word. Om bloot strukturele eenheid as eindpunt te stel, dien nie die proses nie.
*7. In alle fases van die proses is duidelike en interaktiewe kommunikasie met kerkrade en lidmate uiters belangrik.
*8. Uiteindelik is die belangrikste vraag wat gedoen kan word om kerke en lidmate daar te bring dat hulle besef dat hulle mekaar nodig het om in hierdie land "hoop te bring" en 'n "verskil te maak".

*4) Verslag na die ASM*
Die volgende is deur die SDR goegekeur en deurgestuur aan die ASM. Die SDR:
*1. onderskryf die standpunt wat reeds duidelik in besluite van die Noordelike Sinode gestel is, naamlik 'n besliste verbintenis tot 'n proses van kerkhereniging en verklaar onomwonde dat onderstaande aanbevelings, as refleksie op die terugvoer, nie verstaan mag word as 'n poging om kerkhereniging op die lange baan te skuif nie;
*2. wys die ASM daarop dat die proses soos dit tot nou toe verloop het, by baie lidmate onsekerheid en selfs wantroue wek. Hier word spesifiek verwys na
*2.1 verwarrende uitsprake deur sommige kerklui;
*2.2 die lompheid van die inligtingsbrosjure;
*2.3 die voortgaande aandrang van die VGK op die insluit van Belhar;
*2.4 die belewenis dat die NG Kerk tydig en ontydig in 'n staat van beskuldiging geplaas word;
*2.5 die oënskynlike gebrekkige deelname van die VGK in die Noorde aan die konsultasieproses ten spyte van ooreenkomste by Achterberg 2;
*2.6 gebrekkige kommunikasie vanuit die ASM oor prosesse om die regsgeldigheid van die proses te toets.
*3. versoek die ASM om in die voortgaande onderhandelingsproses in die eerste plek te soek na verhoudingseenheid;
*4. wys die ASM daarop dat staande besluite van die Noordelike Sinode oor spesifieke sake verreken sal moet word voordat die sinode sy ongekwalifiseerde steun aan 'n proses van hereniging sal kan gee (vgl veral besluite van die Sinode van Noord-Transvaal 1995);
*5. versoek die ASM om in enige model die regsimplikasies behoorlik te verreken;
*6. versoek die ASM om onverwyld van kundiges gebruik te maak om die kerk te adviseer oor veranderingsbestuur.

*5) Verdere verloop*
*1. Die ASM het die verslae van die onderskeie Sinodes aan 'n taakspan gegee wat uit die verskillende sinodes kom en die taakspan het in Maart 2008 by die ASM verslag gelewer. Uit die verslag is dit baie duidelik dat die tendense waarop die Noordelike Sinode se verslag fokus baie wyd en algemeen voorkom. Heelwat van ons aanbevelings is ook in die verslag opgeneem.
*2. Intussen is die ASM in 'n proses om die bevindinge met die ander kerke in die familie te deel en sal daar verdere konsultasies plaasvind.

**2.2.2.2 Ander inisiatiewe**
*1. Die Noordelike Sinode het reeds by herhaling oor die afgelope paar jaar gesê dat die klem in die eerste plek nie op die vind en beskryf van 'n model van strukturele eenheid moet val nie, maar op 'n proses van sinvolle verhoudingsbou.
*2. Terwyl die proses op Algemeen-Sinodale vlak soms moeisaam verloop het en selfs belemmerend op plaaslike vlak ingewerk het, het die moderatuur van ons Sinode saam met die van die Oostelike Sinode in die interim nege keer saam met die moderatuur van die VGK vergader om grondvlakprosesse te stimuleer.
*3. Die besondere toewyding van die Diensrade vir Getuienis en Gemeenskapsbetrokkenheid in die gesprekke moet vermeld word. Onder leiding van die funksionaris van die Sinodale Getuienisforum ('n

gesamentlike aksie ban die Noordelike- en Oostelike Sinodes en die VGKSA Noord-Transvaal), ds Andries Louw, is hier groot vordering gemaak. Met die skryf van die verslag is 'n beduidende gesprek oor toekomstige samewerking op inter-sinodale vlak aan die gang.

*4. Ons was ook diep dankbaar oor bemoedigende verhale uit ons onderskeie gemeentes en streke. Van die inligting word in ander verslae gereflekteer. Een van die mooistes was toe ds Hannes Peens van Marken, op versoek van die VGK, in 'n deelpos as funksionaris van die Limpopo Getuienisforum aangestel is na die emeritaat van ds Harald Wepener.

**2.2.2.3 AANBEVELINGS: KERKHERENIGING**

**Die sinode:**

**2.2.2.3.1 herbevestig dat die proses van kerkhereniging verstaan moet word as 'n poging om verbroke verhoudings te herstel en doen 'n beroep op gemeentes om op die breë kerklike terrein brugbouers te wees. Die proses van "Caring Together" behoort 'n staande agendapunt op die sakelys van gemeentes te wees.**

**2.2.2.3.2 verstaan dat ons roeping om versoening en hoop in ons wêreld te bring van ons vra dat ons alles in ons vermoë moet doen om die proses te laat slaag.**

**2.2.2.3.3 doen 'n ernstige beroep op die ASM en die Breë Moderamen van URCSA, NGKA en RCA om daarteen te waak dat die breë verloop van die gesprek nie belemmerend inwerk op plaaslike prosesse nie en besluit om sy toekomstige deelname aan die Algemeen-sinodale gesprek te bly weeg aan die effek wat dit op ons nader-groei op streeksvlak het.**

## 2.3 PREDIKANTEBEGELEIDING

### 2.3.1 Inleiding

*1. Een van die grootste bates van die Ned. Geref. Kerk is die goed opgeleide leraars wat in die kerk se diens is. Daar het in die afgelope paar jaar 'n baie sterk besef gegroei dat hierdie leraars geestelik en emosioneel versorg moet word om hulle taak as Bedienaars van die Woord ten beste uit te voer.

*2. In ons eie sinode het die versorging van predikante gegroei van 'n eenmankommissie in 1995 tot 'n span wat oor 'n wye front leraars begelei en toerus. Die aanvanklike een-tot-een pastorale versorging het gegroei tot 'n proses van versorging van leraars vanaf die eerste roeping om teologie te gaan studeer, tot die dag wanneer die bedieningstaak afgehandel is met emeritaat. Die ondervoorsitter van die SDR, prof Malan Nel, was vir die "portefeulje" verantwoordelik.

### 2.3.2 A-Z Beleid



*1. By die vorige Algemene Sinode (2004) is die Bedieningsvreugde model formeel aanvaar as die NG kerk se beleid ten opsigte van die werwing, toelating, toerusting en versorging van sy leraarskorps. Hierdie sogenaamde A-Z beleid is die formalisering van 'n proses waarby die Noordelike Sinode oor die afgelope jare baie nou betrokke is. Die visie is dat predikante, in die woorde van ds Marius Cornelissen, "from cradle to grave", begelei moet word tot bedieningsvreugde.

*2. Vanaf 2009 sal nuwe teologiese studente as studente van die NG Kerk erken word slegs indien hulle gemeente en ring formeel by hulle roepingsproses betrokke is. Daarna het die kerk 'n groot verantwoordelikheid om toe te sien dat sy leraars geestelik begelei en versorg sal word. Dit vind plaas deur induksie, mentoraat, verdere teologiese opleiding en onderlinge ondersteuning tussen leraars.

*3. Die assessor van die sinode is die verantwoordelike persoon vir ons sinode se Predikanteversorgingspan.

*4. Daar is reeds in elke Ring 'n verteenwoordiger vir predikanteversorging aangewys wat noú betrokke sal wees by die implementering van die Bedieningsvreugde model.

### 2.3.3 Mentoraat

*1. Gedurende die studiejare word daar van elke student verwag om 'n mentor te hê wat hom/haar begelei. Senior studente begelei die nuwelinge en 'n span opgeleide leraars neem verantwoordelikheid vir die seniors. Wanneer 'n proponent dan in 'n gemeente bevestig word, word hy/sy begelei om in 'n mentorsverhouding met iemand van sy/haar keuse te verbind. Die droom is dat ons kerk se leraars sal inkoop in die ideaal dat elkeen uiteindelik in 'n mentorsverhouding met iemand anders sal staan.

*2. Na die beste wete van die Taakspan is daar tans 29 nuut bevestigde leraars wat mentors het en 25 leraars wat op hulle beurt 'n mentor is vir iemand anders. Hierdie mentors is formeel opgelei en kan slegs as mentors dien indien hulleself 'n mentor het. In die jare wat kom sal die NG Kerk die positiewe vrugte pluk van hierdie proses.

*3. Dr Johan vd Heever van Eldoraigne (083-448-2609) is goed ingegrawe oor die mentoraat en bestuur ons sinode se mentoraatsprogram. Hy sal navrae in die verband hanteer.

### 2.3.4 Induksie

*1. Dit is die Noordelike Sinode se beleid dat elke leraar wat nuut in 'n gemeente bevestig word, saam met die nuwe kerkraad of leraarspan, 'n induksieproses sal deurloop. Die induksie bring mee dat leraars en kerkraadleiers mekaar baie goed leer ken en waardeer en dat vooroordele dadelik uit die weg geruim word. Die effektiewe funksionering van die nuwe leraar saam met die span in die gemeente is dan net soveel beter.
*2. Ongeveer twee derdes van die leraars wat sedert die vorige sinodesitting bevestig is, het induksie deurgaan. Sedert Julie 2005 is daar by 21 gemeentes induksie gedoen en die positiewe getuienis daaroor is 'n sterk aanmoediging vir die induksiespan wat die proses bestuur.
*3. Dr Roelf Opperman van Kameeldrif (082-335-1156) bestuur ons sinode se induksieprogram saam met 'n span opgeleide begeleiers. Hy sal graag navrae hanteer.

**2.3.5 Retraite**
*1. Wanneer 'n mens net altyd uitdeel en nie self herlaai nie kan jy maklik by uitbranding beland. Een van die maniere om dit teen te werk is deur gereeld jouself af te sonder en tot stilstand te kom. Die ideaal is dat al die leraars van tyd tot tyd hulleself sal terugtrek en tyd gee vir geestelike heropbou. Wie gerus het en toegerus is, kan weer met nuwe energie gaan werk.
*2. Daar word jaarliks aan die einde van Oktober 'n retraite aangebied waarby al hoe meer van die leraars en hulle gades inskakel. Sommige Ringe het ook die verantwoordelikheid aanvaar om dit self vir die leraars in die ring aan te bied. Daar is groot vrug op hierdie geleenthede.
*3. Ds. Wollie Wolhuter is ons sinode se koördineerder en kan geskakel word by selfoon 082-923-0761.

**2.3.6 Interimpastoraat**
*1. Daar is 'n nuwe tendens aan die ontwikkel waar gemeentes nie dadelik 'n leraarsvakature vul nie en gebruik maak van iemand wat in die interim vir die pastoraat verantwoordelik is. So 'n persoon word spesiaal daarvoor opgelei en die doelwit is om die gemeente te begelei om op 'n sinvolle wyse 'n beroep te kan uitbring. Indien daar gespanne verhoudings in 'n gemeente bestaan, het hierdie persoon ook die taak om eers daardie verhoudinge te herstel voordat 'n nuwe leraar beroep word.
*2. Ons eie sinode het nog glad nie aan die saak aandag gegee nie. Dit hoort waarskynlik op die Taakspan se agenda en sal vorentoe aandag geniet.

**2.4 TEOLOGIESE REFLEKSIE**
**2.4.1 Homoseksualiteit**
**2.4.1.1 Sinodebesluit** (Handelinge bl 86 pt 5.2.3.3)
**1. Die sinode gee geleentheid dat die tafelgroepe die saak van homoseksualiteit bespreek, gedagtes op skrif stel en dit deurgee aan die SDR.*
**2. Die SDR word opdrag gegee om uit hierdie gedagtes 'n dokument op te stel, wat aan die ASM en aan gemeentes deurgestuur word as bydrae tot die gesprek oor homoseksualiteit.*
**3. Die sinode besluit:*
*3.1 dat die ASM versoek word dat die gesprek oor homoseksualiteit nie deur die Algemene Sinode los van die breëre kerkverband gevoer word nie;*
*3.2 dat die ASM versoek word dat die verslag oor homoseksualiteit betyds beskikbaar sal wees vir insette na gesprekke binne die kerkverband;*
*3.3 dat die SDR, moontlik dmv 'n taakgroep, moet toesien dat die verslag van die Algemene Sinode oor homoseksualiteit by alle ringe deeglik aan die orde kom;*
*3.4 om ringskommissies te versoek om indien nodig spesiale ringsittings byeen te roep vir die gesprekke;*
*3.5 dat die SDR volmag kry om na aanleiding van die meningspeiling by individue oor die besluite van die Algemene Sinode en die gesprekke by die ringe na bevind van sake te handel.*

**2.4.1.2 Uitvoering**
*1. Die SDR het 'n taakspan aangewys om aan die uitvoering van die sinodeopdrag aandag te gee. Die taakspan het 'n verslag voorberei wat via die ringe se verteenwoordigers in die SDR na die ringe vir aandag verwys is. Die verslag is ook na die Algemene Sinode se betrokke taakspan verwys.
*2. Die Algemene Sinode het in Junie 2007 'n uitgebreide verslag hanteer en rigtinggewende besluite geneem. Die SDR oordeel dat die Algemene Sinode se hantering van die saak dit ook, wat die Noordelike Sinode betref, voldoende afgehandel het.


>> Die volledige Agenda en Handelinge van die Algemene Sinode 2007 is op die webblad van die Algemene Sinode beskikbaar (www.ngkerk.org.za) . Die verslag is in Deel (dokumentebundel) opgeneem (bl 128; 145 e.v.).
>> Besluite van die Algemene Sinode insake homoseksualiteit (vgl Handelinge AlgSin 2007 bl 210 pt 12.2)
*Die Algemene Sinode besluit soos volg:*

*1. Die Bybel is ons uitgangspunt en in ons nadenke oor homoseksualiteit soek ons eerlik na maniere om die Bybelse waardes betekenisvol binne die konteks te interpreteer.*
*2. Ons aanvaar die liefde van Christus as die enigste geldige grondhouding waarop verhoudinge binne die geloofsgemeenskap gebaseer word. Alle mense is geskep na die beeld van God; die verlossing in Christus is vir alle mense en die Gees is uitgestort op alle gelowiges. Daarom aanvaar ons die menswaardigheid van alle mense.*
*3. Alle mense, ongeag hulle seksuele orientasie, is ingesluit in God se liefde en hulle word op grond van hulle doop en geloof as lidmate van die kerk van Christus aanvaar. Onder lidmaatskap word verstaan toegang tot die sakramente, toegang tot die ampte en onderworpenheid aan die kerklike tug.*
*4. Die Algemene Sinode herbevestig die besluit van 2004 dat, volgens ons verstaan van die Bybel, slegs die verbintenis tussen een man en een vrou as 'n huwelik beskou kan word.*
*5. Die Algemene Sinode bevestig ook die besluit van 2004 dat sowel heteroseksuele as homoseksuele promiskuiteit ten sterkste veroordeel word.*
*6. Die Algemene Sinode besluit dat, in die lig wat ons tans het, homoseksuele verbintenisse en huwelike nie as 'n alternatief vir die huwelik aanvaar kan word nie.*
*7. Die verlening van predikantsbevoegdheid is 'n funksie van die Algemene Sinode. Die sinode besluit dat homoseksuele gelegitimeerdes wat 'n selibate lewenstyl beoefen tot die predikantsamp toegelaat word.*
*8. Die Algemene Sinode erken die diskresie van Kerkrade om die verskille oor homoseksualiteit in gemeentes in die gees van Christelike liefde te hanteer.*

**2.4.2 Moraliteit van grondhervorming**
**2.4.2.1 Sinodebesluit**

*1. Die Ring van Louis Trichardt bring dit onder die sinode se aandag dat grondhervorming en die moraliteit in die uitvoering daarvan, probleme gee.
*2. Die sinode verwys die saak na die SDR vir dringende aandag.

**2.4.2.2 Uitvoering**



*1. Die SDR het 'n taakspan aangewys om, met die nege riglyne vir grondhervorming van die Algemene Sinode 2004 as vertrekpunt die praktyk van grondhervorming
*1.1 te identifiseer en beskryf,
*1.2 aan die hand van die nege riglyne van die algemene sinode evalueer en
*1.3 'n morele beoordeling van die praktyk van grondeise gee.
*2. Die Oostelike Sinode het 'n soortgelyke taakspan aangewys. Die twee taakspanne het nou saamgewerk en 'n gesamentlike verslag aan die Algemene Sinode 2007 voorgelê.
*3. Die SDR oordeel dat die verslag en besluite van die Algemene Sinode 2007 die saak ook wat die Noordelike Sinode betref, voorlopig voldoende afgehandel het.

**2.4.2.3 AANBEVELING: MORALITEIT VAN GRONDHERVORMING**
**Die sinode gee opdrag aan die SDR om steeds aan die saak aandag te gee.**

>> Die volledige Agenda en Handelinge van die Algemene Sinode 2007 is op die webblad van die Algemene Sinode beskikbaar (www.ngkerk.org.za) . Die verslag is in Deel 3 (aanvullende verslae) opgeneem (bl 6 e.v.).
>> Besluite van die Algemene Sinode 2007 insake grondhervorming (vgl Handelinge AlgSin 2007 bl 219 pt 20.1)
*1. Die Algemene Sinode herbevestig sy beginselstandpunt ten gunste van grondhervorming (2002), met voorbehoud dat die praktiese toepassing van die proses billik en ordelik en met die minste ontwrigting van kommersiele landbou sal verloop.*
*2. Die Algemene Sinode spreek sy dank uit teenoor die landbousektor en spesifiek die boeregemeenskap vir die belangrike bydrae as werk-, voedsel- en behuisingverskaffer, en as stabiliseerder van landelike gemeenskappe.*
*3. Die Algemene Sinode neem met dank kennis van suksesvolle bemagtigingsprojekte in die landbou, maar spreek sy kommer uit oor talle voorbeelde waar die oordrag van produktiewe landbougrond tot boerdery-mislukkings en die verlies van werkgeleenthede lei.*
*4. Die Algemene Sinode doen 'n beroep op die regering en die Departement Landbou en Grondsake dat die afhandeling van die uitstaande grondeise billik en deursigtig sal verloop, en dat die vestiging van landbou- en bestuursvaardighede 'n integrale deel van die oordrag van produktiewe landbougrond sal wees. Die sinode doen ook 'n beroep op alle rolspelers om by nuweboer-vestiging maksimaal gebruik te maak van vennoot- en mentorskappe met die oog op die oordrag van kundigheid.*

*5. Die Algemene Sinode doen 'n beroep op die regering om alles moontlik te doen om die veiligheidsituasie in landelike gebiede te verbeter ten einde die omvang van misdaad, plaasaanvalle en -moorde te bekamp en 'n gunstige boerdery-omgewing te verseker.*
*6. Die Algemene Sinode versoek gemeentes om vol te hou met die bediening van versoening, en om waar moontlik 'n bemiddelende rol te speel tussen mense en gemeenskappe met die oog op wedersydse aanvaarding, respek en goedgesindheid.*
*7. Die Algemene Sinode besluit om spesifiek voorbidding te doen vir lidmate wat swaarkry as gevolg van die veiligheidsituasie op plase en die effek van grondeise, en doen 'n beroep op gemeentes om hierdie lidmate pastoraal te ondersteun.*
*8. Die Algemene Sinode kontinueer die opdrag aan die Taakspan: Grond- en Landelike Hervorming, met die versoek dat hierin met ander kerke en ekumeniese liggame saamgewerk word.*

**2.4.3 Gereformeerde verset** (Vgl moderamen 2005-08-02:4.2.3 en SDR 02*2005-11-22 pt 7.3)
**2.4.3.1 Verslag**
*1. Die Sinode van Noord-Transvaal het by verskeie sittings, reeds vanaf 1999, besluite geneem wat die saak aan die orde gestel het. Die SDR het 'n taakspan aangewys om agtergrond te versamel en aanbevelings aan die sinode te doen.
*2. Die verslag vanaf die taakspan word aangeheg as **Bylae 1**. Die taakspan lê die verslag voor om aan die sinode 'n indruk te gee van die problematiek insake die onderwerp en van die werk wat reeds gedoen is. Die taakspan beklemtoon dat die finale woord oor die onderwerp nog nie gesprek is nie en versoek dus die sinode om met die hantering van hierdie verslag nie soseer op die inhoud van die verslag nie, maar eerder op 'n proses vir die verdere hantering van die onderwerp te fokus.

**2.4.3.2 AANBEVELINGS: GEREFORMEERDE VERSET**
**Die Sinode**
**1. Neem kennis van die verslag en die begeleidende dokument;**
**2. Aanvaar die volgende riglyne vir die praktyk van gereformeerde verset: Gerformeerde verset**
**2.1 is 'n uitdrukking van ons geloof dat Jesus Christus die wêreld regeer.**
**2.2 is 'n weiering om te wanhoop ten spyte van die oorheersing, intimidasie, geweld roof en moord wat deur 'n magstaat gepleeg word.**
**2.3 is altyd die soek na reg en geregtigheid vir alle mense uit liefde en nie uit wraak, eiegeregtigheid, magteloosheid of hebsug nie.**
**2.4 is nooit die soeke na eie – of groepsbelange nie, maar die soeke na die beswil van die hele gemeenskap.**
**2.5 kan net vanuit die geloofsgemeenskap beoefen word.**
**2.6 kan net in gehoorsaamheid aan die Woord van God beoefen word.**
**2.7 is 'n konsekwente uitvloeisel van 'n Geesvervulde lewe waar kwaad nooit aanvaar word as 'n normale deel van van die gemeenskap nie.**
**2.8 moet met volhardende lydsaamheid deurgevoer word.**
**2.9 het ten doel dat die owerheid weer aan sy roeping sal beantwoord om sy openbare diens te vervul.**
**2.10 word altyd beoefen met die nederige besef dat ons net diensknegte is en dat God alleen oor die gang van wêreldgebeure beskik.**
**2.11 is 'n aksie waarin ons volhardend vir die owerheid bly bid;**
**2.12 is nie geweldadig nie, maar beslis in 'n vaste voorneme om kwaad te weerstaan en goed te doen;**
**2.13 is om God se bedoeling vir die wêreld steeds te bly droom: dat die wolf en die lam sal saamwei en dat nasies van hulle swaarde ploegskare sal smee en van hulle spiese snoeiskêre.**
**2.14 se vertrekpunt is 'n aktiewe aksie van elke gelowige en kerklike instansie om as sout vir die aarde en lig vir die wêreld positief mee te werk aan 'n samelewing waarin enige owerheidsinstansie meehelp vir 'n klimaat waarin die evangelie in vrede verkondig en uitgeleef kan word.**
**3. Gee opdrag aan die SDR om aan ringe leiding te gee vir die uitvoering van hierdie riglyne.**

**2.4.4 Bench Marks Stigting van Suider-Afrika**
*1. Die Stigting het die sinode versoek om formeel by hom betrokke te raak. Die Algemene Sinode het 'n soortgelyke versoek ontvang en die SDR het geoordeel dat hy leiding vanaf die Algemene Sinode (by name die ADD) afwag.
*2. Die ADD het besluit om nie formeel by die stigting betrokke te raak nie. Die SDR het geoordeel dat hy die voorbeeld van die AS volg.

**2.4.5 Ons Belydenisgrondslag**

Die SDR het, op aanbeveling van die moderatuur, geoordeel dat dit noodsaaklik is om oor ons belydenisgrondslag te besin as die basis vir verantwoordelike teologiese refleksie. Die onderwerp het verskeie kere tydens SDR-vergaderings aandag gekry – in die jongste tyd aan die hand van die verslag oor Gereformeerde Identiteit wat by die AS 2007 goedgekeur is.

**2.4.6 Misdaad en geweld**

*1. Vanuit verskeie oorde is versoeke aan die SDR gerig om leiding te gee in die situasie van misdaad en geweld. Die volgende verklaring is in Febuarie 2007 geformuleer en aan gemeentes deurgegee:

*"Die Bestuur (SDR) van die Noordelike Sinode van die NG Kerk het by sy vergadering van 9 Februarie 2007 indringend besin oor die huidige vloedgolf van misdaad en geweld. Hierdie verklaring verwoord die hart van die gesprek:*

*Die SDR*

* *is saam met die res van die gemeenskap intens bekommerd oor die hoë vlakke van misdaad wat tans in Suid-Afrika voorkom en die geweld wat daarmee gepaard gaan;*

* *oordeel dat hierdie situasie ons almal se droom van nasiebou ernstig benadeel;*

* *versoek lidmate om in die hantering hiervan sout vir die aarde en lig vir die wêreld te wees. Onder meer moet ons as kerk:*

\+ *klem lê op dit wat reg en positief is en nie toelaat dat ons gesprekke deur vrees, haat en wraak oorheers word nie;*

\+ *die persoonlike integriteit van elke lidmaat uitbou. Ons kan immers nie 'n vinger na ander wys as ons self nie reg leef nie;*

\+ *meewerk aan 'n samelewing waarin daar sinvolle leefruimte vir almal is;*

\+ *steeds onthou dat ook misdadigers (soos enigeen wat die wet van die Here oortree) na die Here gelei moet word.*

* *moedig lidmate en gemeentes aan om betrokke te raak by instansies en forums wat help om misdaad teen te werk, byvoorbeeld by gemeenskapsforums en om met instansies soos plaaslike owerhede en die polisie saam te werk in praktiese hulpverlening aan slagoffers van geweld;*

* *dring by die regering aan om sigbaar die politieke wil aan die dag te lê om misdaad op alle moontlike maniere te bekamp;*

* *versoek die leiers van ons land om met hulle eie leefstyl 'n voorbeeld te stel.*

*2. Op versoek van die ASM het verteenwoordigers van die Noordelike- en Oostelike Sinodes 'n verslag oor misdaad en geweld vir die Algemene Sinode voorberei. Vir kennisname word hierdie verslag aangeheg as **Bylae 2**

## 3. ANDER SDR-OPDRAGTE

**3.1 SPOEDEISENDE SAKE** (Bep 35.1.3.3)

Sake waaroor die SDR besluite moes neem sluit in die aanwysing van die afvaardiging na die Algemene Sinode 2007, reëlings insake die Seisoen van Luister, verteenwoordigers in die Eksamenkommissie en Kuratorium Bloemfontein; die terminering van die wykgemeente van Waterkloof in Wene, Oostenryk; goedkeuring van die hersiene funksionele bestuursmodel; goedkeuring van die reglemente van die kampterreine.

**3.2 BENOEMING VAN PREDIKANTE IN SINODALE DIENS** (Bep 35.1.3.3)

Geen benoeming was nodig nie.

**3.3 GOEDKEURING VAN DIE BEGROTING** (Bep 35.1.3.4)

Die begroting is jaarliks goedgekeur. Meer besonderhede is in die verslag van die SDO te kry.

**3.4 PASTORALE GESPREK** (Bep 35.1.3.5)

Die SDR het die moderatuur versoek om aandag te gee. Verskeie gesprekke is, hoofsaaklik op 'n informele basis, gevoer.

**3.5 TAAKGROEP VIR APPÈLLE** (Bep 35.1.3.6)

Die SDR het die Taakgroep vir Regte as die taakgroep aangewys.

**3.6 SKAKELING MET DIE OWERHEID** (Bep 35.1.3.7)

Met die moderator as kontakpersoon is verskeie kere met die owerheid geskakel op provinsiale en plaaslike vlak. Die beste skakeling was met die owerheid in Limpopo via die Limpopo Ringe Forum.

**3.7 HERTOELATING TOT DIE BEDIENING** (KO 2004 Reglement 3 punt 7)

*1. Die SDR het besluit dat aansoekers nie voor die volle SDR moet verskyn nie maar dat die nodige gesprek deur die moderatuur, bygestaan deur die SDR-verteenwoordigers van die betrokke ring, gevoer moet word.

*2. Twee aansoekers is ontmoet en vir colloquium doctum aanbeveel: brs Elmer Uys (Louis Trichardt), en Etienne Nolte (Pretoria-Noord).

### 3.8 HERINDELING VAN RINGE

*1. Die Ring van Pretoria-Wes is op 28 Februarie 2007 by die Ring van Daspoort ingelyf.

*2. Die Ringe van Eloffsdal en Villieria het saamgesmelt om vanaf 1 Maart 2008 as die Ring van Sentraal-Moot te funksioneer.

## 4. ANDER SAKE DEUR DIE SDR HANTEER

### 4.1 TEOLOGIESE OPLEIDING

*1. Die SDR het probeer om noue skakeling met die NG Kerk se dosente van die Teologiese Fakulteit (Universiteit Preoria) te behou. Die dosente is by twee geleenthede genooi om die SDR te ontmoet en saam oor relevante sake te besin.

*2. Die SDR het die Noordelike Sinode se verteenwoordigers op die Kuratorium Oktober 2007 per geslote stembrief aangewys. Die volgende persone is aangewys: Primarii: drr Kobus Gerber, Christiaan Gericke, James Kirkpatrick en Marius Nel; sekundi: drr Gustav Claassen en Herman Carelsen.

*3. 'n Verslag vanaf die kuratorium word as **Bylae 3** aangeheg.

### 4.2 DIVERSITEITSBESTUUR

*1. Die sinode het tevore in sy besinning oor die onderskeie belange van mans en vrouens na die terrein as "geslagsgelykheid" verwys. Die SDR het besef dat die terrein veel wyer is en dat daar ook besinning oor wisselende behoeftes ten opsigte van geslag, ouderdom, spiritualiteit, ras, potensiaal (bv gestremdes) nodig is. Die SDR het gevolglik besluit om liewer na "diversiteitsbestuur" te verwys.

*2. Lizl-Louise Schoeman lei die taakspan vir diversiteitsbestuur.

*3. Intussen het die Algemene Sinode ons taakspan versoek om die gesprek in die res van die NG Kerk te lei.

## 5. SLOTWOORD

Daar was aanvanklik bedenkinge by sommige oor die grootte en samestelling van die SDR. Soos die tyd egter aangestap het, het ons onder die indruk gekom van die potensiaal van die SDR om gereeld die verhale van al die ringe op die tafel te hê en ook gesprekke te stimuleer waarby al die ringe betrokke kon raak.

Dat ons nog hoegenaamd nie geariveer het nie is gewis, maar dat ons in die interim daarin geslaag het om die SDR deel te maak van 'n opwindende gesprek in die Noordelike Sinode is verseker ook so.


Groot dank aan die verteenwoordigers uit die Ringe wat baie tyd gegee het om te help skryf aan hierdie hoofstuk in die verhaal van ons Sinode.



**JF PIENAAR** (Voorsitter)



**GJ CLOETE** (Skriba)



# A.2 Bylae 1
[Vgl SDR-verslag pt. 2.1.3]

# GEREFORMEERDE VERSET

## 1. INLEIDING

### 1.1 FOKUS VAN DIE TAAKSPAN



Die taakspan se werk en fokus is bepaal deur die omvangrykheid van die opdrag: vier sinodes het elke keer die opdrag uitgebrei sonder om die opdrag oor riglyne vir die praktyk te hanteer. Die taakspan se fokus was om 'n werkbare verslag te gee, nie 'n volledige of finale verslag nie; om ons binne ons eie Suider-Afrikaanse konteks te verantwoord en nie uit ander wêreldkontekste nie; om teologies duidelik maar sonder tegniese vaktaal te werk; om vanuit ons eie kerkgeskiedenis perspektief te kry en nie uit dié van ander kerklike gemeenskappe nie; en met begrip dat ons in hierdie saak steeds in 'n voortgaande ontwikkeling is soos blyk uit die verskil in die NG Kerk se besluite oor verset van 1915 "dat mens om het gewetens wil zich tegen de wettige overheid niet verzetten mag, anders dan om zeer gewichtige en gegronde redenen", en 1986 "As allerlaaste moontlikheid van verset teen onreg (dws nadat alle ander moontlikhede volhardend en by herhaling misluk het) kan geweldlose verset en burgerlike ongehoorsaamheid uit die oogpunt van die etiek ten minste teoreties nie as onaanvaarbaar verwerp word nie."

### 1.2 VOORBEELD AS HULPMIDDEL
Graag gee ons aan die vergadering 'n voorbeeld as hulpmiddel om die verslag mee voor te berei. 'n Pa en ma moet hulle kinders versorg en beskerm teen geweld. Kinders moet hulle gesag aanvaar en hulle opdragte gehoorsaam. Dit is hoe 'n gesin moet wees. As een van die ouers egter die kinders begin geweld aandoen en mishandel, dan moet die ander eggenoot nie net hierdie geweld en mishandeling aanspreek nie, maar ook aktief teenstaan. Ook die kinders moet begelei word om hulle nie aan hierdie mishandeling te onderwerp nie, terwyl hulle tog nog gehoorsaam moet bly. Sou die eggenoot kies om nie die geweld aan te spreek of teen te staan nie, dan het hy/sy 'n medeafhanklike van gesinsgeweld geword. Om net salf aan wonde te sit, drukkies van vertroosting te gee, om net woorde van bemoediging te spreek, maar nie as eggenoot die geweldenaar self teen te gaan nie – is om 'n vennoot in die disfunksionele gesin te word. Hierdie tipe vertroosting sal die kinders wettelose kinders en gewelddadige volwassenes maak. Gereformeerde verset is die keuse wat die kerk maak om nie 'n afhanklike vennoot te word van 'n owerheid wat sy burgers onderdruk nie.

### 1.3 DEFINISIE
As basis vir die bespreking dien die volgende omskrywing van Gereformeerde verset: *Gereformeerde Verset is Christelik-eties verantwoordbare, nie-gewelddadige optrede teenoor magsinstellings/ politieke instellings wat verder gaan as blote beswaar of protes, en ook onttrekking van samewerking, ingrype, weerstand en ongehoorsaamheid kan insluit met die oogmerk om hierdie magsinstellings/ politieke instellings te oorreed om hulle verantwoordelikheid na te kom, of om op te hou met onregverdige/ verkeerde/ onderdrukkende optrede, of om die instelling sy mag te ontneem sodat hy vervang kan word. Gereformeerde Verset is om te stry vir die koms van die koninkryk van God in die praktyk van die lewe. Dit omvat die politiese, ekonomiese, sosiale en godsdienstige lewe. Dit soek die heil van alle mense en nie net sekere belangegroepe nie.*

### 1.4 DIE OPDRAG VAN DIE SINODE AAN DIE TAAKSPAN
Die taakspan het uit die opdragte wat van 1999 tot 2003 elke keer herhaal is die volgende hoofpunte as 'n raamwerk vir die opdrag van die sinode aanvaar: Die verslag moet fokus op *die praktyk* van Gereformeerde verset.(1999); die verslag moet *riglyne gee vir die praktyk* van Gereformeerde verset (1997); die verslag moet *die verhouding kerk en owerheid* aan die orde stel(1997). Die verslag moet fokus op die onregmatige handelinge, die gebrekkige en *wanfunksionering van die owerheid* (1997, 2001) Die verslag moet lidmate van *riglyne bedien vir die situasies* waarin hulle leef (2001). Die verslag moet die omvang van *die saak van verset in Zimbabwe* aanspreek. (2003)

## 2. DIE WERKSAAMHEDE VAN DIE TAAKSPAN
Die huidige taakspan se werksaamheid strek van 2006 tot 2008. Drie verslae is aan die SDR vir bespreking deurgegee, daar was 'n ontmoeting met Solidariteit en vyf vergaderinge is gehou waarin die saak voorberei is. Die jongste literatuur oor hierdie saak is byeen te bring en die verslag is daaruit saamgestel.

## 3. DIE SAAK VAN VERSET

Die saak wat in verset aan die orde gestel word, is die *oorheersing* van landsburgers deur openbare gesagsinstansies soos die regering. Dit onderskei die opdrag aan die taakspan van sake soos misdaad, geweld en uitbuiting, alhoewel daar 'n direkte samehang is tussen die wil tot verset en hierdie genoemde sake.

## 4. DIE WERKLIKHEID VAN VERSET IN DIE GEMEENSKAP

Ons lidmate is reeds besig met verset in die gemeenskap. Dit is 'n daaglikse gegewe en die omvang daarvan neem steeds toe. Die kerk kan nie hierdie gegewe ontken nie. Die kerk is ook nie die eerste of enigste openbare instansie wat hierdie saak aanspreek nie. Dit is reeds 'n openbare saak. Die omvang daarvan blyk uit verskeie versetaksies waaraan ons lidmate reeds deelneem:
*(1) In aktiewe verset*: Die weerhouding van munisipale belasting en die skep van eie munisipale dienste; die instel van veiligheidsgebiede binne stede wat afgesper word teen die wetgewing of muratorium van munisipaliteite (Lynnwood Manor Estate); die openbare soendemostrasies van jongmense in Northgate teen die wet op seksuele oortreding; die omvangryke protes en dreiging tot verset in die nuwe beoogde skole-eed; die verwydering van of toeverf van naamborde met nuwe plekname; die ignorering van nuwe openbare plekname en voortgesette gebruik van vorige plekname; die beskadiging van openbare eiendom; die versper van paaie of verkeersvertraging; die aanbring van "groenligte" met plaasbeveiligingswagte; die weiering van amptenare op plase wat nie Afrikaans kan praat nie, die weiering om TV lisensies te betaal (Zimbabwe),om enkeles te noem.
*(2) In passiewe verset:* Emigrasie; die verskuiwing van besighede of plase na ander state; die onttrekking uit die openbare lewe en - ampte; onderprestering weens geen bevordering; die weiering om afdankings te aanvaar en betaalde amptenare te bly sonder pligte; die onttrekking van kinders uit skole as openbare instelling; die weiering om jou huis of plaas te verlaat vir eisers of besetters; die weiering om jou besigheid met voorgeskrewe vennote te deel en dit eerder te ontbind.

## 5. DIE BEHOEFTE AAN VERSET MET 'n CHRISTELIKE EN GEREFORMEERDE KARAKTER

Die behoefte wat aangespreek moet word, is om lidmate te begelei in die karakter van spesifiek dit wat ons Gereformeerde verset noem. Dit is verset uit ons geloof in en diens aan Jesus Christus ons Here. Dit moet ons onderskei van ander tipes verset wat reeds deel is van die burgerlike samelewing in Suid - en Suidelike Afrika op verskeie ander wyses.
*(1) Rewolusionêre verset.* Die Suid Afrikaanse gemeenskap se karakter is bepalend deur die rewolusionêre verset van die sestiger tot negentiger jare gevorm. Mense is opgeroep om deur gewelddadige verset die regering van die dag omver te werp. Hierdie tipe verset het nie opgehou na die regeringsverandering van 1994 nie. Dit het deel van die karakter van die burgerlike gemeenskap gebly. Die huidige opwellings van geweldadige verset in bv. die skole-, universiteits- en kollegeonrus, of in provinsiale grenswysigingsonrus, is 'n voortsetting van die kultuur van rewolusionêre verset uit die anti-apartheidsbewegings. Ander voorbeelde is: openbare paaie wat afgesper word, amptenare wat doodgemaak word, mense wat met geweld van hulle werk weggehou word, onwettige stakings wat gehou word, openbare eiendom wat beskadig word, kampusse wat verniel word en mense wat aangerand en geintimideer word.
(2) *Verset binne die menseregte kultuur.* Met die skep van 'n nuwe grondwetlike bedeling in 1994 wat op menseregte gebaseer is, is die karakter van die burgerlike gemeenskap wesenlik verander. Die wêreldwye menseregte kultuur is nie soseer aan Christelike geloofsoortuigings of waardes verbind nie, maar eerder aan 'n sekulêre mens- en godsbeskouing wat godsdienstig "neutraal" is. Verset word binne hierdie menseregtekultuur wetenskaplik verantwoord en openbaar beoefen as 'n inherente mensereg sonder enige Christelike verantwoording. Baie van hierdie verset-aksies wat binne die moraliteit van 'n menseregtekultuur geregverdig is, is optredes teenstrydig met die naasteliefde waartoe Christene verbind is volgens die wet van God. Teenoor baie van die geregverdigde "menseregte" aksies sal Christene 'n eie handelswyse moet vind.
Die taakspan het 'n voorbeeld vertaal om die omvang van verset as deel van die menseregtekultuur toe te lig. Sien bylaag (Gene Sharp)
*(3) Verset as regeringswyse: anargisme.* In die Christelike geloof is verset bedoel as optrede van onderdane teenoor die owerheid. In Zimbabwe kry ons egter nou die verskynsel van anargisme. Hier word alles wat gewoonlik met die verset van onderdane teen die owerheid geassosieer word, 'n regeringswyses deur die owerheid. Dit is die owerheid wat die besetting van plase en die vernietiging van openbare eiendom reël; dit is die owerheid wat die wette van die land ter syde stel en eiemagtig hulle teen hulle eie wette verhef; dit is die owerheid wat moord, plunder, verkragting en aanranding reël as plig teenoor die owerheid; dit is die owerheid wat verkiesings ondermyn en steel met geweld en bedrog. Die kultuur van rewolusonêre verset teen die owerheid het in Zimbabwe die regeringswyse van die owerheid geword.

Christene kan hulle nooit verbind tot rewolusionêre verset of anargisme nie. Die NG Kerk het dit in al die versetsituasies van sy geskiedenis verwerp op grond van Rom 13:1-7 en die NGB artikel 36. Dit bly egter die werklikheid van die Suid Afrikaanse konteks waarteenoor ons ons eie optrede moet verantwoord. Christene kan hulle ook nie aan die selfgeregverdigde beledigings, minagting van amptenare en mensgerigte fokus van baie van die menseregte verset-aksies verbind nie, omdat hulle uit liefde strewe na reg en geregtigheid. *Daarom is daar 'n werklike en dringende behoefte dat die kerk hierdie werklikheid sal aanspreek en binne die konteks van die Suider Afrikaanse gemeenskap leiding sal gee aan lidmate oor die eiesoortige wyse waarop Christene kan en moet verset.*

## 6. VERSET BINNE ZIMBABWE

Die taakspan moet verset in Zimbabwe aanspreek. Hiervoor is 'n kort skets van die situasie in Zimbabwe nodig. Martin Meredith se nuuste boek, "Mugabe", word gereiflikheidshalwe as voorbeeld gebruik. Hierin stel hy die kern van die Zimbabwe situasie as volg: "In a Radio broadcast from Mozambique in 1976 during the Rhodesian war, Mugabe summed up his view of electoral democracy: "*Our votes must go together with our guns. After all, any vote have been the product of the gun. The gun which produces the vote should remain its security officer – its guarantor. The people's votes and the people's guns are always inseparable twins.*"[1] Mugabe held fast to his creed. Whatever his regime faced, he has always been prepared to overcome it by resorting to the gun. So proud was he of his record that in 2000 he boasted about having "a degree in violence". His ministers followed suit. "*The area of violence is an area where Zanu-PF has a long and successful history,*" Nathan Shamuyarira, one of Mugabe's closest colleagues, declared."[2]

Die geweld en terreur wat gebruik is in die vryheidsstryd teen die vorige regering in Zimbabwe, het gou die regeringswyse van die nuwe regering van 1980 geword. In 1982 verklaar die regering die "*Gukurahundi*" teen die Ndebele en Kalanga gemeenskappe. Met 'n spesiale soldatemag opgelei deur Noord-Korea, die Vyfde Brigade, wat buite die toesig en beheer van die nasionale mag geskep is, is hierdie gemeenskap aan massamoord en brutale terreur van vier jaar onderwerp waarin meer as 10,000 gesterf het. Dit terwyl hulle alle toegang tot beskerming deur die polisie, nasionale weermag, die openbare media en die howe ontneem was.

In 1987 verkry Mugabe die mag as hoof van die staat, die regering en die weermag in een amp met die mag om die parlement te ontbind, krygswet uit te roep en onbepaald verkies te word. Hy word ook die hoof van die politburo van die party waarvan hy al die lede self mag aanstel. Hierdeur is 'n mag geskep wat effektief geen aanspreeklikheid teenoor die parlement of die gemeenskap het nie. Hierdie mag het 'n nuwe elite groep gevorm wat hulle self uit die staatsfondse verryk het. Hulle het ook die "War Victims Compensation Fund" met valse eise en bedrog gedreineer – volgens die hoofregter George Smith 450 miljoen dollar.

Die selfverryking van hierdie elite groep het die staatsbates gedreineer - Zesa, die elektrisiteitsvoorsieningsraad, is in 1999 tegnies bankrot verklaar; Noczim, die olieinvoerreguleerder, kon in 1999 nie meer olie voorsien nie omdat amptenare 1,5 biljoen dollar verduister het en skuld van 9 biljoen laat oploop het. Munisipale en openbare dienste het ook so verval dat die lewensverwagting van 1980 tot 1990 van 52 na 41 geval het; die waarde van lone met 22% gedaal het en werkloosheid tot 50% gestyg het. Uit hierdie verval het die MDC as weerstandsbeweging opgestaan met die eis van aanspreeklikheid en deursigtigheid.

In hierdie selfde tyd het die parlement in Augustus 1999 troepe na die Kongo gestuur (11,000 in totaal), wat die land een miljoen Amerikaanse dollar per dag gekos het. Die magselite is vergoed met konsessies en voorkeur behandeling in die diamante, kobalt, koper en houtrykdomme van die Kongo en offisiere is aangemoedig om hulle self ekonomies te bevoordeel.

Die regering se reaksie op die toenemende weerstand en protes was om 'n nuwe konstitusie op te stel wat hulle magte sou verskans. In 'n referendum in 2000 moes die gemeenskap hierdie konstitusie goedkeur – maar onder die leiding van die MDC het die Zimbabwe burgers dit met 55% verwerp. Dit was die direkte aanleiding tot die plaasbesettings in 2000 en ook die sogenaamde derde Chimurenga (vryheidsoorlog). Die regering het werkloses georganiseer, met polisie- en weermagvoertuie vervoer en plase beset. Die boere is aangerand, gedreig, geskiet, doodgemaak (David Stevens, Martin Olds), hulle eiendom is gesteel, huise is afgebrand en diere is vermink. Omdat die hooggeregshof die besettings

[1] Meredith, M. Mugabe, p.241
[2] Meredith, M. Mugabe, p. 241

onwettig verklaar het, het die aanvalle op die regsstelsel begin en is die hoofregter Gubbay en ander regters met geweld uit hulle poste gedwing en is die regsbank gevul met ondersteuners van die regering.

Die ondersteuning van die stedelike Zimbabwiërs vir die MCD is in 2005 beantwoord met die Murambatsvina veldtog. Met polisiegeweld en met stootskrapers is groot dele van minder-gegoede woongebiede en markte met die grond gelyk gemaak. Selfstandige handelaars van Masvingo tot Kariba se handewerk is vernietig en hulle huise afgebreek of verbrand. Die VN verslag van Anna Tibaijuka het berig dat 700,000 mense hulle huise of bron van inkomste verloor het, 100,000 huise en 32,000 besighede is vernietig. Die wettig verkose munisipaliteit van Harare is ontbind en 'n politieke komitee van die regering bestuur Harare.

Hierdie anargisme is oor jare met verset uit die gemeenskap beantwoord: deur kritiek en openbare verklarings van die ZCC (raad van kerke); deur die predikanteforum: Heads of Denominations; deur die volgehoue optogte van die vroue-organisasie, WOZA; deur die mobilisasie aksie van Zvakwana/ Sokwanele en die oprigting van 'n buitelandse radiostasie "Shortwave Radio Africa".

Die vraag oor verset in Zimbabwe moet binne hierdie anargisme gestel word: 'n regering wat met die magte van die owerheid die gemeenskap onderwerp aan moord, aanranding, verkragting, diefstal, naamskending, die omverwerping van gesag en bedrog.

## 7. DIE NG KERK BINNE 'n GEMEENSKAP VAN PROTES EN VERSET

Protes en verset teen onderdrukking is deel van ons gemeenskaps- en kerkgeskiedenis. Dit is 'n totale wanpersepsie dat verset kommunisties, iets nuuts, 'n rassistiese reaksie op die nuwe grondwetlike bedeling of kerkvreemd is.

### 7.1 PROTES EN VERSET TEEN OORHEERSING DEUR 'N KOLONIALE MAATSKAPPY EN KORRUPSIE

Die geskiedenis van ons lidmate begin as burgers van 'n koloniale maatskappy, die VOIK onder die bestuur van 'n finansiële direksie:die Here XVII. Hierdie koloniale maatskappy was ingestel op handel en het die Kaap net as 'n handelspos gesien. Inwoners van die Kaap het 'n minderwaar-dige burgerskap gehad. Hulle moes trou sweer aan die handelsmaatskappy en sy direksie. Die amptenare het hulle posisie misbruik om 'n monopolie op handel te verkry en om vryhandel te onderdruk. Hierdie oorheersing het die eerste twee protesbewegings uit ons eie gemeenskap tot gevolg gehad. Die eerste onder leiding van Adam Tas, Henning Hüssing en Jacob van der Heyde was gemik teen die amptenare-korrupsie onder Willem Adriaan van der Stel. Die tweede versetbeweging was die stryd van die Kaapse Patriotte tussen 1778 en 1787. Dit was 'n burgerregte stryd teen die amptenare van die VOIK. Deel van die weerstand was geheime vergaderings en afvaardigings na Europa teen die bevel van die goewerneur. Die doel was die vestiging van burgerregte en verteenwoordiging in rade.

Omdat die NG Kerk nog nie 'n eie sinode- of ringsverband gehad het nie, is hierdie protes elke keer deurgegee aan die Klassis van Amsterdam. Die eerste keer wat die gekombineerde kerkvergadering aan die Kaap 'n sinode in Nederland direk genader het, is hierdie vergadering deur die Politieke Raad van die Kaap ontbind. "*Hierdie doelbewuste optrede van sy plaaslike owerheid was daarop gemik om die kerk in 'n staat van onderhorigheid te hou en afhanklik van die regering te maak.*" [3] Enige moontlike kerklike verset is daardeur gewoon net onderdruk.

### 7.2 PROTES EN VERSET TEEN DIE OORHEERSING VAN 'N KOLONIALE IMPERIALE MAG

Na die Britse oorname in 1806 is ons lidmate onderwerp aan goewerneurs wat 'n doelbewuste beleid van verengelsing nagestrewe het. Die hele openbare lewe is verengels: die taal in die staatsdiens (1824); die enigste taal in howe (1828) en die enigste taal in die parlement (1854). Ook die NG kerk is onderwerp aan verengelsing deur die invoer van Skotse leraars deur die owerheid. Hierdie oorheersing het gelei tot die grootse passiewe versetbeweging in die Afrikaanse gemeenskap – die Groot Trek Die NG Kerk het hom aanvanklik met die passiewe verset van die Groot Trek misgis.

Die amptelike reaksie van die sinode van 1837 is verwoord in die herderlike skrywe aan gemeentes: die trekkers word opgeroep om hulle aan die Kaapse owerheid te onderwerp omdat dit 'n instelling van God is; die Kaapse regering word geregverdig daarin dat hulle nie net aan die wil en belange van die trekkers kan dink nie, maar volgens die wêreldpolitiek van die dag moet regeer; die trekkers moet hulle aan die wette waarmee hulle nie saamstem onderwerp want die is die wyse waarop Jesus Christus hulle regeer;

[3] Van der Walt, PB Nederduitse Gereformeerde Kerk 1652 – 1824, p.38.

die trek word afgekeur omdat lidmate nie kan wys dat dit 'n noodsaaklikheid binne God se voorsienigheid is nie; dit wat die trekkers as onderdrukking sien sal dien tot hulle saligheid. [4]

Die ring van Graaff Reinet het nie meer die nagmaal of die doop aan lidmate wat op die trek gegaan het bedien nie. Predikante wat die lidmate besoek het, is verbied om die doop en nagmaal aan hulle te bedien. "Die uitdruklike voorbehoud van die ringsvergadering het dus die bediening van die sakramente aan die Voortrekkers uitgesluit – 'n sydelingse toepassing van sensuur op lidmate wat geen oortreding begaan het nie! Die vernaamste rede vir die besluit skyn te wees dat die Ring die heersende beskouing van die tyd toegedaan was dat die uitgewekenes in 'n staat van opstand teen die wettige owerheid verkeer het." [5]

Hierdie misgissing van die NG Kerk oor die aard en gevolge van hierdie verset was een van die hoof oorsake van die stigting van die Gereformeerde Kerk en die Hervormde Kerk.

### 7.3 DIE REBELLIE VAN 1914-1915: VERSET TEEN DEELNAME AAN 'N INTERNASIONALE OORLOG

Die openlike verset teen die regering se besluit om Duits-Suidwes te beset tydens die Eerste Wêreldoorlog het die gemeenskap en NG Kerk verdeel. Ses NG predikante was as ondersteuners van die Rebellie in die gevangenis. Die eerste minister het openlik die NG Kerk gebruik om teen die rebellie standpunt in te neem. Elf Kaapse predikante het 'n "*Ope brief*" uitgereik wat die Rebellie veroordeel het. "Dat genl. Louis Botha 'n aandeel aan hierdie dokument gehad het, was baie duidelik. Hy het prof. Marais versoek om 'n afvaardiging van predikante vir samesprekings saam te stel ..."[6] Die uiteinde was dat in sommige gemeentes rebelle onder tug geplaas is en in ander gemeentes weer regeringstroepe.

Die NG Kerk het sy amptelike standpunt oor die verset in 'n predikantekonferensie en vergadering van die Raad van Kerk van 27-29 Januarie 1915 gestel. Hierdie vergadering het weer die Gereformeerde standpunt oor verset bevestig: "De confentie wenscht in het algemeen duidelik uit te spreken dat volgens Gods Woord de Overheid van God verorden is, en dat de Kerk het daarom altijd als een christelijk plicht beskouwen en leeren moet, dat wet en orde in het staat - zowel als in het kerklijke en huislijk leven geeërbiedigd en gehandhaaft zal worden, en dat mens om het gewetens wil zich tegen de wettige overheid niet verzetten mag, anders dan om zeer gewichtige en gegronde redenen."[7]

Die toepassing hiervan was dat geen tug teen lidmate wat hulle verset het, toegepas moes word nie, maar wel as hulle sedelike misstappe begaan het. Die reg tot verset is hiermee erken. In die kerklike praktyk het die eensydige optrede van kerkrade gelei tot die stigting van 'n rebellegemeente in Winburg en 'n regeringsgesinde gemeente in Potchefstroom.

### 7.4 DIE MYNSTAKING VAN 1922: VERSET TEEN KAPITALISTIESE UITBUITING

Die meerderheid van die 9000 mynwerkers was NG lidmate. 17000 lidmate van die NG Kerk was geraak deur die staking en 600 betrokke in die skermutselinge. Voor en tydens die staking het die NG Kerk nie standpunt ingeneem nie. "Daar is tevergeefs gewag op 'n duidelike toepassing van die beginsels van die Woord van God op die verhoudinge in die samelewing – soos dié tussen arbeider en werkgewer."[8] Na die staking het die NG Kerk standpunt ingeneem in vergaderings deur sosialisme en kapitalisme af te keur; lidmate wat nie geweld gebruik het nie aan te prys en lidmate wat geweld gebruik het, te veroordeel. Die kerk het leiding geneem in die stigting van die "Christelike Suid – Afrikaanse arbeidsvereniging. Geen werklike leiding oor protes of verset is deur die kerk gegee nie- net die kerk se oortuiging dat wet en orde gehandhaaf moet word, is beklemtoon.[9]

### 7.5 DIE OSSEWA BRANDWAG: NASIONAAL-SOSIALISTIESE VERSET TEEN DEMOKRASIE

Die OB het parlementêre politiek verwerp en geweldadige verset beoefen in sabotasie en enkele sluipmoorde met die hoop om 'n Afrikanerrepubliek te vestig op grond van nasionaal-sosialisme.[10] Die NG Kerk het hom self hieroor in verskeie studiestukke verantwoord en duidelik teenoor nasionaal-sosialisme lidmate begelei in 'n Christelik- Clavinistiese staatkunde.[11] Geweld is weereens uit Gereformeerde belydenis en waardes verwerp. Hierdie leiding het gemaak dat die NG Kerk nie opgegaan het in die

---

[4] Van der Walt, P.B. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1834 – 1866, p.13,14.
[5] Van der Walt, P.B. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1834-1866, p.17
[6] Van der Walt, P.B. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1905 – 1975, p. 334.
[7] Van der Walt, P.B. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1905 – 1975, p. 346
[8] Van der Walt, P.B. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1905 – 1975, p. 361
[9] Van der Walt, P.B. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1905 – 1975, p 358-362
[10] Giliomee, H Die Afrikaners, 'n Biografie, p. 393.
[11] Van der Walt, P.B. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1905 – 1975, p.368

verdeeldheid van die "Duitse Christene" teenoor "Belydende Christene" soos in Duitsland nie[12], en daarom ook nie iets soos die Barmenverklaring nodig gehad het teenoor nasionaal-sosialisme nie.

### 7.6 DIE NG KERK EN VERSET TEEN APARTHEID

Die NG Kerk het eers in 1986, nadat die magsbasis van apartheid begin verval het, standpunt ingeneem oor die protes en verset teen apartheid. Met "Kerk en samelewing" het die NG kerk verset werklik aangespreek as geregverdigde optrede teen 'n owerheid:
Binnelandse verset teen 'n bepaalde politieke bestel sou dus nie gerig word teen die staat as sodanig nie, maar teen die owerheid as verteenwoordiger van die staat op daardie bepaalde tydstip." 311 " Die Gereformeerde teologie ken wel die reg tot opstand in hoogs uitsonderlike gevalle, maar kwalifiseer dit dan in dié sin dat dit op 'n ordelike wyse deur verantwoordelike persone ("mindere magisrate") gehanteer moet word en nie deur die kerk nie." 322 Weerstand teen 'n bepaalde politieke bestel is eties in beginsel slegs aanvaarbaar wanneer dit verset teen onreg is" 323 "As allerlaaste moontlikheid van verset teen onreg (dws nadat alle ander moontlikhede volhardend en by herhaling misluk het) kan geweldlose verset en burgerlike ongehoorsaamheid uit die oogpunt van die etiek ten minste teoreties nie as onaanvaarbaar verwerp word nie." 328[13]

Hiermee het die NG Kerk die verset van die anti-apartheidsbewegings in beginsel erken as moreel geregverdig – en daarmee dan ook enige toekomstige verset teen 'n owerheid waar alle ander moontlikhede nie meer werk nie.

### 7.7 VERSET AS 'N MINDERHEIDSGROEP BINNE 'N SEKULÊRE STAAT

Die verandering van die staat in 1994 was vir die Christelike kerk ingrypend. Die nuwe staat is volgens die grondwet nie Christelik nie en in baie opsigte 'n sekulêre staat. Die owerheid kan en wil homself nie meer aan die geloof en waardes van die Christelike godsdiens verantwoord in sy wetgewing en regering nie. Die veronderstelling waarmee die NG Kerk nog altyd gewerk het, die van 'n Christelike owerheid en 'n Christelike gemeenskap, het verval. Met die verval van apartheid en die onderskeiding van burgerskap volgens ras en tuislande het die lidmate van die NG Kerk 'n minderheidsgroep geword sonder enige wesenlike mag in die owerheid. NG lidmate is ook op 'n syspoor gerangeer die nuwe owerheid wat homself beywer vir die herstel van regte van die meerderheid, wat as benadeelde gemeenskap gereken word teenoor NG lidmate wat as bevoorregtes gereken word. Die NG Kerk sal homself ook moet herposisioneer as 'n kerk vir 'n minderheidsgroep binne 'n veranderende gemeenskap. Enige vorm van verset sal en moet verreken word as die optrede van 'n minderheidsgroep in 'n sekulêre gemeenskap. Daarom sal verset hanteer moet word saam al die lede van die NG kerkfamilie en ook ander Christelike kerke.

### 7.8 OPSOMMEND

Opsommend kan gestel word dat: 1) die NG Kerk met die Groot Trek en met Apartheid homself misgis het met die aard en inhoud van verset, 2) behalwe vir die optrede teen nasionaal-sosialisme die NG Kerk altyd eers ná die verset homself daaroor verantwoord het, 3) die NG Kerk nog elke keer uit sy belydenis (NGB 36) en die Skrif (Rom.13) geweld verwerp het, 4) die NG Kerk hom genoegsaam oor verset uit die Gereformeerde belydenisse en die Skrif kon verantwoord het en nie nodig gehad het om uit ander kerklike belydenisse of tradisies te moes put nie en 5) die veronderstelling waarmee die NG Kerk tot 1986 gewerk het, was dat die owerheid Christelik is en in sy wetgewing Christelik wil wees.

## 8. DIE WANFUNKSIONERING VAN DIE SUID AFRIKAANSE OWERHEDE

Vir die opdrag van die taakspan is dit gewoon net 'n gegewe dat owerheidsinstellings van die sentrale regering tot munisipaliteite diepgaande wanfunksioneer. Die verval in openbare dienslewering op alle vlakke van die gemeenskap is 'n gegewe wat nie bewys hoef te word nie. Dit geld vir feitlik alle openbare dienste: elektrisiteitsvoorsiening, polisiëring, gesondheid, vervoer, onderwys, lisensiëring, regspleging, watervoorsiening en omgewingsbewaring.

Wat die taakspan wel wii aantoon is die aard van die wanfunksionering – dit gaan nie oor 'n gebrek aan menslike gewilligheid of hulpbronne nie. Dit gaan oor die feit dat openbare ampte en poste beklee word sonder effektiewe aanspreeklikheid vir die lewering van openbare dienste. Die kontrole en beheer van die owerheid van straf vir swak dienslewering en onverantwoordelikheid, en die beloning vir goeie dienslewering, is besig om in baie gevalle te verskuif na beloning vir gedienstigheid aan mag en bestraffing vir mense wat magsmisbruik aanspreek.

[12] Gritsh, EW a History of Luteranism, p. 222- 228
[13] Algemene Sinode NG Kerk, Kerk en Samelewing 'n Getuienis van die Ned Geref Kerk, pp 53-56

Hierdie verskuiwing is besig om alle openbare instellings onder druk te plaas en in gedrang te bring: Persvryheid: die owerheid wil 'n media tribunaal instel in die plek van selfregulering van die pers; die arrestasie van verslaggewers oor onthullings van
korrupsie; Eiendomsreg: die owerheid wil privaatgrondbesit nasionaliseer buite die vraag en aanbod van die vrye mark en self pryse bepaal; Die polisie en intelligensie: die gebruik van staatsinstellings om politieke opposisie te inkrimineer of te kriminaliseer; Die vervolgingsgesag: presidensiële inmenging in die regsproses.

*Ons ervaar die opbou van 'n magselite wat die staatsmiddele en stukture gebruik vir hulle eie belang en nie vir openbare dienslewering nie. Hierdie verskuiwing van dienslewering na magsmisbruik maak dat verset toenemend die laaste uitweg vir landsburgers word.*

## 9. DIE VERHOUDING KERK EN STAAT

### 9.1 JESUS CHRISTUS IS DIE HERE VAN DIE KERK EN DIE WÊRELD

Gereformeerde verset gaan oor die geloofsbelydenis dat Jesus Christus die Here is. Hy is Here van die kerk én Here van die wêreld:"*Jesus Christus, die geloofwardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.*" (Open 1:4) Hy het die wêreldmagte in sy hand. Hulle is en bly dienaars in sy voorsienige bestuur van die wêreldgebeure. Die vorming van gemeenskappe, state en owerhede, hulle voortgang en einde, is die magtige werking van Jesus Christus. (Open. 5:9) Gereformeer-de verset is allereers 'n geloofsdaad waarin die sigbare selfbemagtiging van owerhede en magte nie geglo word nie en Jesus Christus se onsigbare mag om ons deur goed en kwaad in sy voorsienige sorg te hou, openbaar bely word. Jesus Christus self het die aanspraak van die owerheid op goddelikheid in die regte perspektief gestel in sy opdrag: "*Gee dan aan die keiser wat aan die keiser behoort en aan God wat aan God behoort.*"(Matt.22:21) Die oorheersing, intimidasie, onderdrukking, verlies van werk en besigheid en die geweld waarmee ons gedwing word om te moet glo in die oppermag van owerhede, verdra ons in bereidheid tot lydsaamheid omdat ons glo God is in beheer. (Jes. 40) Daarom is verset eerstens 'n getuienis oor en 'n teken van die koninkryk van God. Die inkering in 'n geestelikheid waarin Jesus net Here van my eie en persoonlike lewe is, maar waarin owerhede geglo word as heersers van 'n wêreld waarin Christus afwesig is, is 'n daad van ongeloof. Dit kan nie geregverdig word as 'n Christelike aanvaarding van gehoorsaamheid aan die owerheid nie.

### 9.2 ONS VERBINTENIS AAN DIE EVANGELIE EN DIE WET

Gereformeerde verset gaan oor die wyse waarop die Here ons aan die Evangelie en wet verbind. Ons word nét deur die Evangelie as sondaars geregverdig om weer verbind te word aan die wet van die Here as die wyse waarop ons ons naaste liefhet. "*Die liefde vir God bestaan dan daarin dat ons sy wet gehoorsaam*" (1 Joh.5:3) Die wet waaraan die Here ons verbind tot naasteliefde is die wet waardeur Hy alle mense regeer in die gemeenskap. "*Die optrede van sulke mense bewys dat die wet van God in hulle harte geskrywe staan.*"(Rom.2:15) Daarom moet ons alle mense volgens hierdie wet liefhê, al is hulle ook ons vyande. Daarom kan Gereformeerde verset nooit net 'n aksie wees waarin ons na reg en geregtigheid soek nie. Die strewe na reg en geregtigheid is vir ons die wyse waarop ons ons naaste wil liefhê, ook ons vyande. Ons gedrag in verset word deur die Gees bepaal en nie deur die onreg waarteen ons ons verset nie.(Gal.5:25) In Gereformeerde verset is daar 'n solidariteit met die regeerders as sondaars omdat ons self struikelend is, maar 'n strewe na reg en geregtigheid uit en tot liefde. In Gereformeerde verset verval die polarisasie van onderdrukkers en bevryders, onregverdiges en regverdiges, sondaars en heiliges, vir 'n liefde waarin almal deel in dieselfde reg en geregtigheid, gelowig en ongelowig. Ons kan nie in 'n geestelikheid opgaan waarin die liefde los staan van die wet waardeur God elke mens regeer nie. 'n Geestelikheid met eie en selfgemaakte geestelike wette oor gesindhede, houdings en innighede, wat nie deel van die gemenereg oor reg en geregtigheid is nie, is 'n inkeer in 'n selfgemaakte wêreld met selfgemaakte reëls terwyl die onreg en ongeregtigheid in die openbare wêreld met 'n gelatenheid aanvaar word. Liefde is altyd verset teen onreg en ongeregtigheid, maar in solidariteit met sondaars, regeerders en onderdane.

### 9.3 DIE KERK AS VERBONDSGEMEENSKAP

Gereformeerde verset, hetsy individueel of kollektief, geskied altyd vanuit en in verantwoording teenoor die verbondsgemeenskap. Oorheersing en onderdrukking deur owerhede is nooit 'n privaat - of persoonlike saak nie. Dit is gemeenskappe wat onderdruk word, ook die kerk as verbondsgemeenskap. Hierdie verbondsgemeenskap van die kerk is nie 'n geestelikheid los van die openbare gemeenskapinstellings soos skole, vakbonde, sakekamers en verenigings nie. Die uniekheid van die kerk as verbondsgemeenskap lê in sy verbondenheid aan God se genade en in sy gehoorsaamheid vanuit hierdie genade. Daarom kan Gereformeerde verset net beoefen word as dit deel is van gemeenskapsverset: as kerklike gemeenskap in en met ander openbare instellings. Die aanspreeklikheid vir en die dra van die gevolge van verset, individueel en kollektief, moet altyd deur die verbondsgemeenskap gedra word. Gereformeerde verset kan nooit die aksie wees van enkele begeesterde individue of groepe wat hulle

demonstratief verset sonder enige verantwoording oor hulle verset teenoor die kerklike - of openbare gemeenskap in wie se belang hulle hulle verset nie. Vir Gereformeerde verset is die deelname aan die kerklike en openbare gemeenskap 'n voorveronderstelling.

**9.4 ROEPING EN ARBEID**

Gereformeerde verset gaan altyd oor roepingsvervulling en arbeid. Talente en geleenthede is gawes van God. Dit word deur die geloof as gawes van God ontvang en as middele opgeneem om God te dien. Diens aan God in die Gereformeerde geloof is altyd die gewone arbeid waarmee elke mens elke dag besig is, nie net ekonomiese arbeid nie, maar al ons menslike handelinge wat selfs kosmaak en huishou insluit. Ons ken geen skeiding tussen geestelike diens aan God en medemenslike diensbaarheid nie. Daarom kan ons nie in 'n geestelikheid berus waarin ons ons gewone daaglikse arbeid nie as diens teenoor God kan opneem nie. Gereformeerde verset teen oorheersing beteken dat ons nooit ons talente en geleenthede kan ontken, misken of versaak as 'n diensbaarheid teenoor God en ons naaste nie. Hierdie selfontkenning is 'n gedienstigheid aan oorheersing deur mag waarin ons ons roeping teenoor God versaak. Dit is geen offervaardigheid teenoor God nie. Daarom kan ons wel in passiewe verset emigreer of uit openbare poste onttrek waar ons nie meer ons roeping teenoor God kan vervul nie, maar ons kan nooit van ons roeping en arbeid onttrek om daardeur die openbare diens aan God en ons medemens in wanorde te laat verval nie. Gereformeerde verset het nooit as oogmerk die ontwrigting of vernietiging van openbare dienste nie. Dit gaan oor die instandhouding van openbare dienste: voedselproduksie; veiligheid; beskerming; opvoeding; wetspleging en gesondheid.

**9.5 DIE ONDERSKEID TUSSEN GESAGSTAAT EN MAGSTAAT VOLGENS DIE SKRIF**

Gereformeerde verset gaan oor die gehoorsaamheid aan die gesagstaat (Rom.13:1-7) en die volharding in geloof en diens aan God onder die magstaat (Open.13:1-10.) 'n Gesagstaat word gevorm en bestaan waar 1) owerhede hulle gesag uitoefen as 'n amp waarin hulle verantwoordelik staan teenoor die gemeenskap, 2) waar hulle tot openbare diens verbind is, 3) waar hulle diens beloon en onreg bestraf deur die middele waarmee die staat beklee is. 'n Magstaat word gevorm en bestaan waar 1) regeerders nie meer onderskei tussen hulle amp en persoon nie, 2) nie verantwoordbaar staan teenoor die gemeenskap wat hulle moet dien nie en, 3) wat die middele waardeur hulle moet regeer opneem om hulle self te bevoordeel en mense wat die regeerdes se eie belange nie dien nie te bestraf.

Gereformeerde verset gaan altyd oor 'n gehoorsaamheid aan God wat meer en groter is as die wette van die owerheid: "Julle moet self besluit wat voor God reg is: om aan júlle gehoorsaam te wees of aan God." (Hand 4:19) Daar kan geen ongehoorsaamheid aan God se wil en wet wees ter wille van God nie. Daarom kan ons nooit geweld en wetteloosheid opneem as 'n manier om te verset nie. Ons verset gaan oor gehoorsaamheid aan die gesagstaat wat die owerheid bedoel is om te wees, maar misken in sy wil om magstaat te wees. Gereformeerde verset gaan oor die ontwrigting en verbrokkeling van die magte van owerhede wat 'n magstaat oprig, of probeer oprig, deur volharding in gehoorsaamheid aan die gesagstaat wat hulle behoort te wees. Dit is die wyse waarop die vroeë kerk die Romeinse magstaat tot 'n Christelike staat omvorm het – deur gehoorsaam te wees aan die gesag wat hulle bedoel was om uit te oefen. Dit was die wyse waarop hulle die magte van hierdie staat vernietig het: deur volhardende gehoorsaamheid aan die gesag wat hulle moes uitoefen het. *Dit is ook die wyse waarop Christene in Zimbabwe die magstaat laat ontwrig en verbrokkel het – deur volhardende gehoorsaamheid aan die gesag wat hulle uitoefen het.*

**9.6 PROFESIE EN VERSET**

Profesie in die Bybel gaan nie om toekomsvoorspelling nie. Dit gaan oor die aankon-diging van die Woord van God oor wat reg en verkeerd is in 'n gegewe oomblik en oor die gevolge van sonde en gehoorsaamheid. Daarom is profesie altyd pro-aktief. Dit roep op tot koerswysiging, tot bekering, voor die voorsiene ellende. Profesie is om die konflik van reg en onreg aan die orde te stel voor die rampe wat ongehoorsaamheid tot gevolg het, intree. " *Een oomblik kondig Ek aan dat Ek 'n nasie, 'n koninkryk sal afbreek, sal uitroei, sal vernietig. Maar wanneer dié nasie hom bekeer van die boosheid waarvoor Ek hom wou straf, sien Ek af van die straf wat Ek oor hom wou bring, en die volgende oomblik kondig Ek aan dat Ek die nasie en die konikryk sal bou en sal vestig.*"(Jer.18:7-9) Gereformeerde verset is deel van die profesie roeping van die kerk: dit stel die gemeenskap verskoningloos voor sy eie ongeregtigheid. 'n Geestelikheid waarin die kerk konflikloos leef binne die onreg en ongeregtigheid van die owerheid aan die een kant en terselfde tyd 'n katastrofale einde sien as deel van ons noodlot is afgodsdiens. Dit ontken die veranderinge wat God bewerk op bekering deur die profetiese stem van die kerk. Waar die kerk sy profetiese verset opneem ontsluit die Woord van die Here in woord en voorbeeld in volle rykdom: heidennasies bekeer hulle van onreg (Jona en Ninive); onveranderlike wette kan die verbondsgemeenskap nie vernietig nie (Ester- wet van Meders en Perse); die ontbloting van die korrupsie van 'n magselite (Miga); God se beskerming teen 'n godlose amptenary (Daniël); die illusie van mag teen die oordeel van God (Amos en Hosea); die valsheid van priesters sonder 'n profetiese stem; die sug na versetlose en kritieklose kerk (dood van Johnnes die Doper en die kindermoord in Rama); die Here se profesie oor die val

van Jerusalem en die Christene wat uit die stad gevlug het voor sy val; die aankondiging van die val van die stad Rome en die Romeinse ryk in die Openbaring van Johannes en die kerk wat hom van die ryk onderskei het. As die kerk nie hierdie profetiese versetrol sal vervul nie, sal die kerk deel van die kwaad wees: " *Omdat jy hom nie gewaarsku het nie, sal hy deur sy sonde sterf en die goeie dinge wat hy gdoen het, sal nie onthou word nie, maar Ek sal van jou rekenskap eis vir sy dood.*" (Eseg.3:20)

## 10. GEREFORMEERDE VERSET EN DIE WETENSKAP

Verset as nie-gewelddadige aksie is 'n akademiese vakgebied wat aan universiteite wêreldwyd gedoseer word in verskeie fakulteite. Dit het niks te doen met emosionele opwelling en roekelose aanhitsing nie. Die kerk sal homself nie net deurlopend Skriftuurlik nie, maar ook wetenskaplik oor verset moet verantwoord. Sake soos die verskillende fases van verset, die dinamika van verset, die metodes van verset; mag en magverskuiwings, is alles sake wat reeds wetenskaplik verantwoord word. Ons gee een voorbeeld. Gene Sharp wys dat die metodes van verset vir elke situasie spesifiek gekies moet word om dit verantwoordelik as nie-geweldadige verset te beoefen. Hier moet die geskiedenis en gewoontes van 'n gemeenskap verreken word; die ervaring en kennis van nie-geweldadige verset van die deelnemers daaraan; tot watter ontbering die mense bereid is; die doelwitte van die owerheid; tot watter brutaliteit die owerheid bereid is; die ondersteuning uit die gemeenskap; die kwaliteit van die leiers van verset; die aard en omvang van onreg en griewe; die reglees van die sielkunde van die oomblik.

Daarom is dit die mening van die taakspan dat die sinodale verband hier leiding moet gee deur 'n staande taakspan saam te stel waarin verskillende persone uit verskillende vakgebiede betrek kan word om met verantwoording die kerk te bedien. Hierdie uitdaging het waarskynlik gekom om vir 'n lang ruk te bly.

## 11. RIGLYNE VIR DIE PRAKTYK VAN GEREFORMEERDE VERSET (GV)

1) GV is 'n uitdrukking van ons geloof dat Jesus Christus die Here van die wêreld is.
2) GV is 'n weiering om te wanhoop ten spyte van die oorheersing, intimidasie, geweld roof en moord wat deur 'n owerheid gepleeg word.
3) GV is altyd die soek na reg en geregtigheid vir alle mense uit liefde en nie uit wraak, eiegeregtigheid, magteloosheid of hebsug nie.
4) GV is nooit die soeke na eie – of groepsbelange nie, maar die soeke na die beswil van die hele gemeenskap.
5) GV behoort vanuit die geloofsgemeenskap beoefen word.
6) GV kan net in gehoorsaamheid aan die Woord van God beoefen word.
7) GV is 'n konsekwente uitvloeisel van 'n Geesvervulde lewe waar kwaad nooit aanvaar word as 'n normale deel van van die gemeenskap nie.
8) GV moet met volhardende lydsaamheid deurgevoer word.
9) GV het ten doel dat die owerheid weer aan sy roeping sal beantwoord om sy openbare diens te vervul.
10) GV word altyd beoefen met die nederige besef: ons is net diensknegte, God alleen beskik die gang van wêreldgebeure.
11) In GV bly ons volhardend bid vir die owerheid.
12) GV is nie geweldadig nie, maar beslis in 'n vaste voorneme om kwaad te weerstaan en goed te doen.
13) GV is om God se bedoeling vir die wêreld steeds te bly droom: dat die wolf en die lam sal saamwei en dat nasies van hulle swaarde ploegskare sal smee en van hulle spiese snoeiskêre.
14) GV het ten doel dat elke Christen asook die kerklike gemeenskap in staat is om in sy wêreld sout van die aarde en lig vir die wêreld te wees om sodoende 'n skans teen onreg op te rig.

---

**Gene Sharp se Metodes van Nie-geweldadige Optrede met enkele voorbeelde uit elke kategorie.**[14]

**1. Nie-geweldadige protes en oorreding**
1.1 Formele verklarings 1.2 Briewe 1.3 Petisies 1.4 Simbole 1.5 Baniere 1.6 Publikasies soos pamflette en joernale 1.7 Vertoon of dra van simbole 1.8 Gebed en aanbidding 1.9 Nuwe tekens en name 1.10 Optogte 1.11 Protesbyeenkomste 1.12 Stilte 1.13 Om die rug te keer op iemand.
**2. Sosiale nie-samewerking**
2.1 Staking van sosiale of sport-aktiwiteite 2.2 Boikot van sosiale geleenthede 2.3 Studente staking 2.4 Sosiale ongehoorsaamheid 2.5 Onttrekking aan sosiale instellings. 2.6 Tuisbly.
**3. Ekonomiese nie-samewerking**
*3.1 Ekonomiese boikotte*

[14] Sharp, G Power and struggle, pp xii-xvi

3.1.1 Verbruikersboikot 3.1.2 Weiering om eiendom te verhuur of te verkoop 3.1.3 Uitsluiting 3.1.4 Onttrekking van bank deposito's 3.1.5 Weiering om gelde en heffings te betaal.3.1.6 Verbod op handel deur 'n regering.

*3.2 Ekonomiese nie-samewerking*

Staking: Al die verskillende vorms van stakings.

**4. Metodes van politiese nie-samewerking**

4.1 Verwerping van gesag 4.2 Boikot van verkiesings .4.3 Onttrekking aan regeringsliggame 4.4 Onttrekking aan regering se opvoedkundige instansies 4.5 Weiering van samewerking met toepassings-beamptes 4.6 Burgerlike ongehaarsaamheid aan "onwettige" wette.

**5. Metodes van nie-geweldadige ingrype**

5.1 Hongerstaking 5.2 Nie-geweldadige fisiese obstruksie 5.3 Oorlaai van fasiliteite en administratiewe stelsels 5.4 Alternatiewe kommunikasie sisteem 5.5 Nie-geweldadige grondbesetting 5.6 Vullisstorting 5.7 Alternatiewe markte 5.8 Bekendmaking van die identiteit van geheime agente 5.9 Strewe na gevange-neming



# A.2 Bylae 2
[Vgl SDR-verslag pt. 2.1.6]

# MISDAAD EN GEWELD



Hierdie dokument is 'n verslag wat deur die Algemene Sinode 2007 hanteer is. (Vgl Agenda Algemene Sinode 2005 Deel I A.2.1 bl 100, 104 pt 5.6.3 en Agenda Deel II bl 14; asook Handelinge bl 100 pt 17)

## 1.1 OPDRAG
1.1.1 Die Moderamen het op 29/30 Januarie 2007 besluit om 'n ad hoc-kommissie aan te wys om 'n studiestuk met die oog op die komende Algemene Sinode voor te berei oor die gereformeerde teologiese beginsels betrokke by protes en verset teen geweld en misdaad, asook ten opsigte van selfbeskerming. Die Noordelike Sinode en die Sinode van Oos-Transvaal, saam met die Teologiese Fakulteit UP, het verantwoordelikheid vir die studiestuk aanvaar.
1.1.2 Die taakgroep, bestaande uit Gerrit Cloete, Fanie Cronje en Petrus Kriel (Noordelike Sinode), Johan Marais en Ettienne de Villiers (Oos-Transvaal) en Conrad Wethmar (UP), se eerste probleem was om die opdrag behoorlik te fokus. Uiteindelik is geoordeel dat die opdrag nie 'n studie na "gereformeerde protes" behels nie. Hierdie term word tradisioneel gebruik waar 'n politieke bestel onmoontlike eise aan sy burgers stel en waar die burgers metodes van verset teen die owerheid moet oorweeg. Die taakgroep het gevolglik op die huidige situasie waar misdaad en geweld kommerwekkende afmetings aanneem, gefokus.
1.1.3 Die vraag by die taakgroep was deurentyd of die Algemene Sinode hom hieroor moes uitspreek. Daaroor was daar volle konsensus: die Algemene Sinode kan nie stilbly nie! Die groep het gevolglik probeer om enkele lyne te trek wat tot sinvolle besluite kan lei.
1.1.4 Die taakgroep sien hierdie verslag en aanbevelings beslis nie as die einde van die gesprek nie. Ten eerste was die beskikbare tyd te min vir uitgebreide navorsing en konsultasie, en tweedens het die groep geoordeel dat die gesprek 'n deurlopende een moet wees. Vanuit die lywige dokumentasie wat reeds deur lede van die groep uitgewerk en deur die groep beoordeel is, is 'n baie beknopte konsentraat gemaak. Die gedagte is dat hierdie verslag as 'n vertrekpunt vir verdere aksies kan dien. 'n Belangrike aanbeveling is dan ook dat die Algemene Sinode 'n meganisme tot verdere gesprek moet skep.

## 1.2 INLEIDENDE PERSPEKTIEF
Binne die geografiese gebied van die NG Kerk, en by name in die Republiek van Suid-Afrika, neem misdaad en geweld sodanige afmetings aan dat dit die hele samelewingsfunksionering beinvloed. Beskikbare statistiek toon dat die situasie baie ernstig is, maar statistiek alleen vertel nie die hele verhaal nie. Die samelewing se persepsies en emosies teken die situasie net so helder soos enige statistiek. Van die persepsies wat bestaan is dat misdaad van jaar tot jaar erger word; dat die polisie nie in staat is om die misdaadgolf te keer nie; dat die regte van misdadigers meer tel as die van wetgehoorsames en dat daar geen realistiese politieke wil by die landsleiers is om misdaad en geweld te beperk nie. Hierdie persepsies word dikwels geskep of versterk wanneer mense self slegte ervarings beleef of wanneer die negatiewe ervarings van ander letterlik deur elke tweede nuusberig of gesprek oorgedra word. Die gevolg is dikwels dat emosies ontwikkel wat wissel van bekommernis tot vrees tot moedeloosheid tot depressie tot woede. In hierdie situasie kan die kerk en sy lidmate 'n wesenlike bydrae tot perspektief en hoop en positiewe aksies maak.

## 1.3 DIE SITUASIE
### 1.3.1 Beskikbare statistiek
1.3.1.1 Die volgende gegewens, hoofsaaklik verskaf deur die Instituut vir Strategiese Studies, gee 'n beeld van die huidige misdaadsituasie in Suid-Afrika:
*1. Die aantal moorde per 100,000 het van 66,9 in 1994/5 tot 39,5 in 2005/06 afgeneem. Die huidige syfer is steeds 20 keer hoer as die van Brittanje en 8 keer hoer is as die wereldgemiddelde.
*2. Motorkapings het in 2004/5 met 10.1% afgeneem, maar in die laaste jaar met 2.6% toegeneem. Transitorooftogte het met 74% toegeneem en roof by winkelsentrums met 32 %.
*3. Verkragtingsyfers het sedert 1994 stabiel gebly teen die huidige vlakke. Dit is ongeveer 55,000 vroue per jaar oftewel 150 per dag.
*4. Gewone roof het sedert 1994 met 90% toegeneem selfs al het die voorvalle in die laaste jaar heelwat gedaal.
*5. Roof met verswarende omstandighede het van 1994 tot 2005 met 17 % toegeneem. (SA Crime Quarterly 19 March 2007).

1.3.1.2 In 'n studie oor georganiseerde misdaad op die Kaapse vlakte is bevind dat bendebedrywighede reeds in die vorige politieke bedeling bestaan het. Sedert 1994 het georganiseerde misdaadsindikate egter ontwikkel. Irvin Kinnes beskryf die verandering so: "Street gangs are no longer characterised by youngsters who hang around the streets of local communities to 'defend' the community from rival gangsters. They have developed into organised criminal empires."

1.3.1.3 By die Wereld Ekonomiese Forum in 1997 is Suid-Afrika as 'n land met 'n endemiese en onomkeerbare misdaadprobleem beskryf (Andre Standing: Organised Crime:2006:36), onder meer omdat internasionale misdaadsindikate meer aktief in die land bedrywig is. Kommentators voer veral drie redes vir hierdie internasionale sindikate se belangstelling in Suid-Afrika aan: (1) die gesofistikeerde ekonomie van Suid-Afrika wat met sy banke, kommunikasiestelsels en infrastruktuur alles bied wat die sindikate nodig het om hulle besigheid te bedryf; (2) oper grense met minder kontrole as tevore wat dit makliker maak om oor die grense te beweeg; en (3) polisiering wat om verskeie redes minder effektief geword het.

### 1.3.2 Invloed op die kerklike gemeenskap

1.3.2.1 Hier word nie gepoog om al die invloede, of hoe die hele samelewing geraak word, te beskryf nie. Slegs enkele sake wat die kerklike bediening of funksionering raak, word genoem.

1.3.2.2 Wanneer na gemeentes gekyk word, moet deeglik kennis geneem word van lidmate se belewenis van misdaad en geweld en hoe dit hulle liggaamlik, geestelik en psigies raak. Navorsing in 'n spesifieke gemeente het reeds in 2005 getoon dat soveel as 67% van lidmate op 'n baie persoonlike vlak deur misdaad en geweld geraak is. Verhale van getraumatiseerde persone is volop in elke gemeente.

1.3.2.3 Die blootstelling aan misdaad en aan die verhale daaroor het dikwels die gevolg dat vertroue in staatsinstellings kwyn.

1.3.2.4 Die persepsie dat misdaad tog maar algemene praktyk geword het, lei daartoe dat mense wat gewoonlik wetsgehoorsaam is, in die versoeking kom om ook maar wette te oortree.

1.3.2.5 By baie is daar 'n gevoel van magteloosheid en vrees. Dit is veral die moontlikheid om in jou eie huis slagoffer te word wat baie vrees veroorsaak.

1.3.2.6 Kerklike aktiwiteite word beinvloed, byvoorbeeld: Kerkpersele is minder toeganklik as voorheen. Wagte moet motors tydens eredienste oppas. Besoekwerk word moeiliker weens veiligheidsheinings. Die veiligheid van ampsdraers in die uitvoering van hulle diens kan nie gewaarborg word nie. Bywoning van aandaktiwiteite word geraak. Baie lidmate beleef al meer dat hulle in 'n kokon ingedruk word. Vir ander is die misdaadsituasie weer 'n goeie verskoning om in hulle eie kokon te bly!

### 1.4 Enkele teologiese oorwegings

Die vraag is nou of daar enige Bybelse perspektiewe is wat in die huidige situasie leiding kan gee. Daar moet veral gevra word watter riglyne bestaan wat die kerk kan help om hoop te bring en 'n verskil te maak.

1.4.1 Die primere perspektief is die belydenis dat hierdie wereld God se wereld is. Al lyk dit asof misdaad en misdadigers onbelemmerd voortgaan, beteken dit nog lank nie dat God bloot 'n passiewe toeskouer is nie.

1.4.2 God se aktiewe betrokkenheid word sigbaar daar waar die gelowiges as sy beelddraers lig vir die wêreld en sout vir die aarde is.

1.4.3 'n Misdaadsituasie maak nie van betrokkenes blote slagoffers nie. Selfs in 'n situasie van trauma moet onthou word dat God steeds in beheer is en dat sy stem gesoek en herken moet word.

1.4.4 Vanuit die Bybelse beginsel van eerbeid vir, en beskerming van lewe, moet elkeen keer dat hulle slagoffers word. Toepaslike beveiliging van jouself (passief deur byvoorbeeld die vermyding van gevaarsituasies en aktief deur selfverdediging) is nie alleen aanvaarbaar nie maar 'n verantwoordelikheid.

1.4.5 Misdaad en geweld is in wese oortreding van God se wet. Wanneer iemand hom aan 'n ander se persoon of besittings vergryp, oortree hy die eise van sowel die Tien Gebooie as Jesus se samevatting van die Wet.

1.4.6 Die misdadiger kan dus veroordeling en straf verwag. Kerklike steun aan 'n sisteem van wetstoepassing vloei voort uit die beskerming van die waardigheid van die lewe. Straf moet egter met die oortreding verband hou en mag nie as 'n aksie van wraak uitgevoer word nie.

1.4.7 Die misdadiger staan egter nie sonder meer buite God se genade nie. Ook 'n misdadiger moet met God se boodskap van versoening en vergifnis gekonfronteer word.

1.4.8 'n Laaste perspektief is dat ons nie die eerste geloofsgemeenskap is wat aan misdaad en geweld blootgestel word nie. Ook die mense wat ons in die Bybel ontmoet was aan geweld en misdaad blootgestel. Trouens, baie van die literatuur wat vandag deel van ons Bybel uitmaak het juis in of na aanleiding van 'n krisis, wat dikwels met geweld gepaard gegaan het, ontstaan. Dieselfde boodskap wat aan hulle leiding en hoop gegee het, geld vandag vir ons.

### 1.5 Die kerk se bydrae

Teen bogenoemde (kursoriese) agtergrond het die kerk die taak om leiding en hoop te gee. In sy profetiese stem moet die kerk veral die volgende laat hoor:

1.5.1 Misdaad en geweld moet nie in isolasie gesien word nie. In wese is dit 'n oortreding van God se wet wat soos enige wetteloosheid betreur en bestry moet word.
1.5.2 Persepsies van magteloosheid, woede en wraak moet erken en begryp, maar doelbewus omgekeer word. In die omkeringsproses is 'n besef van afhanklikheid van God se genade en sy deurlopende en finale oordeel oor die sonde belangrik.
1.5.3 Die openbare mening mag nie die bepalende faktor in die kerk se besinning wees nie. Die kerk moet steeds besef dat hy God se gemeenskap is wat vanuit God se Woord en Gees leef en deur Hom gebruik word om 'n verskil in die wereld te maak.
1.5.4 Wanneer die kerk uitsprake oor misdaad en geweld maak, moet hy hom nie bloot deur persepsies laat lei nie. Betroubare inligting en goeie navorsing is nodig om 'n verantwoordbare ontleding te kan maak van die omvang, oorsake en effek van misdaad en geweld. Hieraan sal die kerk nog baie aandag moet gee.
1.5.5 Wanneer die kerk spesifieke oorsake van geweld identifiseer (byvoorbeeld armoede, 'n gees van materialisme of 'n algemene gebrek aan dissipline) moet hy aktief met alle betrokke partye saamwerk om 'n gesonder samelewing te bou.
1.5.6 Die kerk moet sy lidmate inspireer om waarlik sout van die aarde en lig vir die wereld te wees. Teenoor 'n wereld met baie wetteloosheid moet die kerk se lidmate as bakens van liefde en integriteit uitstaan.
1.5.7 Die kerk en sy lidmate mag nie die verantwoordelikheid om misdaad te bestry aan ander instansies, byvoorbeeld die staat, probeer oordra nie. Die kerk moet in sy boodskap en in die optrede van sy lidmate 'n samelewing help skep waarin hoe morele waardes die norm word.
1.5.8 Die kerk moet die slagoffers van misdaad en trauma pastoral ondersteun. Ondersteuning deur die ampte en deur lidmate onderling, asook die vorming van ondersteuningsgroepe behoort 'n algemene praktyk in die kerk te wees.
1.5.9 Die kerk moet ook die verantwoordelikheid vir gemeenskapsbeveiliging bevorder deur lidmate aan te moedig om na mekaar om te sien. Betrokkenheid by gemeenskapstrukture kan onder meer hiertoe bydra.
1.5.10 Die kerk moet ook die moeilike omstandighede van wetstoepassers raaksien. Ondersteuning deur byvoorbeeld gebede en ondersteuningsgesprekke kan lede van die polisie, korrektiewe dienste en selfs private sekuriteitondernemings help om perspektief te behou en trauma te verwerk.
1.5.11 Die kerk mag ook nooit die misdadigers se nood vergeet nie. Misdadigers en hulle naasbestaandes moet ook as slagoffers gesien word wat 'n behoefte aan God se genade het.

**1.6 Besluite: Geweld en misdaad**
1.6.1 Die Algemene Sinode
1.6.1.1 is saam met die res van die gemeenskap intens bekommerd oor die hoe vlakke van misdaad wat tans in Suid-Afrika voorkom en die geweld wat daarmee gepaard gaan;
1.6.1.2 spreek sy diepe meelewing uit met die slagoffers van geweld;
1.6.1.3 verbind hom daartoe om alles in sy vermoe te doen om by te dra tot genesing van die samelewing.
1.6.2 Die Algemene Sinode
1.6.2.1 erken dat insidente van misdaad baie emosies by lidmate, en veral by slagoffers van misdaad ontlok wat dit moeilik kan maak om gebalanseerde perspektief te behou, maar versoek hulle nietemin om in elke situasie steeds verantwoordelik op te tree;
1.6.2.2 pleit by lidmate om as resultaat van hulle Christelike dankbaarheidslewe tot in die kleinste aan die Here se wil en wet getrou te bly;
1.6.2.3 herinner lidmate daaraan dat niemand 'n vinger na ander kan wys as sy/haar persoonlike integriteit en optrede nie onbesproke is nie;
1.6.2.4 pleit by lidmate om moeite te doen om aan gesonde huweliks-, gesins- en ander samelewingsverhoudings te bou;
1.6.2.5 pleit by lidmate om na mekaar se welstand om te sien, onder meer deur by gemeenskapsinisiatiewe betrokke te raak.
1.6.3 Die Algemene Sinode
1.6.3.1 bely dat dit binne die Here se wil is dat die wereld deur middel van die wette en regerings geregeer moet word sodat die losbandigheid van die mense in bedwang gehou kan word en alles onder die mense ordelik kan verloop en dat Hy vir die doel aan die owerheid die swaard in die hand gegee het om die kwaaddoeners te straf en die deugsames te beskerm;
1.6.3.2 pleit gevolglik by die regering om die land en sy mense in hierdie opsig nie in die steek te laat nie;
1.6.3.3 verseker die regering van sy samewerking, binne sy vermoe, by enige aksie wat tot genesing van die land kan lei.
1.6.4 Die Algemene Sinode
1.6.4.1 besluit om hierdie verslag as vertrekpunt vir verdere navorsing en besinning oor die onderwerp van misdaad en geweld te gebruik;

1.6.4.2 gee opdrag aan die Moderamen om 'n taakgroep vir die doel aan te wys wat aan die Moderamen rapporteer. Die taakgroep moet in noue oorleg met sinodes werk.

1.6.4.3 Die taakgroep moet ter wille van die effektiewe uitvoering van sy opdrag ook die samewerking van relevante instansies in die gemeenskap soek.



# A.2 Bylae 3

[Vgl SDR-verslag pt. 4.1]

# VERSLAG VAN DIE KURATORIUM

Die Kuratorium doen graag oor die volgende sake verslag:

## 1. DOSENTE



*1. Die kerklike dosente is tans: Proff CJA Vos (Dekaan en Departement Praktiese Teologie), JC Muller (Voorsitter NG Dosenteraad en Departementshoof Praktiese Teologie) DJ Human (Ou Testament), JH le Roux (Ou Testament), JG Van der Watt (Departementshoof Nuwe Testament), GJ Steyn (Nuwe Testament), CJ Wethmar (Departementshoof Dogmatiek en Christelike Etiek), DE de Villiers (Dogmatiek en Christelike Etiek), DJ Veldsman (Dogmatiek en Christelike Etiek), dr CJP Niemandt (Departement Godsdiens en Sendingwetenskap) en dr JM van der Merwe (Departement Kerkreg en Kerkgeskiedenis). Hierbenewens is dr Alphonso Groenwald (lidmaat van die NG Kerk) deur UP aangestel in die Departement Ou Testament.

*2. Die volgende wysigings het dus die afgelope twee jaar in werking getree:

*2.1 Prof PGJ Meiring het aan die einde van 2006 afgetree en prof JW Hofmeyr aan die einde van Junie 2007. Prof CJ Wethmar tree aan die einde van Junie 2008 af.

*2.2 In prof Meiring se plek is dr. CJP Niemandt beroep. Hoewel prof Conrad Wethmar eers in 2008 aftree het die Universiteit goedgunstiglik ingewillig dat iemand solank op hulle volledige koste voortydig in hierdie kerklike pos benoem word. Dr DJ Veldsman, voorheen leraar van Pretoria gemeente, is in die pos benoem.

*2.3 In die pos in die Departement Kerkreg en Kerkgeskiedenis is dr Johan van der Merwe met ingang 1 Januarie 2008 aangestel.

*2.4 Dr Attie van Niekerk word op tydelike basis betrek by die Departement Godsdiens en Sendingwetenskap.

## 2. STUDENTEGETALLE

*1. Die Kuratorium is steeds dankbaar vir die groei in studentegetalle. Die afgelope 5 jaar was daar van die NG Kerk konstant minstens 30 nuwe eerstejaars (in 2007 was die getal naby aan 50 en vanjaar het dit naby 40 gekom).

*2. Die groei in studentegetalle is nodig om die verwagte tekort aan predikante die volgende paar jaar teen te werk. Dit is egter ook duidelik dat daar ernstige oorweging geskenk moet word om die groter getal studente finansieel te help.

## 3. UITDAGINGS VIR TEOLOGIESE OPLEIDING

*1. Dit was vir die Kuratorium 'n moeilike tyd gewees. 'n Sekere dokument is in Junie 2005 deur 'n teologiese student versprei wat die indruk gewek het dat dit deur 46 mede-studente onderteken is. Die Kuratorium het uiteindelik geen ander keuse gehad as om die saak dissipliner teen student Ferdie Mulder te hanteer nie. Op sy versoek is regsverteenwoordiging toegelaat. Die uiteinde van die saak was dat student Mulder in Maart 2006 aan oneerlikheid skuldig bevind is.

*2. Die Universiteit van Pretoria het daarna 'n eie tugsaak gemaak teen die student oor sy optrede teen drie dosente. Hy is aan die aanklagte skuldig bevind. Hy is wel toegelaat om sy bestaande graad te voltooi maar mag nooit weer by die Fakulteit Teologie vir 'n graad inskryf nie.

*3. Die Kuratorium het ook reeds in 2005 gemeentes, lidmate en studente versoek om bepaalde sake wat tot ongelukkigheid kon aanleiding gee, onder die aandag van die Kuratorium te bring. Vanweë hierdie uitnodiging wat gerig is het sommige die geleentheid benut om bepaalde klagtes teen dosente te lê. Gevolglik het die Kuratorium geen ander keuse gehad as om die sake rakende drie dosente na die onderskeie ringe vir ondersoek te verwys nie. Die saak van prof Dirk Human is na die Ring van Pretoria-Faerie Glen verwys en die van proff. Jurie le Roux en Julian Müller na die Ring van Pretoria-Oos. In al drie gevalle is die dosente onskuldig aan leerdwaling bevind. (Uitslae van die Ringsondersoeke is op die Internet geplaas en wyd uitgestuur).

*4. Die Kuratorium het vertroue dat die kerklike prosesse deeglik hanteer is.

*5. Sedert 2005 is daar voortdurend gesprek gevoer met die dosente oor die belydenis van die kerk en hulle verbintenis aan Jesus Christus.

*6. Dit is bitter jammer dat 'n belangrike saak soos die opstanding en lewe van Jesus Christus 'n geskilpunt in die kerk geword het. Dit word verder geïllustreer deur die DVD wat gedurende die helfte van 2007

die kerk ingestuur is (Die DVD dra die titel: ' *"nuwe" strominge in die teologie*" en word deur 'n onbekende "Projek-Komitee" en WTL Multimedia van Florida Hills versprei).
*7. Die uitdaging wat aan die kerk en die teologie gerig word is om steeds Bybelgetrou besig te wees. Helderheid is nodig oor hoe die gesag van die Bybel vandag verstaan moet word.

## 4. BEPLANNING

*1. Die Algemene Sinode het belangrike besluite oor die opleiding van predikante geneem soos duidelik blyk uit die A - Z beleid aangaande predikante. In die geheel is dit belangrik om te let op al die positiewe aspekte soos die nouer verbondenheid tussen die tuisgemeente en die Kuratorium.
*2. Dit is egter bitter jammer dat nuwe strukturering van teologiese grade op nasionale vlak nog nie in 'n finale stadium is nie. Dit geniet tans ernstige aandag nadat sekere regulasies deur die Departement Nasionale Opvoeding aan die einde van 2007 afgekondig is. Die voetesleep hieroor het nie berus by die Kuratorium, die Fakulteit of die Universiteit nie.

## 5. BOSBERAAD

*1. As deel van die beplanning met die oog op die toekoms rakende teologiese opleiding is daar ook gesprek gevoer met die Gesamentlike Sinodale Kommissie van die vier Transvaalse Sinodes. Dit is immers hierdie sinodes wat ten nouste gemoeid is met die teologiese opleiding.
*2. As uitvloeisel van die Bosberaad is 'n aanvullende verslag (soos hieronder in punt 5 gemeld word) aan die vier Transvaalse sinodes voorgelê (in die geval van die Noordelike Sinode wat nie vergader het nie, wel aan hulle Sinodale Diensraad). Al die vergaderings het die verslag aanvaar en die aanbevelings so goedgekeur.

### 5.1 AGTERGROND

Daar was twee uitgebreide konsultasiegeleenthede - op 14 Aug deur bykans 80 predikante en dosente en 'n voortsettingsvergadering op 6 Sep 2007 (bygewoon deur ongeveer 30 predikante en dosente). Hieronder was nie net Kuratoriumlede nie maar ook verskeie ander predikante wat leierskapsrolle in sinodes vervul – ook die verteenwoordiger van die Sinode van Noord-Kaapland het hierdie byeenkomste bygewoon.

### 5.2 REGLEMENTERING VAN KURATORIUM

5.2.1 Die Kuratorium se taak word omskrywe in Artikel 5 van die Kerkorde asook in Reglement 3. Hierbenewens kan die Vier Transvaalse Sinodes gelykluidende besluite ten opsigte van Reglementering neem. Dit het in die verlede gebeur, dog dit is ook by ondersoek duidelik dat die eie Reglementêre bepalings van die Kuratorium tans nie in al die Sinodale Kerkordes en Bepalings van die vier sinodes voorkom nie.
5.2.2 Aanbeveling vanaf die Kuratorium, goedgekeur deur die SDR:
Die Sinode besluit dat die vier Aktuarii van die Transvaalse Sinodes meewerk met die Kuratorium aan 'n sinvolle eie Reglement waarin duidelikheid gegee word oor die werksaamhede van die Kuratorium sowel as die posisie van die Kuratorium ten opsigte van die Gesamentlike Sinodale Kommissie.

### 5.3 DOEL VAN DIE KURATORIUM

5.3.1 Daar was bogenoemde byeenkomste eenstemmigheid dat die Kuratorium benewens die formele sisteem voortaan ook meer moet beweeg na 'n verhoudingssisteem. Hieronder word verstaan dat die Kuratorium bemagtig moet word om almeer 'n brugfunksie te vervul tussen die Kerk en die Fakulteit.
5.3.2 Die Sinode erken dat die huidige sisteem veroorsaak het dat die dosente en die kerk nie mekaar ken nie en nie genoegsaam kommunikeer nie. Die Kuratorium moet dus voor Julie 2008 'n strategie ontwerp wat die Kuratorium in staat stel om sy brugfunksie te vervul. Hieroor word aan die Gesamentlike Sinodale Kommissie verslag gelewer.
5.3.3 Die Kuratorium moet die diverse kerk en teologiese opleiding help om in gesprek met mekaar te tree. Die wedersydse kontekste moet verstaan en verduidelik word.
5.3.3.1 Aanbeveling vanaf die Kuratorium, goedgekeur deur die SDR:
Die Sinode erken dat die rol van die Kuratorium almeer moet wees om 'n verhoudingsfunksie te vervul tussen die Kerk en die Fakulteit.

### 5.4 BELANG VAN KERKEIE OPLEIDING

5.4.1 In die teologiese opleiding by UP word daar onderskeid gemaak tussen die teologies algemene opleiding, kerkspesifieke opleiding en kerkeie opleiding. Vir eersgenoemde twee fasette is die Universiteit volledig verantwoordelik. Hoewel daar in die program voorsiening gemaak word (op derde, vierde en vyfdejaarsvlak) vir die Kerk om kerkeie opleiding tot sy reg te laat kom, kon dit nog nie ten volle geskied nie vanweë verskeie faktore. Hierdie kerkeie verantwoordelikheid kan baie omvangryker wees - selfs van voor die eerstejaar van studie af. Hierdie kerkeie opleiding moet meer geformaliseerd wees en ook lei tot

'n eie erkende diploma in kerklike bediening. Binne hierdie meer institusionele instituut, buro, of kollege moet 'n ander been die voortgesette bedieningsontwikkeling (Excelsus, Sentrum vir Bedieningsontwikkeling) wees. Die formele riglyne (buitelyne) hiervoor moet voor die einde Januarie uitgewerk word.
5.4.2 Aanbeveling vanaf die Kuratorium, goedgekeur deur die SDR:
5.4.2.1 Die Sinode wys twee lede aan om saam met die dosente in 'n gefasiliteerde omgewing uitklaring oor die kerkeie been van die opleiding (voorgraads asook nagraads) te kry.
5.4.2.2 Die Kuratorium word volmag verleen om voort te gaan met die implementering in 2008, onderhewig aan die goedkeuring van die totale program in die loop van 2008 deur die onderskeie Sinodale Diensrade/Kommissies.
5.4.2.3 Die Sinode bekragtig die vasstelling van 'n diploma in kerkeie bediening wat 'n vereiste vir Legitimasie is.
5.4.3 Dieselfde groep wat aangewys is in 2.2.1 moet die breë konsep van kerkeie opleiding oor al ses jaar uitwerk asook die formele struktuur waarbinne dit behoort te geskied. Dit word na die GSK vir goedkeuring geneem.

**5.5 SAMESTELLING KURATORIUM**
**5.5.1 Opmerking**
Die huidige samestelling word gekontinueer op die volgende voorwaardes:
5.5.1.1 dat die nuutsaamgestelde Kuratorium teen Jul 2008 in 'n gefasiliteerde omgewing die funksionering, taak en samestelling van die Kuratorium uitklaar sowel as die taak en funksie van die Predikant vir Teologiese Opleiding - alles op grond van die waardes van die Kuratorium (verhoudings).
5.5.1.2 dat die Kuratorium voortaan kwartaalliks vergader en dat die Dagbestuur slegs bestaan uit 'n voorsitter, onder-voorsitter, Predikant vir Teologiese Opleiding en die Voorsitter van die NG Dosenteraad.
5.5.1.3 Op hierdie wyse kan steeds uitvoering gegee word aan die betrokkenheid van die ander sinodes se verteenwoordigers op die Kuratorium. Tans is net vier sinodes buite Transvaal altyd teenwoordig: Wes-en Suid-Kaapland, Noord- Kaapland, Natal en die Vrystaat. Sodanige sinodes kan steeds besluit om verteenwoordigers te stuur na soveel vergaderings as wat hulle nodig ag.
5.5.2 Aanbeveling vanaf die Kuratorium, goedgekeur deur die SDR:
Die Sinode keur goed dat
5.5.2.1 die Kuratorium voortaan kwartaalliks vergader.
5.5.2.2 die Dagbestuur bestaan uit vier persone wat tussen Kuratoriumvergaderings kan vergader
5.5.2.3 die Kuratorium teen Jul 2008 in 'n gefasiliteerde omgewing uitklaring gee oor:
(1) die funksionering, taak en samestelling van die Kuratorium;
(2) die taak en funksie van die Predikant vir Teologiese Opleiding;
(3) kommunikasie na die verskillende sinodes en diensrade.
5.5.2.4 die Kuratorium jaarliks verslag van sy werksaamhede lewer aan die Sinode/Sinodale Diensraad



**PR DU TOIT**



# A.3 EERSTE VERSLAG VAN DIE SINODALE DIENSRAAD VIR ONDERSTEUNINGSDIENSTE (SDO)

## 1. ALGEMENE OPMERKINGS

**1.1** Die SDO is saamgestel uit die voorsitter (dr Johann Voges), verteenwoordigers van die plattelandse ringe (noord ds Charl Bredell, wes ds Coenie Swart) en stadsringe (ds Andre Vivier en drr Michiel van der Merwe en Marius Nel) asook die saakgelastigde (mnr Johan Kruger) en die rekenmeester (mev Naomi van Wyk).



**1.2** Die SDO vergader gewoonlik 3 maal per jaar en die dagbestuur maandeliks. Vir een vergadering per jaar word die SDO uitgebrei met een verteenwoordiger uit elke ring met die oog op onderhandeling van gemeentes se dravermoë met die oog op die volgende finansiële jaar se begroting.

**1.3** 'n Groot deel van die diensgroep se aandag het in gesprekke met gemeentes ingegaan – veral in onderhandelings rondom gemeentes se dravermoë. Verder het die diensraad toegesien dat behoorlike begrotingsbeheer toegepas is. Daar is ook aandag gegee aan batebestuur – die kampterreine het die diensraad besig gehou! Die kampterreine se voorsitters is tydens besprekings wat met die kampterreine verband hou as volle lede van die SDO gekoöpteer.

## 2. FINANSIES EN BEGROTING

**2.1** Die begroting is jaarliks deur die SDO opgestel en deur die SDR goedgekeur nadat die DKB die begrotingsprioriteite beoordeel het.

**2.2** Die begroting word gewoonlik baie konserwatief opgestel en die inkomste vanaf gemeentes oortref gewoonlik die verwagting. Saam met streng begrotingsbeheer was dit gevolglik moontlik om in 2006 en 2008 beduidende bedrae aan gemeentes terug te betaal.

## 3. TENDENSE

**3.1** Die inligting uit die gemeentes se finansiële state gee kosbare inligting waarmee tendense in die sinodegebied bepaal kan word. Tendense wat tot die einde van die boekjaar 2006/07 waargeneem is, is in die verslag van die SDGO opgeneem.

**3.2** Die SDO sal in 'n tweede verslag die sinode inlig oor bykomende tendense wat uit gemeenteverslae van 2007/08 beskikbaar word.

## 4. KAMPTERREINE

**4.1** Die sinode beskik oor vier kampterreine wat hoofsaaklik deur jeuggroepe gebruik word. Die terreine is: Oppieberg (naby Rustenburg), Magaliesberg (naby Brits), Emmarentia Geldenhuys (naby Bela-Bela) en Badseloop (naby Mookgopong).

**4.2** Daar is 'n grondeis op Emmerentia Geldenhuys en langtermynbeplanning vir die terrein kan gevolglik nog nie gedoen word nie. Die skenkingsaktes van die ander drie terreine het ook voorwaardes wat langtermynbeplanning beïnvloed.

**4.3** In oorleg met die beheerrade is die SDO besig met 'n indringende aksie wat aan die een kant inhou dat die terreine so in stand gehou word dat hulle aan hulle doel kan beantwoord terwyl aan die ander kant ondersoek gedoen word na langtermybeplanning vir die terreine.

## 5. BESKRYWINGSPUNT

**5.1** Die volgende beskrywingspunt is van die Ring van Waterberg ontvang:

"1. Die sinode besluit om weg te doen met die onderskeiding tussen nie-gemeentelike spesiale bydraes en gemeentelike spesiale bydraes in die formule vir die berekening van sinodale bydraes sodat beide aftrekbaar sal wees van sinodale bydraes."


2. Die sinode besluit om in die formule vir die berekening van sinodale bydraes voorsiening te maak vir groeiende gemeentes waar meerdere bediening weens die groei in lidmaattal noodsaaklik word."

### 5.2 BEOORDELING

5.2.1 Ten opsigte van punt 1 van die beskrywingspunt beklemtoon die SDO dat die beginsel is dat slegs fondse wat buite die gemeente bestee word aftrekbaar is by die berekening van sinodale bydraes. Die motivering is dat sodanige uitgawes nie befonds word uit primêre bedryfsinkomste nie. Dit word befonds uit besteebare inkomste, nadat voorsiening gemaak is vir die primêre uitgawes op die begroting. Die SDO oordeel dat spesiale bydraes gemeentelik deel uitmaak van die "bedryf" van die gemeente, en daarom nie kwalifiseer vir aftrekking nie.

5.2.2 Ten opsigte van punt 2 oordeel die SDO dat die bestaande model wel voorsiening maak vir groeiende gemeentes. Die finale vasstelling van die dravermoë van 'n gemeente is 'n bedrag soos onderhandel met die ringsverteenwoordiger van die SDO. Waar die gemeente en die ringsverteenwoordiger mekaar nie kan vind nie, word die saak na die SDO dagbestuur verwys. Indien die gemeente en die SDO dagbestuur nie konsensus kan vind oor die vasstelling van die sinodale bydraes nie, tree die Sinodale Diensraad (SDR) as finale arbiter op. Daar is dus ruim geleentheid vir gemeentes om te beding vir toegewing waar bewese groei die uitbreiding van die diensstaat noodsaak.


**5.3 AANBEVELING: BESKRYWINGSPUNT - RING VAN WATERBERG**
**Die beskywingspunt word nie aanvaar nie.**



**JH VOGES** (voorsitter)



**JB KRUGER** (skriba)



# A.4 EERSTE VERSLAG VAN DIE SINODALE TAAKGROEP REGTE (STR)

## 1. ALGEMEEN

**1.1** Die Sinodale Taakgroep Regte (STR) het bestaan uit drr L Ungerer (aktuarius, voorsitter) en GJ Cloete (skriba); ds CJJ van Vuuren, oudle E Kruger en SA Visser en dr PR du Toit (adviserend).
**1.2** In uitvoering van bepaling 35.6 het die aktuarius advies gegee oor die uitleg en toepassing van die Kerkorde en ander bepalings van die kerk met verslag aan die STR.
**1.3** Die STR is deur die SDR as appèlliggaam van die Sinode aangewys. Vier appèlle is hanteer: teen besluite van die Ringe van Sesmylspruit (ds BJG de Vos), Pretoria-Noord (oudl HJ van Eeden) en Pretoria-Oos (student Ferdi Müller; rakende proff. J Müller en J le Roux).

## 2. HERSIENING VAN BEPALINGS

### 2.1 WERKWYSE

*1. Die STR het deurlopend aandag gegee aan die hersiening van die Bepalinge van die Noordelike Sinode. Wysigings aan enkele bepalings word hier vir goedkeuring voorgelê. Die gewysigde bepalings sal saam met die artikels van die Kerkorde van die Algemene Sinode van 2007 en die huidige bepalings van die Noordelike Sinode ingewerk word en sal as die Kerkorde en Aanvullende Bepalings van die Noordelike Sinode 2008 na die sitting gepubliseer word.
*2. Die voorstelle vir wysiging is op die Sinode se webblad vir kommentaar gepubliseer en persone wat enige kommentaar op die hersiening van die bepalings het, is versoek om die STR voor die aanvang van die sinodesitting te ontmoet. Sodoende kon enige onduidelikhede en/of voorstelle voortydig uitgeklaar word om sodoende nie in die fyn detail tydens die sitting te verval nie.

**2.2. AANBEVELING: HERSIENING VAN BEPALINGS**
Die Sinode keur die volgende wysigings aan bepalings goed:

**2.2.1 Bep 13.1.2**
*1. Huidige bepaling: *Die verantwoordelikheid van die gemeente of beroepende vergadering of benoemende meerdere vergadering begin vanaf die datum van die betrokke leraar se demissie uit sy vorige werkkring. Dit geld ook in geval van 'n leraar wat intussen te sterwe kom. In die geval van proponente begin die gemeente se verantwoordelikheid by diensaanvaarding of op 'n datum soos ooreengekom.*
*2. **Wysig om te lees: Die verantwoordelikheid van die gemeente of beroepende vergadering of benoemende meerdere vergadering begin op die datum soos ooreengekom in die diensooreenkoms. Dit geld ook in die geval van proponente.**

**2.2.2 Bep 27.1.5**
*1. Huidige bepaling: *Die aanvanklike grootte van en getal wykskerkrade asook die grootte van die Sentrale Kerkraad word voor desentralisasie deur die kerkraad bepaal.*
***2. Voeg by om te lees:**
*27.1.5 Die aanvanklike grootte van en getal wykskerkrade asook die grootte van die Sentrale Kerkraad word voor desentralisasie deur die kerkraad bepaal.*
**27.1.5.1 Na gelang van omstandighede kan die grootte van en getal wykskerkrade gewysig word.**
**27.1.5.2 Van hierdie wysiging(s) moet jaarliks aan die Ring verslag gedoen word.**
**27.1.5.3 Die Kerkraad besluit self oor die aanvul van vakatures op die wykskerkrade.**

**2.2.3 Bep 27.1.6**
*1. Huidige bepaling: *Die Sentrale Kerkraad bestaan uit al die leraars van die gemeente en elke wykskerkraad benoem 'n aantal verteenwoordigers (soos besluit) met sekundi in die sentrale kerkraad. Indien 'n verteenwoordiger dus nie teenwoordig kan wees nie, word 'n sekunduslid vir die vergadering opgeroep sodat die vergadering so na as moontlik aan voltallig sal wees. Die verteenwoordiging moet beduidend en sinvol wees sodat die Sentrale Kerkraad nie tot 'n te klein groepie mense verskraal word nie.*
*2. **Wysig om te lees:**
**27.1.6.1 Die Sentrale Kerkraad bestaan uit:**
**- Al die leraars van die gemeente;**
**- 'n Aantal verteenwoordigers, met sekundi, soos ooreengekom in die desentralisasie-ooreenkoms.**
**- Die Sentrale Kerkraad kan 'n maksimum van 3 persone ten opsigte van bepaalde kundigheid met stemreg byvoeg.**
**27.1.6.2 Indien 'n verteenwoordiger nie teenwoordig kan wees nie word 'n sekunduslid vir die vergadering opgeroep sodat die vergadering so na as moontlik aan voltallig sal wees.**

27.1.6.3 **Die verteenwoordiging moet beduidend en sinvol wees sodat die Sentrale Kerkraad nie tot 'n te klein groepie mense verskraal word nie.**

**2.2.4 Bepaling 30.1.3**
*1. Huidige bepaling: *In die geval van 'n vakante leraarspos word daar nie 'n kerkraadslid as sekundus aangewys nie aangesien daar nie 'n leraar as primariuslid afgevaardig word nie.*
*2. Opmerking: Hierdie bepaling moet gewysig word om ooreen te stem met die wysiging wat deur die Algemene Sinode 2007 aan artikel 30.2 aangebring is.
*3. **Wysig om te lees: In ooreenstemming met art 30.2 mag die kerkraad 'n ouderling/diaken afvaardig in die prediakntspos wat vakant is.**

**2.2.5 Bepaling 31.5**
*1. 'n Nuwe bepaling; huidige 31.5 word 31.6.
*2. **Bepaling 31.5 Vervreemding van gemeentelike eiendom**
**31.5.1 Gemeentelike eiendomme, goedere en fondse word volledig deur die kerkraad geadministreer met jaarlikse verslag aan die ring (vergelyk Reglement 9, Reëling van Eiendomme, Goedere en Fondse).**
**31.5.2 Gemeentes kan nie sonder gegronde redes van hulle eiendomme en goedere vervreem nie. Indien 'n kerkraad besluit om van sy eiendomme te vervreem geskied dit na oorleg met die ring/ringskommissie.**

**2.2.6 Bepaling 32.2.8**
*1. Huidige bepaling: *Die afgevaardigde leraar met die langste diens, wat die oudste in jare is, neem die leiding by die opening en konstituering van die sinode met 'n agenda van die Diensgroep vir Bestuur en Koördinering totdat die nuwe moderator gekies is.*
*2. **Wysig om te lees: Die afgevaardigde leraar met die langste diens, wat die oudste in jare is, neem die leiding by die opening en konstituering van die sinode. Daarna lei die uittredende moderatuur die vergadering aan die hand van die agenda wat deur die Diensgroep vir Bestuur en Koördinering opgestel is totdat die nuwe moderatuur verkies is.**

**2.2.7 Bepaling 32.2.9**
*1. Huidige bepaling: *Die moderatuur bestaan uit 'n moderator, assessor en aktuarius wat uit afsonderlike groslyste verkies word. Nominasies word gedoen op 'n nominasievorm wat deur die Sinodale Diensraad voorberei is en waarop die vereistes vir elke pos uiteengesit is. Voordat die groslys gefinaliseer kan word, moet elke genomineerde met sy handtekening aandui dat hy die nominasie en vereistes aanvaar. Vir die pos van aktuarius kan die Sinodale Diensraad minstens drie name van kandidate wat hy as geskik vir die pos beskou, voorlê. Geen persoon mag by meer as drie gewone vergaderings van die sinode vir dieselfde pos verkies word nie.*
*2. **Wysig om te lees:**
**32.2.9 Voor die verdaging van die sinode word 'n moderatuur verkies wat bestaan uit 'n moderator, assessor, aktuarius en addisionele lid wat uit afsonderlike groslyste verkies word.**
**32.2.9.1 Nominasies word gedoen op 'n nominasievorm wat deur die Diensgroep vir Koördinering en Bestuur voorberei is en waarop die vereistes vir elke pos uiteengesit is. Voordat die groslys gefinaliseer kan word, moet elke genomineerde met sy handtekening aandui dat hy die nominasie en vereistes aanvaar.**
**32.2.9.2 Vir die pos van aktuarius kan die Diensgroep vir Koördinering en Bestuur minstens drie name van kandidate wat hy as geskik vir die pos beskou, voorlê.**
**32.2.9.3 Geen persoon mag by meer as drie gewone vergaderings van die sinode vir dieselfde pos verkies word nie.**

**2.2.7 Nuwe Bepaling 35.1.2**
**Voeg 'n nuwe 35.1.2 in en pas die numering aan**
**35.1.2 Vakatures**
**1. 'n Ouderling/diaken op die SDR bly lid van die SDR solank hy as kerkraadslid in sy gemeente dien.**
**2. Wanneer 'n vakature ten opsigte van ringsverteenwoordigers onstaan (primarius- en/of sekunduslede) vul die ringskommissie die vakature aan met verslag aan die skriba van die SDR.**
**3. Tydens die daaropvolgende SDR vergadering word die aanwys van nuwe verteenwoordigers bekragtig.**

**2.2.8 Bep. 35.5 Afvaardiging na die Algemene Sinode**
*1. Huidige bepaling: *Die afvaardiging na die Algemene Sinode word soos volg saamgestel:*
*1. Die lede van die Sinodale Diensraad wat ook lede van die sinode is;*

*2. Indien meer afgevaardigdes (sekundi of meer persone) benodig word, vul die SDR die res van die afvaardiging aan.*

*2. **Wysig om te lees: Die afvaardiging na die Algemene Sinode word soos volg saamgestel:**

**1. Die lede van die DKB.**

**2 Die PSD en saakgelastigde van die Sinode.**

**3. Die ander lede van die SDR.**

**4. Indien meer afgevaardigdes (sekundi of meer persone) benodig word, vul die SDR die res van die afvaardiging aan uit lede van die sinode.**

**5. Indien die toegelate getal afgevaardigdes na die Algemene Sinode minder is as die getal SDR-lede, stel die SDR die afvaardiging per stemming saam uit die SDR-lede. Hierdie stemming kan ook elektronies geskied.**

**2.2.9 *Bepaling 35.6***

*1. Huidige bepaling: 35.6.1 *Die aktuarius is lid en voorsitter van die Sinodale Taakgroep Regte. Hy verstrek op aanvraag advies oor die uitleg en toepassing van die Kerkorde en ander bepalings van die kerk. Hy doen verslag van sy werksaamhede aan die Sinodale Taakgroep Regte.*

*2. **Wysig om te lui:**

**35.6.1 Die aktuarius is voorsitter van die Sinodale Taakgroep Regte wat deur die Sinode aangewys word.**

**35.6.2 Die aktuarius**


**35.6.2.1 Verstrek op aanvraag advies oor die aard en uitleg van die Kerkorde en bepalings;**

**35.6.2.2 Sien toe dat alle besluite van die Sinode en Algemene Sinode wat wysigings aan die bepalings meebring op die juiste plekke in die Kerkorde ingevoeg en so gou moontlik gepubliseer word;**

**35.6.2.3 Bring kerkregtelike ongerymdhede wat onder sy aandag kom onder die aandag van die betrokke vergadering met 'n aanduiding van die moontlike weg tot herstel;**

**35.6.2.4 Word bygestaan deur, en doen van sy werksaamhede verslag aan, die Sinodale Taakgroep Regte.**

**2.2.10 Verdere wysigings van bepalings**



Indien daar tot en met die vergadering van die Sinode enige verdere sake op die tafel van die Taakgroep Regte kom wat implikasies op die wysigings van Bepalings van Noordelike Sinode mag hê, sal dit in die Taakgroep Regte se tweede verslag opgeneem word.

## 3. TRIBUNALE

*1. Die Algemene Sinode (2007) het die Verslag oor Kerklike Tribunale na die sinodes vir bespreking terugverwys. Terselfdertyd het die AS besluit dat die tribunale proefonderlik getoets moet word en dat twee sinodes gevind moet word om dit te doen. Die Noordelike Sinode en Wes-Transvaal het hulle bereid verklaar.

***2. AANBEVELING: TRIBUNALE**

**Die Sinode**

**2.1 bevestig dat hy gewillig is om die Verslag oor Kerklike Tribunale (vgl Handelinge Algemene Sinode 2007 bl 216) proefondervindelik te toets;**

**2.2 gee opdrag aan die Sinodale Taakgroep Regte om die leiding te neem en alle praktiese aksies te neem wat nodig is;**

**2.3 wys die lede van die STR aan om tydens die toetspreiode as lede van die Sinodale Tribunaal op te tree;**

**2.4 besluit dat, vir die toetsperiode, enige ondersoekliggaam wat volgens KO Art 63.1.2 saamgestel word, bygestaan moet word deur twee persone wat deir die STR aangewys word. Hierdie twee persone moet toesien dat die prosedures soos in die Kerkorde en in die voorgestelde Reglement vir Kerklike Tribunale met mekaar versoen word;**

**2.5 versoek dat kommentaar op die Verslag oor Kerklike Tribunale aan die STR gestuur word.**

## 4. AFSTANDSVERGADERINGS



Die Algemene Taakgroep Regte het 'n prosedure vir afstandsvergaderings (bv telefoon- of elektroniese vergaderings) goedgekeur. Die prosedure is op die Noordelike Sinode se webblad besikbaar en sal in die nuwe uitgawe van die Kerkorde en Bepalings opgeneem word.

**DR. L UNGERER** (Aktuarius) **DR. GJ CLOETE** (Skriba)

# A.5 EERSTE VERSLAG VAN DIE SINODALE DIENSRAAD VIR GEMEENTEONTWIKKELING (SDGO)

## 1. ALGEMENE OPMERKINGS

Die SDGO se vertrekpunt in die 3 jaar vanaf die vorige sinodesitting was rondom twee prosesse gefokus:
**1.1** Die een proses was die dag tot dag werksaamhede van taakspanne met die sinodesitting as deel van die grotere proses in die bediening aan gemeentes in die noordelike sinode. Die Diensgroep het probeer toesien dat in hierdie proses sekere waardes geld, dat bepaalde atmosfeer in vergaderings heers en dat sekere fokusareas aandag kry sodat gemeentes bemagtig word en nuwe energie kry om die Koninkryk te laat kom.
**1.2** Die tweede proses was om die kultuur van die sinode te skuif na meer openheid en die omarming van verskille en gebrokenheid.



## 2. BEPAALDE WAARDES EN FOKUSAREAS:

Die SDGO streef daarna om onder andere die volgende waardes te gebruik om die gesprekke en fokusareas te rig:
*1. Geloofsverdieping
*2. Koninkryk
*3. Konteks
*4. Gemeentes
*5. "Bemagtiging"

### 2.1 FOKUSAREAS

Gesprekke wat na die oordeel van die SDO tans in die branding staan, is skrifgesag, ekklesiologie, missionêre gemeentewees, skuiwe in ons samelewing (konteks wat verander), en scenariobeplanning (wat insluit beplanning rakende nuwe gemeentes).
*1. *Skrifgesag*. Ons moet die debat oor die verstaan van die Skrif (onder andere oor hermeneutiek) verder stimuleer en in 'n veilige ruimte, oopmaak. In die debat moet rekening gehou word met die bekommernis dat die pluraliteit in ons Skrifverstaan kan oorgaan in polariteit.
*2. *Ekklesiologie* is 'n kofferwoord en elkeen pak daarin en haal daaruit net wat hulle wil. Die SDGO probeer om gesprekke onder andere te fokus op die rol en plek van die kerkverband (ring en sinode) asook die bemagtiging van ringe en ringskommissies.
*3. Die begrip *missionêre gemeente* word gebruik maar ongelukkig met verskillende inhoude wat deur die betrokke gemeente/dominee daarin gelees word.
*4. Onder *samelewingsveranderings* verstaan ons die veranderingstsunami wat ons getref het. Moet ons nie as kerk 'n nog meer prominente rol speel in ons gemeenskappe nie? Hoe doen ons dit?
*5. *Scenariobeplanning*: Hoe lyk die sinode en gemeentes oor 3 of 5 jaar? Kan die sinode die gemeentes met beplanning en ontleding van tendense help
*6. *Nuwe gemeenteontwikkeling:* Die uitdaging is nie net geleë in die stig van 'alternatiewe' gemeentes nie maar in aksies om bestaande gemeentes wat om watter rede ookal hulp nodig het, te help om nuut oor bediening en bedieningsmoontlikhede te dink.
*7. Ander sake wat ook aandag kry is *kapasiteit* (fisies minder dominees en poste word nie gevul nie), *lidmaatbemagtiging* (gaan hand aan hand met die kapasiteit van die predikant/e) en *psige* (hoe gaan dit met ons mense in Suid Afrika?).

## 3. RINGE EN GEMEENTES

Die bemagtiging van ringe om gemeentes te help kon nog nie voldoende aandag kry nie en sal in die volgende termyn meer aandag moet kry.

## 4. WERKWYSE

*1. Die SDGO het 2 keer per jaar as groter diensraad vergader. Hierdie vergaderings is gereeld deur belangstellendes bygewoon. Die taakspanne het meer gereeld bymekaar gekom.
*2. Gedurende die drie jaar het die diensraad ook begin om kategoriale groepe bymekaar te bring. Dit is hoofsaaklik groepe wat dieselfde fokus en ook dieselfde belangstelling het soos byvoorbeeld makrogemeentes.
*3. Ons vertrou dat die moeite wat ons die afgelope drie jaar gedoen het sal bydra om van die sinodesitting 'n deel van 'n proses te maak waar afgevaardigdes toegerus en bemagtig kan word om wanneer hulle huis toe gaan weer hoop te kan bring en 'n verskil te kan maak.

## 5. TAAKSPANNE


### 5.1 VROUE

*1. Die vrouetaakspan bied op gereeld jaarlikse basis 'n Lente-ekspo aan waar vroue se gawes deur werkswinkels ontwikkel word. Die doel is om hulle te bemagtig om 'n merkbare verskil in hulle gemeentes te gaan maak. Die onderwerpe sluit onder meer is: trauma- en krisishantering, uitreik na armes, hantering van tienerondersteuningsgroepe, simboliek in die erediens en retreats (stilword voor God). Nie net die vroue kry kans om te leer en bedien te word nie maar al hoe meer mans woon ook hierdie byeenkoms by. Hierdie jaar word 'n aparte konferensie in Polokwane aangebied.
*2. Die taakspan nooi vanjaar twee vroue van Zimbabwe om op Nioordelike Sinode se koste die konferensie by te woon. Hulle het groot waardering hiervoor. Ons vetrou dat hulle veral die werkwinkel oor trauma met groot vrug in Zimbabwe sal kan aanwend.
*3. Die vrouetaakspan fokus ook om die predikantsvroue te dien. Hier word veral na die behoeftes van die predikantsvroue gekyk en hoe die sinode/vrouetaakspan hulle kan ondersteun. Tot dusver is die gades van vrouepredikante nog nie betrek nie – dalk ietrs vir die toekoms!
*4. Rinel Hugo en Werda van Loggerenberg neem hier die leiding.

**5.2 STUDENTE**
*1. Daar is tans vier gemeentes wat by die gesprek oor studentebediening betrokke is: Universiteitsoord (wat ook die Groenkloof kampus insluit), Riviera met die bediening aan studente van die Tshwane University of Technology asook verpleegstudente, Haakdoorn met bediening aan studente by Onderstepoort en Martiens Swart met sy interkulturele bediening in die middestadgemeente Arcadia wat grootliks op studente gemik is. Tans is daar op gereelde basis gesprek tussen hierdie studentegemeentes en die SDGO. Die gesprekke handel oor bediening, strukturering en finansies.
*2. Die studente leraars neem op roterende basis verantwoordelikheid vir die reël van byeenkomste.

**5.3 LUISTERSEISOEN**
*1. Die luisterseisoen is 'n seisoen van luister wat deur die hele NG Kerk gevolg word. Die waardes en tegnieke wat deur die luisterseisoen voorgestel word vir implementering, is in die Noordelike Sinode bekendgestel en gemeentes en meerdere vergaderings beoefen van hierdie tegnieke.
*2. Die belangrikste van hierdie seisoen is dat dit nie 'n "luister-*jaar*" is wat in 'n kalenderjaar geïmplementeer word nie maar 'n seisoen wat oor jaargrense strek.
*3. Jampie Nel het hier die leiding geneem.

**5.4 JEUG**
*1. 'n Groot projek van die taakspan was om die afgelope 2 jaar 'n groep gemeentes deur 'n proses van evaluering oor hul eie jeugbediening te neem. Ongeveer 12 gemeentes was betrokke in die Y-knot proses. Hierdie proses het gefokus op 'n evaluering van hul bestaande jeugbediening met voorstelle aan mekaar oor hoe hulle jeugbediening verander en verbeter kan word. Die proses het ten einde geloop in Augustus 2008.
*2. Die skoolverwisselings- asook survivorkampe is weer met groot sukses aangebied. Hierdie jaar is daar vir die eerste keer ook 'n jeugleiers-ontwikkelingskamp aangebied.
*3. Die jeugwerkers en teologiese studente wat by jeugwerk betrokke is het 2 keer gedurende die jaar vergader.
*4. Fritz Snyman neem hier die leiding.

**5.5 GEMEENTEBEGELEIDING**

*1. Die Taakgroep Gemeentebegeleiding se kernbesigheid is om gemeentes en ringe te begelei ten opsigte van die verstaan en funksionering van hulle identiteit, effektiewe bestuur en beplanning. Die fokusareas daarvoor die volgende:
*1.1 Begeleiding met die oog op die verstaan van identiteit (wie is God, wie is die gemeente; hoekom bestaan die gemeente; hoe realiseer die koninkryk van God in en deur ons gemeente; wat is 'n missionêre gemeente).
*1.2 Begeleiding met die oog op effektiewe bestuur (effektiewe diensgroepe en taakspanne; die samestelling en funksionering van die kerkraad; administrasie en finansies).
*1.3 Begeleiding met die oog op effektiewe beplanning (die rol van die kerkraad; scenariobeplanning, waardestelsels, drome)
*2. Die taakgroep beskik oor 4 "assessors" wat help met die aanvanklik bepaling van groeigebiede en kragbronne. Daarna word saam met die kerkraad/ringskommissie besluit oor 'n kundige begeleier wat die gemeente/ring bystaan op 'n bepaalde gebied. Vir die noordelike streek is die assessor Chris Harris; vir die westelike streek Christiaan Gericke; die Pretoria noordelike streek Johan van Loggerenberg en die Pretoria suidelike streek Tienie Bosman.
*3. Alle versoeke vir begeleiding kan via die sinodale kerkkantoor gerig word of skakel Tienie direk by 083-627-5086 (epos tienie@stellastraat.co.za).
*4. Tienie Bosman neem hier die leiding,

### 5.6 AANBIDDING

*1. 'n Belangrike aksie van die taakspan was 'n byeenkoms oor prediking rakende die tema grondhervorming. Preke met hierdie tema wat deur verskillende predikante ontwikkel is, is beskikbaar gestel aan die sinode.
*2. Die taakspan het in samewerking met Karien Pretorius 'n Musiek- en Liturgiese werkwinkel aangebied. Die fokus hier was die samestelling en ontwikkeling van musiekgroepe (hoeveel sangers; watter instrumente het jy nodig vir 'n musiekgroep?), uitbreiding van reportoire, en hoe kan musiek en ander kunsvorms gebruik word om jou liturgie te verryk.
*3. Dieter de Bruin neem hier die leiding.

### 5.7 FAMILIE

*1. Ons skakel as kerk in by die regering se inisiatiewe met hul fokus op dienslewering aan families. Afsonderlik hiervan is daar op gereelde basis gesprekke oor hoe die familiebediening die sinode en veral die families van die sinode tot diens kan wees.
*2. Gesprekke om 'n internasionale familiekongres in samewerking met die regering aan te bied is nog steeds aan die gang.
*3. Bettie Wagner-Ferreira neem hier die leiding.

### 5.8 LEIERSKAP OF ROEPING


*1. Die DKB het besluit om ondersoek te doen oor hoe en waar leierskap in die sinode ontwikkel kan word. Die ondersoek is in sy beginfase en daar is tot dusver nog net een werkvergadering gehou.
*2. Willem Pretorius neem hier die leiding

### 5.9 PREDIKANTEWEGBREEK


Daar is 'n wegbreek in Mei 2007 gehou. Lede van die Diensraad was hierby betrokke.

## 6. SCENARIOBEPLANNING

Onder leiding van die DKB en in oorleg met die ander diensrade het die SDO baie aandag aan scenariobeplanning gegee. Die resultaat van die besinning tot in hierdie stadium word aangeheg as **Bylae 1**.




**WA PRETORIUS** (Voorsitter)



# Bylae 1

[Vgl SDGO-verslag pt. 6]

# SCENARIOBEPLANNING



**1. Hierdie is dokument is 'n werksdokument wat deur Diensraad Gemeente-ontwikkeling (SDGO) ontwikkel word om 'n bydrae te maak in die Sinode se scenariobeplanning. Die dokument fokus veral op sake wat gemeentes raak.*
**2. Die inligting wat in hierdie dokument gebruik word, is saamgestel uit inligting wat verkry is van Kerkspieël, die SDO en gemeentes en gesprekke met die metro-raad van Tshwane.*
**3. Die dokument sluit in:*
**3.1 agtergrond oor die speelveld wat verander het (hoe lyk ons/wie is ons?, Gereformeerde identiteit en Noordelike Sinode fokus);*
**3.2 hoe sien die praktyk daaruit (demografiese gegewens);*
**3.3 voorstelle met die oog op die toekoms.*
**4. Die dokument kan nie alles insluit nie maar het ten doel om gesprek rakende die genoemde sake te stimuleer.*
**5. Die saak waaroor dit hier gaan is nie net die versterking van die instituut van die Noordelike Sinode nie, maar om die instituut (sinode/kerk) te help skryf aan 'n missionêre plan waarin die kompleksiteit van 'n 21ste eeuse wêreld verreken word en waarin ons geroep word om as gelowiges toegewyd te leef. Ons wil gemeentes help om lidmate te help om as gelowiges in die wêreld/gemeenskap te leef.*
**6. In die opstel van die dokument word doelbewus wegbeweeg van teikendatums en teikengroepe. Ons werk eerder met 'n droom wat ons nog meer opgewonde kan maak vir die koninkrykswerk waarvoor ons geroep is.*

## 1. AGTERGROND

### 1.1 DIE MAKRO KONTEKS WAARBINNE DIE DEBAT GEVOER WORD

*1. Hierdie gesprek kan nie plaasvind as daar nie kortliks verwys word na die bestaande kragte en magte wat in die samelewing werk nie. Ons gebruik bestaande teorieë om te bevestig dat ons samelewing besig is om te verander. 'n Metafoor wat gebruik kan word: ons speel nie meer rugby op ons dorp se sportveld nie en dus 'n tuiswedstryd nie. Ons speel 'n vreemde sport op 'n dorp waarvan ons die naam nie kan uitspreek nie.
*2. Die volgende pogings of teorieë om die veranderende samelewing te omskryf, word dikwels gebruik:
*1) Modernisme en post-modernisme.* Dit is duidelik dat die karaktereienskappe van modernisme nog steeds diep ingegrawe is in die wyse waarop die kerk dink en doen. Post-modernisme, post-Christendom en globalisasie stel ander eise oor hoe ons dink en bedien Byvoorbeeld: post-modernisme vra 'n ander stel vrae, waarop daar nie noodwendig antwoorde is nie, aan die kerk.
*2) Die generasieteorie.* Die generasieteorie behels dat die verskillende generasies dit moeilik vind om uit hul unieke manier van dink en doen uit te tree en dat hulle gevolglik sukkel om ander generasies as gelykwaardig te beskou.
*3) Verskillende tydperke.* Die Christelike era kan in vier tydperke onderskei word: die mondelingse- (0-1500nC), die drukkers- (1500 -1950 nC), die uitsaai- (1950 -2010 nC) en laastens die digitale era (vanaf 2010 nC - ?). Die drukkertydperk ("alles word beheer") het nog steeds die grootste invloed op ons samelewing. Die uitsaaitydperk se kerkgeboue (groot geboue) staan as bakens van hierdie tydperk. Die digitale tydperk se invloed kan reeds bespeur word in die samevoeging in eredienste van verskeie tydperke (stiltes, kleiner groepe wat saam aanbid, orkeste, stolas en deelname van lidmate in die diens).
*4) Die teorie van dekonstruksie.* Persone wat die teorie verstaan, beweer dat die strukture soos dit tans daar uitsien baie naby aan inploffing is.

### 1.2 SOSIO POLITIEKE OMSTANDIGHEDE WAARBINNE ONS KERK MOET WEES

Die sosio politieke omstandighede waarbinne gemeentes as gemeente moet funksioneer verander daagliks. Die politieke verandering wat gepaardgaan met regstellende aksie, misdaad (waaronder geweldsmisdaad en korrupsie) het ons gemeenskappe in mindere of meerdere mate gevange geneem. Voeg hierby die groter kulturele veranderings van 'n politieke oorgang en 'n skuif van modernisme na postmodernisme en 'n mens sou tereg kon praat van die perfekte storm waarbinne die kerk kerk moet wees.

### 1.3 SAMEVATTING

Dit is duidelik dat die speelveld verander het. Daar sal 'n sensitiwiteit ontwikkel moet word om in die taal wat ons met mekaar praat, mekaar te kan hoor (byvoorbeeld puriteinse afrikaans teenoor sms afrikaans). 'n Groot gevaar is dat ons dieselfde taal praat maar verskillende inhoude gee aan begrippe wat ons gebruik. 'n Goeie voorbeeld is te vind in die woorde "kerk" en "evangelisasie".

## 2. H0E LYK ONS? WIE IS ONS?

### 2.1 GEREFORMEERDE INDENTITEIT


Dit is duidelik dat nie net diversiteit as 'n gegewe aanvaar moet word nie maar dat ons die tempo van konstante verandering in ons beplanning in ag sal moet neem. Waaroor sal ons moet duidelikheid kry? Wat is ons identiteit? Watter waardes wil ons bevorder? 'n Eerlike besinning oor ons Gereformeerde identiteit is 'n goeie vertrekpunt.

#### 2.1.1 Gereformeerde identiteit

Die afgelope paar jaar het die NG kerk 'n proses deurgemaak waarin diversiteit as positiewe werklikheid leer ken is. Ons is nie meer 'n kerk waar alles orals dieselfde is nie. Eenvormigheid is nie die ding wat ons bymekaar hou nie. Wat nou belangrik is, is om te vra of daar binne hierdie werklikheid van diversiteit iewers 'n gemeenskaplike kern is, 'n kern wat kan help dat die diversiteit tog nie sonder eenheid sal wees nie. Die vraag is: Is daar 'n kampvuur waar rondom 'n diverse klomp mense kan hande vat en warm harte beleef? Ja, verseker! Wanneer die NG Kerk oor 'n kernidentiteit helderheid het, kan die diversiteit nie net verdra word nie, maar as deel van die kerk se rykdom gevier word! (Algemene Sinode 2007: verslag oor Gereformeerde Identiteit).

#### 2.1.2 Dit hou ons bymekaar

As Gereformeerdes maak ons nie daarop aanspraak dat ons die volle waarheid by ons het nie. Maar oor die volgende sake voel ons regtig sterk en dit lê in die hart van ons verstaan van die evangelie. `n Mens sou met `n sketsie dit so kon voorstel (Algemene sinode 2007: verslag oor Gereformeerde Identiteit)




Een van die waardes wat ons graag wil vestig saam met *gereformeerde identiteit* is ook ons *gereformeerde integriteit.*

### 2.2 NOORDELIKE SINODE SE KERNWAARDES

Die Noordelike sinode het reeds in 2003 die volgende kernwaardes en kernbesigheid geformuleer.

#### 2.2.1 Kernwaardes

Ons werk volgens die volgende kernwaardes:

*1. *Godgefokus:* Die verhouding met God Drie-enig rig ons verhoudings met mekaar en met die wêreld.

*2. *Skrif- en belydenisgedrewe:* Enige besluitneming moet gegrond wees op die Skrif en die belydenis van die NG Kerk. Hierdie saamsoek na die wil van God vind in kerkverband plaas.

*3. *Diens- en verhoudingsgedrewe:* Ons verhouding met mekaar, die breë kerkgemeen-skap en die wêreld word voortdurend deur diens opgebou en bevorder. Ons verstaan hiervan maak die uitbou van vennootskappe dringend noodsaaklik.

*4. *Erkenning van verskeidenheid:* Ons het 'n sensitiwiteit vir die veranderende om-standighede waarin gemeentes en lidmate van die NG Kerk lewe en funksioneer. Die verskeidenheid tussen gemeentes, geslagte, generasies, kulture en persoonlikhede word erken. Op hierdie wyse word met liefde ruimte geskep vir opbouende verhoudings.

*5. *Benutting van Godgegewe gawes in mense:* Die werksaamhede van die sinode gee erkenning aan die gawes van leiers en lidmate. Dit beteken dat leiers ruimte gegee word om kreatief leiding te neem en lidmate om hulle gawes met vreugde uit te leef.

#### 2.2.2 Kernbesigheid

Ons wil die waardes werklikheid laat word binne die volgende kernaksies:
*1. 'n Sinodesitting waartydens verhoudingsbou, visionering en besluitneming plaasvind.
*2. Die daarstel van strukture wat ringe, gemeentes, leraars en ander geestelike leiers ondersteun sodat gemeentes voluit gemeente kan wees en 'n verskil kan maak.
*3. Administrasie, kommunikasie en bemarking wat koste-effektief en doelmatig funksioneer.
*4. Leiers wat verantwoordelik saamwerk aan gesamentlike fokusareas wat deur die sinode bepaal is.

**2.2.3 Fokusareas**

Teen die agtergrond van ons kernwaardes en kernbesigheid wil ons op die uitbou van die volgende areas konsentreer:
*1. 'n Aktiewe uitreikbediening
*2. 'n Relevante deernisbediening
*3. Doelgerigte predikantebegeleiding
*4. Effektiewe ringe
*5. Die openbare beeld van die NG Kerk
*6. Gemeente-ontwikkeling
*7. Teologiese refleksie.

**2.3 GESTUURD WEES**

Omdat *missionêr* 'n term is wat gebruik word om 'n bepaalde historiese verstaan van sending te beskryf verkies die ons om eerder te praat van *gestuurd wees.* "Om gestuurd te wees eerder as om bloot 'n missie te hê, is nie soseer daarop gefokus om mense in die kerk (die een of ander identifiseerbare gebou) te kry nie, maar om die kerk te wees in die doodgewone lewe tussen en saam met vriende, bure, kollegas vreemdelinge (Keifert 2007:22)".

**2.4 GELOOFSPRAKTYKE**

Hirsch en Niemandt wys daarop dat die kerk in wese geroep is om missionêr te wees:
*1. "What we need now is a new set of tools. "A new "paradigm" – a new vision of reality: a fundamental change in our thoughts, perceptions, and values, especially as they relate to our view of the church and mission" (Hirsch 2006:17).
*2. Om die kerk te help om roeping (missionêre gerigtheid) uit te leef beskryf Niemandt (2007:62) die volgende 'geloofspraktyke' wat beoefen kan word:
1) Identifiseer met die lewe van Jesus Christus en fokus sterk op die koninkryk van God.
2) Transformeer die sêkulere lewe deur afstand te doen van die skeiding tussen geestelike en die fisiese.
3) Beklemtoon kerklike gemeenskap.
4) Openheid teenoor vreemdelinge.
5) Oorvloedige diensbaarheid sondere bymotiewe.
6) Deelname deur gemeentelede.
7) Klem op kreatiwiteit.
8) Leierskap deur netwerke en nie deur hiërargiese strukture nie.
9) Antieke geloofswaarhede in 'n byderwetse kleed.

**2.5 SAMEVATTING**

Bogenoemde is 'n kort samevatting van die Algemene Sinode wat rigting gee oor ons gereformeerde identiteit, die Noordelike Sinode se kernwaardes en kernbesigheid en 'n verwysing na 'ou waarhede wat nuut verpak word' met die verwysing van Hirsch en Niemandt se 9 geloofspraktyke. Die belangrikheid van *gestuurd wees* en *koninkryk van God* as twee dinamiese waardes wat vir effektiewe gemeentewees onontbeerlik is, is opvallend.

**2.6 AANBEVELING: VOORTGESETTE BESINNING**

**Die sinode gee opdrag aan die Sinodale Diensraad Gemeenteontwikkeling om in samewerking met ander diensrade, ringe en gemeentes voort te gaan met die gesprek om in die kompleksiteit van 'n 21ste-eeuse wêreld 'n missionêre plan uit te werk waarin gemeentes en lidmate geroep word om as gelowiges in die wêreld/gemeenskap te leef.**

## 3. HOE SIEN DIE PRAKTYK DAARUIT

### 3.1 SINODAAL: DEMOGRAFIESE GEGEWENS

Wat is tans aan die gebeur in die Noordelike sinode
*1. 12 (11%) Gemeentes se lidmaattal is minder as 300 lidmate
*2. 8 (7%) gemeentes het nie 'n predikant nie
*3. 65% van gemeentes is een/twee man gemeentes
*4. 22 (21%) gemeentes se inkomste is minder as R550 000 pj.
*5. 15 gemeentes kon die afgelope 4 jaar minder as 40% dra-vermoë bekostig

### 3.2 GROEIPUNTE

'n Groeipunt beteken nie net die verdigting wat met 'n nuwe ontwikkeling gepaard gaan nie. Dit beteken ook druk op 'n bestaande gemeente wat veroorsaak word deur veranderende omstandighede.

**3.2.1 Bestaande gemeentes**

Die verandering van getalle (lidmate word minder) en die predikantespan (byvoorbeeld poste wat om welke rede nie gevul kan word nie) is van die redes waarom die bediening in hierdie gemeentes onder druk kom.

**3.2.2 Nuwe gemeenteontwikkeling (alternatiewe bediening)**

Nuwe gemeenteontwikkeling geskied waar daar uitbreidings in bepaalde gemeentes se grense plaasvind. Voorbeelde is Hartbeespoortdam (ontspanningswaarde), Rustenburg/Brits (myn ontwikkeling), Mokopane en Polokwane (mynontwikkeling), Lepallale (Ellisras) (steenkool kragsentrales) en in Pretoria - Centurion, Montana en Pretoria Noord (uitbreidings).

### 3.3 TEOLOGIESE GESPREK

**3.3.1** Hierdie is nie net die belangrikste maar ook die noodsaaklikste gesprek en moet veral gaan om
*1. die hele saak rondom Skrifhantering, (hermeneutiek– hoe lees en verstaan ons die Bybel);
*2. die gesprek oor ekklesiologie (werk ons vanuit christologie waarop ekklesiologie en dan die missiologie volg, of is ons vertrekpunt christologie dan missiologie en dan ekklesiologie?);
*3. die vraag oor wat missiologie werklik is (is dit 'n bediening of die wese van die christelike lewe?).

**3.3.2** Hierdie gesprek moet met *vertroue*, *deernis*, *openheid* en *leerbaarheid* plaasvind. As ons hierdie waardes nie koester nie gaan die verskillende spiritualiteite wat 'n werklikheid in ons sinodale gebied is, nie geakkomodeer word nie. In die kollektiewe saamdink van verskillende spiritualiteite is daar 'n verryking vir die kerk. Hierdie waardes moet bydra dat gesprekke openlik en eerlik kan plaasvind sonder dat iemand geëtiketteer word.

## 4. PAD VORENTOE

Gegewe die omgewing wat konstant verander, ons gereformeerde identiteit, waardes en die syfers/werklikheid van wat tans aan die gebeur is, bly die groot vraag: hoe gaan ons hierdie massiewe veranderings oorleef? *"Die belangrikste vraag is of die kerk weer by die punt kan kom waar sy missionêre roeping belangriker word as die vraag na sy voortbestaan"* (Niemandt 2007: 44).
In die besinning oor die pad vorentoe sal daar op die vier sake gefokus word: demografiese gegewens, groeipunte, teologiese gesprek en kerkverband.

### 4.1 DEMOGRAFIESE GEGEWENS

**4.1.1 Bestaande gemeentes**

Daar is reeds daarop gewys dat daar 'n beduidende persentasie gemeentes is wat hul bedieningsmodel sal moet evalueer. Van die belangrike vrae wat gevra moet word, is:
*1. As 12 (11%) gemeentes se lidmaattal is minder as 300 lidmate is – hoe dink ons oor die toekoms van die gemeentes?
*2. 8 (7%) gemeentes het nie 'n predikant nie. Is ons gerat vir die tipe ontwikkeling? Help die Kerkorde ons om innoverende besluite te neem?
*3. 65% van gemeentes is een/twee man gemeentes. Beteken dit dat ons hier te doen het met natuurlike gemeentegrootte, bedieningskoste of tradisionele NG bedieningstyl?
*4. 22 (21%) gemeentes se inkomste is minder as R550 000 per jaar. Alhoewel finansies nie alles sê nie beteken dit dat - behalwe die 8 gemeentes wat nie 'n predikant het nie - daar 'n verdere 14 gemeentes is wat nie die inkomste het om een te kan bekostig nie. Watter van hierdie gemeentes behoort deur die ring/sinode gehelp te word, watter behoort samewerkingsooreenkomste of bedieningsaanpassing te maak of by ander gemeentes ingelyf te word?
*5. 15 gemeentes kon die afgelope 4 jaar minder as 40% dra-vermoë bekostig. Die sinode subsidieer hierdie gemeentes indirek. Die groot vraag is of ons hier met 'n demografiese verskuiwing of 'n behoefte na bedieningshulp te doen het.

**4.1.2 Vakante gemeentes**

In ons sinode is daar 8 (7%) gemeentes wat nie 'n predikant het nie. Moet die sinode nie in samewerking met die ringe waarbinne hierdie gemeentes ressorteer ondersoek doen en saam besluit wat die beste vir die bediening is nie?
Uit gesprekke met ander sinodes lei ons af dat hierdie tendens (vakatures as gevolg van 'n tekort aan predikante) eerder gaan toeneem as afneem. Poste gaan al hoe minder gevul word as gevolg van 'n gebrek aan teologiese studente wat afstudeer. Daar sal gekyk moet word na brugpredikante en 'n aflosstelsel wat gebruik kan word om die uitdagings aan te spreek. 'n Nuwe tendens wat hiermee saam ondersoek moet word, is entrepeneur predikante asook die vraag of bestaande ooreenkomste voorsiening maak/moet maak vir predikante wat 'n winsgewende stokperdjie beoefen.

**4.1.3 Gemeentes wat eenword**

Daar is gemeentes wat tans ernstig besin oor eenwording. Ons sal moet seker maak dat hierdie prosesse goed verloop.

#### 4.1.4 Finansiële uitdaging

Een van die take van die diensraad SDO is om op gereelde basis gekontroleerde syfers (demografiese sowel as finansiële) van die sinode saam te stel. Hierdie syfers vertel 'n unieke verhaal van wat in die sinode aan die gang is. So byvoorbeeld kan gesien word met watter persentasie bedieningskostes deur die jare gegroei het en of dit tred hou met die groei in inkomste van gemeentes.

### 4.2 GROEIPUNTE

Tans word 5 groeipunte geidentifiseer: Centurion, Montana, Rustenburg, Polokwane/Mokopane en Lepallale/Ellisras
Die sinode sal duidelikheid moet kry oor kerkplanting. Aan die een kant is daar diegene wat kerkplanting as deel van die funksionering van die ring, in samewerking met die gemeente in wie se geografiese gebied daar kerk geplant moet word, beskou, terwyl die vraag aan die anderkant met reg gevra word of kerkplanting nog enigsins op die tafel is. Die argument hiermee is dan, of daar in die gebied/e waar kerkplanting dan moet plaasvind nie 'n bestaande gemeente is wat net gehelp moet word deur die bestaande bedieningsstrukture aan te pas nie.

### 4.3 TEOLOGIESE GESPREK

Die gesprek moet plaasvind met geleenthede waar dit pastoraal 'oopgemaak' en weer 'toegemaak' kan word en predikante/lidmate wat deelneem moet nie blootgestel word deur sekere etikette om te hang nie.

### 4.4 KERKVERBAND

Indien ons die Bybelse beginsel van *ecclesia completa* aanvaar sou die noodwendige wees om werksaamhede na gemeentes af te wentel. Die ring sou dan organisatories gemeentes help om in die lig van huidige omstandighede en plaaslike behoeftes hulle roeping te kan uitleef. Die plaaslike gemeente is die kerk van Jesus Christus en aanvaar verantwoordelikheid vir alle dienswerk.

#### 4.4.1 Ringe

Ringe kan organisatories gemeentes help om in die lig van huidige omstandighede en plaaslike behoeftes hulle roeping te kan uitleef. Belangrike temas wat hier en op ander plekke gereeld in gesprekke opduik is die volgende:
*1. gemeentes behoort groter verantwoordelikheid vir mekaar te neem,
*2. die neiging om alhoemeer gemeentesentries te werk wat die afwenteling van funksies en besluitnemingsvermoë veronderstel,
*3. netwerke met ander gemeentes en ringe met dieselfde identiteit/demografie.
As beginpunt van 'n gesprek oor die die rol van die ring en dan ook die sinode sou die volgende as riglyn kon dien:

#### 4.4.2 Die sinode

Die SDGO formuleer die volgende belydenis – om die wese van sy funksionering te beskryf:
Ons is daarvan oortuig dat God Drie- Enig die NG kerk hier in die Noorde geplaas het om Hoop te bring en 'n Verskil te maak. Daarom:

- Bepaal Hy al ons verhoudinge;
- Laat ons ons deur die hele Bybel en ons belydenisskrifte lei wanneer ons besluite neem;
- Soek ons altyd saam met ander gelowiges na rigting;
- Bly ons sensitief vir die veranderende omstandighede van gemeentes en lidmate;
- Benut ons die ryke verskeidenheid wat gemeentes, geslagte, generasies, kulture en persoonlikhede bied;
- Erken ons die potensiaal en gawes van almal in elke gemeente;
- Skep ons ruimte dat leiers en lidmate hulle gawes en potensiaal met vreugde uitleef.

## 5. SLOTWOORD

Hierdie werksdokument is daarop gerig om die kerk ( Noordelike Sinode) te help skryf aan 'n missionêre plan, wat ons deur die kompleksiteit van 'n 21 ste eeuse wêreld waarin ons leef en waarin ons as gelowiges geroep word, te help.




**Bronnelys:** Volledige verwysings wat gebruik is, kan by SDGO gekry word.

# A.6 EERSTE VERSLAG VAN DIE SINODALE DIENSRAAD VIR GEMEENSKAPSBETROKKENHEID (SDGB)

*Die Diensraad vir Gemeenskapsbetrokkenheid gee leiding ten opsigte van 'n relevante deernisbediening veral met die oog op die toerusting van gemeentes en ringe om 'n deernisbediening in eie gemeenskappe te ontwikkel.*

*Die werksaamhede van die SDGO word deur middel van 'n aantal taakgroepe georganiseer, te wete:*

1. *Maatskaplike welsynsdienste (SKDB Maatskappy)*
2. *Armoedeverligting / Caring Together (CMR)*
3. *Siekesorg & MIV/vigs (HospiVisie)*
4. *Substansafhanklikheid (Stabilis)*
5. *Gestremdes (TOIBO/Pretoria Dowes)*
6. *Middestedelike bediening (PEN)*
7. *Psigopastorale arbeid (Weskoppies Hospitaal)*
8. *Gevangenesbediening*
9. *Zimbabwe*



## 1. MAATSKAPLIKE WELSYNSDIENSTE (SKDB MAATSKAPPY)

### 1.1 AARD EN OMVANG VAN WERKSAAMHEDE

*1. Die SKDBM lewer namens die Sinode maatskaplike welsynsdienste. Die SKDBM lewer sy dienste en ondersteun diensaksies binne die etos en riglyne van die Kerk se barmhartigheidsbediening.
*2. Bestuursdienste word gelewer aan die onderstaande instansies:
*2.1 CMR Noord
*2.2 Kinderhuise: Abraham Kriel Kinderhuis Nylstroom, Jakaranda Kinderhuis, Louis Botha Kinderhuis
*2.3 Berg-en Dal Swangerskapsentrum
*2.4 Stabilis (substansafhanklikheid)
*2.5 Tuistes vir Bejaardes: Vergenoeg vir Seniors, Harmoniehof en Harmonie Oord, Rustenburg Rusoord, Brits Rusoord, Warmbad Rusoord, Huis JH Piek.

### 1.2 HISTORIESE OORSIG: *"DEUR AL DIE JARE HET HY ONS GEDRA ........"*

*1. Ter ondersteuning van die barmhartigheidsbediening van die Nederduits Hervormde or Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (die destydse naam vir die NG Kerk in die Transvaal) is die Armesorg Utiliteitsmaatskappy in 1941 gestig met die doel om fasiliteite vir barmhartigheidsdienste te ontwikkel en in stand te hou. Die diens het as die inrigtingsorgbeen van die SKDB gefunksioneer. Die Maatskappy was verantwoordelik vir die oprigting van die groot getal tuistes vir bejaardes, kinderhuise, jeugsentrums en ander inrigtings in die Transvaal.
*2. Met die afstigting van sinodes is die eiendomme na die betrokke sinodes oorgedra. Die doel van die Maatskappy het die afgelope tien jaar verander en is uitgebrei om ook die bedryf van dienste in te sluit.
*3. Tans is die primêre doel van die Maatskappy om die georganiseerde barmhartigheidsdienste sodanig te bestuur dat dit as 'n doeltreffende en effektiewe ondersteuningsdiens vir die gemeentes in die sinodale gebied funksioneer.

### 1.3 DIENSTE: *"BARMHARTIGHEID IN AKSIE ......"*

*1. Die georganiseerde dienste in die SKDBM-sisteem word gelewer deur die residensiële versorgings- en behandelingsdienste, asook gemeenskapsdienste. Die dienste word grootliks gedesentraliseerd bestuur en bedryf om gemeenskapsbetrokkenheid te bevorder.
*2. Die sukses wat behaal word kan toegeskryf word aan meer as 120 bestuurslede en 2 000 vrywilligers wat sonder vergoeding persoonlike opofferinge maak vir die bevordering van die werk. Daarsonder sal die dienste moeilik kan voortbestaan.
*3. Die dienste word gelewer deur meer as 600 personeellede wat met toewyding, liefde, lojaliteit, offervaardigheid en integriteit dienste aan mense in nood lewer.
*4. As gevolg van historiese en ander faktore fokus die diensorganisasies hoofsaaklik op bejaardesorg-, kinder- en gesinsorgdienste, asook dienste ten opsigte van middelafhanklikheid.
*5. Die nuwe staatkundige bedeling en gepaardgaande nuwe behoeftes in die gemeenskap het tot gevolg dat daar toenemend op 'n gemeenskaps- en ontwikkelingsgerigte benadering gefokus moet word. Hierdie veranderinge vereis 'n nuwe verwysingsraamwerk, benadering en strategieë.

*6. Ons bring hoop en maak 'n verskil deur 8 behuisingsprojekte vir 650 ouer persone, 7 versorgingsoorde vir 313 ouer persone, 4 aftree behuisingsprojekte vir 225 ouer persone, 3 kinderhuise wat 460 sorgbehoewende kinders versorg, 19 maatskaplike welsynsprogramme wat uitreik na meer as 6000 gesinne waarby meer as 26 000 persone betrokke is. 'n Sentrum vir Middelafhanklikheid wat meer as 550 pasiënte per jaar behandel.
*7. Ons insette:
*7.1 Fasiliteite: 220 miljoen bates
*7.2 Bedryfskoste R52 miljoen per jaar
*7.3 Personeel 670
*7.4 Vrywilligers: 120 bestuurslede en 2 100 vrywilligers
*8. Oor die afgelope paar jaar het ons gegroei deur die byvoeging van nuwe aftree-behuisingskemas, Alberta en Tivoli woonstelle, Harmoniehof en Harmonie Oord asook deur die uitbreiding van sentrums van hoop onder die vaandel van die CMR.

### 1.4 UITDAGINGS: "*DIE PERFEKTE STORM .....*"
*1. Die SKDBM en sy diensorganisasies het hom verbind om saam met die kerk die volgende uitdagings te ontmoet:
*1.1 Posisionering as geloofsgebaseerde organisasie wat maatskaplike welsynsdienste lewer in Suid Afrika se nuwe politieke bedeling.
*1.2 Bevordering van die maatskaplike funksionering van mense en gemeenskappe met spesifieke nood: armoede, sorgbehoewende kinders en gesinne, middel-afhanklikheid, bejaardes ens.
*1.3 Skepping van groter kapasiteit vir dienslewering.

### 1.5 DANKWOORD: "*GOD HET MENSE GEROEP EN GEBRUIK SY KERK ....*"
*1. Die Ned Geref. Kerk het deur die jare kollektief deur middel van die sinode en direk deur gemeentes die kerk se georganiseerde deernisbediening in stand gehou deur mildelike bydraes. Die SKDBM spreek ook sy dank uit teenoor die sinode vir die finansiële ondersteuning van die CMR en Harmonie Oord.
*2. Duisende kerkleiers, ampsdraers, lidmate en personeel het deur baie jare (en sal steeds in die toekoms) hulle gawes aan die kerk se barmhartigheidsdiens beskikbaar gestel. Ons dank God vir al hierdie medewerkers.

### 1.6 NAVRAE
Kontak die verskillende diensorganisasies (adresse in die Jaarboek) of die SKDBM, telefoon 012-460 2654 / 2711; faks 012-460 3064 / e-pos: skdbm@mweb.co.za

### 1.7 "*BRING HOOP – MAAK 'N VERSKIL .....*"
Met ons visie om hoop te bring en 'n verskil te maak, aanvaar ons die uitdagings wat vir ons voorlê. Ons doen dit biddend en diep afhanklik van die Here Jesus, die Koning van die Kerk. Mag die Heilige Gees ons die toerusting en die krag daartoe gee.

## 2. ARMOEDEVERLIGTING
*1. Binne die gebied van die Noordelike Sinode is die Christelike Maatskaplike Raad die voorkeurorganisasie om saam met ander rolspelers maatskaplike diensprogramme aan te bied om die nood van mense in hoop te omskep. Die CMR se missie word gedra deur die visie: ONS GEE HOOP.
*2. Die visie en missie van die CMR word hoofsaaklik verwesenlik deur drie programme: gesinsbewaring, kinderbeskerming, armoedeverligting en HIV-programme. Hierdie programme is inter-afhanklik van mekaar en vind parallel plaas wanneer die nood van mense op hierdie wyse aangespreek word.

### 2.1 HOOGTEPUNTE en NUWE NUUS
Vervolgens 'n kort uiteensetting van enkele hoogtepunte die afgelope jaar en enkele statistiek met betrekking tot dienste gelewer waar die nood van mense op 'n holistiese wyse aangespreek is.

#### 2.1.1 CMR Roodeplaat
*1. Hierdie sentrum is die jongste toevoeging tot die CMR geledere en het gedurende Januarie 2008 selfstandige NPO status gekry. Wat 'n voorreg om te midde van moeilike ekonomiese omstandighede en personeel tekorte nog te kan uitbrei. Hierdie Sentrum se doelwit is om die behoeftes van 4 000 van die armste lede wat in 'n plakkerskamp in die Roodeplaat omgewing woonagtig is aan te spreek. Die gemiddelde inkomste wissel van R180 - R800 per maand en die gesinne is hoofsaaklik enkel ma's wat as huiswerkers in die omgewing werk.
*2. Die jaarlikse gemeenskapsdag in Roodeplaat het op Sondag 17 Mei plaasgevind --- 'n dag waarna almal 'n baie lang tyd na uitsien en voorberei. Kinderkore neem deel, sokkerspanne ding teen mekaar mee, 'n pretdraf word georganiseer en so word hierdie dag die hoogtepunt van die jaar se werksaamhede. Die mense word ook gehelp om aktief deel te neem en hoop te gee aan hulle eie omstandighede.

#### 2.1.2 CMR Pretoria Wes

*1. Behalwe vir die gewone dienste reik hierdie kantoor ook die afgelope twee jaar reeds uit na Lotus Gardens, 'n gebied wat voorheen geen dienste ontvang het nie. Die grootste probleem in hierdie area is kinderverwaarlosing, die voorkoms van weeskinders as gevolg van VIGS sterftes en gebrekkige dienslewering. Die positiewe in hierdie gemeenskap is die goeie samewerking wat ontvang word veral van die skole en die feit dat die mense hulle omstandighede wil verbeter.
*2. Hierdie Sentrum laat hom selfs nie afsit deur 'n gebrek aan fasiliteite nie en as dit dan nie anders kan nie is 'n boom ook goed genoeg. Heelwat probleme word ondervind met betrekking tot geskikte fasiliteite en personeel is soms genoodsaak om maar onder die bome onderhoude te voer!

**2.1.3 CMR Soshanguve**

*1. 'n Besoek van die FISH FOUNDATION van die VSA en die SDGB om te kyk na moontlike samewerking en befondsing het gedurende Aril 2008 plaasgevind.
*2. Hierdie kantoor lewer dienste aan onder andere 1 200 kinders in pleegsorg wat weens omstandighede nie meer by hulle ouers woonagtig is nie. Hierdie kantoor het aanvanklik oor die dienste van 8 maatskaplike werkers beskik maar weens ekonomiese en personeel omstandighede het die kantoor afgeskaal tot 3 maatskaplike werkers en 4 hulpwerkers. 'n Groter sentrum waar 'n holistiese diens gelewer word bly nog altyd ons droom.

**2.1.4 *Caring Together***

*1. Hierdie is 'n gesamentlike projek van die Noordelike Sinode, die VGK in Mamelodi, die CMR en die CHICS Netwerk. Elke rolspeler het 'n bepaalde verantwoordelikheid om in hierdie gemeenskap hoop te gee. Die doel van die projek is om lae inkomste huishoudings deur middel van die kinders te bereik en sodoende die gesinslewe te probeer verbeter.
*2. 'n Belangrike vereiste van die projek is dat dit volhoubaar , bekostigbaar en dupliseerbaar moet wees. Tans is 80 kinders en hulle gesinne by hierdie projek betrokke. Die uiteindelike doel is om 'n program en 'n handleiding daar te stel sodat dit deur ander gemeenskappe gedupliseer kan word. Die res van die kinders is in die Roodeplaat omgewing.

**2.1.5 Vosstraat Gemeenskapsentrum**


*1. Hierdie Sentrum is 'n ou bekende en ten spyte van heelwat teenspoed (6 inbrake in 3 jaar en 'n gewapende rooftog waar 'n personeellid se motor gekaap is) gaan die dienslewering onverpoosd voort. 80 haweloses ontvang 'n warm maaltyd 4 maal per week. Daar is 55 kinders wat by die Vosstraat crèche inskakel waar hulle op emosionele, opvoedkundige, fisiese en geestelike vlak gestimuleer word. Die haweloses word ook by groepwerk aktiwiteite betrek waar daar gepoog word om hulle weer in diens te plaas. Heelwat sukses is in hierdie verband bereik.

**2.2 KINDERBESKERMINGSPROJEKTE**

CMR Noord was die afgelope jaar betrokke by 915 kinderhofsake waarby 1135 kinders betrokke was. Hierdie kinders is almal verwyder as gevolg van ernstige verwaarlosing, mishandeling en seksuele molestering. Alhoewel hierdie kinders almal verwyder moes word is daar aan elkeen hoop gegee soos blyk uit die volgende voorbeelde:

**2.2.1 Storie van hoop: Shaken baby**

*1. Gedurende Maart 2008 is die CMR-kindersentrum in Arcadia versoek om pleegouers te werf vir 'n 10 maande oue babaseuntjie. Hy was so erg fisies mishandel en geskud deur sy ouers dat hy weens bloeding op die brein blind en erg serebraal gestrem geword het. So 'n baba word as 'n Shaken Baby gediagnoseer.
*2. Ons het met ernstige gebede in die hart by die gemeentes begin werf vir pleegouers. Die Here se genade is groot en 'n pleegma wie se volwasse dogter self outisties is, het haarself bereid verklaar om die seuntjie in pleegsorg te neem.



*3. Aangesien hierdie baba erg gestremd is, het die maatskaplike werkers van die sentrum kommer gehad oor hoe hy die ontmoeting met die nuwe mamma in sy lewe sal ervaar. Tydens die ontmoeting was daar dadelik 'n band tussen die nuwe mamma en die baba en almal was baie verlig en dankbaar. Hy is geskuif na sy nuwe gesin en het dadelik tuis gevoel. Daar was 'n drastiese ommekeer in die seuntjie se lewe en daar kan steeds daagliks waargeneem word hoe pragtig hy ontwikkel in sy nuwe huis. Hierdie positiewe groei vind plaas omdat hy daagliks baie liefde en sekuriteit ervaar tesame met voldoende stimulasie.
*4. Nie alleen het die Here die absoluut perfekte huis vir hierdie baba voorsien nie, maar daar het ook gesinne en individue reageer wat nie sy versorging kan waarneem nie, maar wat wel finansieel wil bydra om die hoë koste vir sy versorging en mediese uitgawes te verlig. Wat 'n wonderlike ervaring vir die Kindersentrum om deel te wees van nóg 'n opbouende CMR-storie van hoop!

**2.2.2 Storie van hoop---- *Lindie se geheime***

*1. Lindie is nege jaar oud en is pas in veiligheidsplek geplaas. Tydens die assessering het die volgende verhaal na vore gekom. Sedert haar kleuterjare moes Lindie twee geheime bewaar. Sy mag nie vir haar

pa vertel het dat haar ma bedags mans in haar slaapkamer ontvang het en dat sy en haar jonger sussie "kywie" moes hou nie. Hulle het geld en lekkergoed as beloning ontvang.
*2. Haar ander geheim het sy net een keer gewaag om te vertel. Sy was toe nog in die kleuterskool. Sy het aan iemand genoem dat haar pa haar molesteer. Dit het gelei tot 'n pak slae met 'n belt. Haar pa het gesê dat sy lieg en haar ma het hom geglo en saamgestem dat sy vir die "leuen" gestraf moets word. Daarna het jare van pyn, waarskuwings en stilbly gevolg - totdat daar 'n oom met 'n "rooikar" voor hul huis stilgehou het.
*3. Die rooi motor is vir Lindie die simbool van haar redding en verdof die beelde van twee dronk ouers, die molestering en gesinsgeweld wat op daardie dag plaasgevind het. Die oom het die kinders weggeneem, die saak by die CMR aangemeld en hulle is in veiligheidsplek geplaas.
*4. 'n Lang pad van herstel lê vir Lindie voor. Die fokus in die dienste sal wees om haar bewus te maak van 'n versorger se betroubaarheid en konsekwente liefde sodat dit haar "rooikar" sal word waarmee sy die lewe aandurf. Soos hierdie is daar nog talle aangrypende verhale waar 'n helende verskil gemaak is in die lewe van verontregte kinders.

### 2.3 STATISTIEK

| | |
|---|---|
| Pleegsorgtoesig sake: | 1 007 |
| Kinders in pleegsorg: | 1 436 |
| Sake m.b.t. huwelik en egskeidingsproblematiek hanteer: | 533 |
| Bejaardes: | 116 |
| Gesinne in materiële nood: | 2 126 |
| Onbeheerbare gedrag by kinders: | 239 |
| Aantal persone in groepe hanteer: | 1 056 |
| Aantal sake gedurende die jaar hanteer: | 6 877 |
| Wet 20-sake | 43 |

(Persone wat ingevolge Wet 20 na instansies vir alkohol afhanklikheid verwys is)

### 2.4 JAARLIKSE KERSPARTYTJIE

'n Kerspartytjie word jaarliks deur feitlik al die kantore aangebied. In Pretoria is een vir ongeveer 150 van die armste kinders aangebied. Hulle ontvang nie alleen 'n present van keuse wat deur borge gefinansier word nie maar elke huishouding ontvang ook 'n kospakkie vir die Kersseisoen.

### 2.5 DANKIE

Die CMR Noord is intens dankbaar teenoor almal wat dit moontlik gemaak het om hierdie diens te lewer en teenoor ons Hemelse Vader wat ons instaat stel om daagliks ons werk te mag doen

## 3. SIEKESORG HOSPIVISIE MIV/VIGS

### 3.1 AGTERGROND

*1. Jesus het in Matteus 28:19 gesê "*Gaan dan heen en maak dissipels van al die nasies...*" In die hospitale van die land kom die "*alle nasies*" na ons toe. Die Pretoria Akademiese Hospitaal verskaf byvoorbeeld dienste aan pasiënte nie net uit Gauteng nie, maar ook vir mense vanaf Mpumalanga, Limpopo, Noord-Wes provinsies asook gespesialiseerde behandeling aan mense vanaf plekke soos Namibië, Botswana, Zambië and Mosambiek. Selfs lande van so ver noord as Nigerië en die Demokratiese Republiek van die Kongo word bedien. Francis Grim, die stigter van die "Health Care Christian Fellowship" was reg toe hy gesê het dat meer mense elke jaar deur die deure van hospitale gaan as wat deur die deure van die kerke gaan.
*2. Hospitale is plekke van hoop en genesing, maar ook van pyn, onsekerheid en verlies. By HospiVisie het ons nie net 'n verskeidenheid geleenthede om God se liefde te deel en so die Koninkryk uit te brei nie, maar daar is ook vele geleenthede waar 'n kind van God bemoediging en versterking van geloof en bevestiging van God se liefde nodig het. Wanneer hulle in situasies beland waar daar vrae is wat nie altyd beantwoord kan word nie, kan hulle Jesus ervaar deur die teenwoordigheid van 'n ander menslike wese. HospiVisie is dus 'n natuurlike en onontbeerlike deel van die hospitaal landskap.

### 3.2 KERNBESIGHEID

*1. Persoonlike geestelike gesprekke: Dit behels 'n persoonlike individuele besoek of besoek aan 'n klein groep (byvoorbeeld gesin/familie). Die besoek fokus op die persoon se siekte ervaring, emosionele belewenis en geestelike probleme wat ervaar word asook die rol wat geloof in die omstandighede speel. In gemiddeld 60% van gesprekke kom die persoon se verhouding met God ter sprake.
*2. Berading behels 'n in diepte gesprek wat ondersteuning en leiding bied vanuit 'n geestelike perspektief. Dit word gewoonlik deur 'n permanente personeellid behartig. Opvolggesprekke vind in 60% van die gevalle plaas. Trauma berading word as sub-kategorie van berading beskou en kan ook in groepsverband plaasvind.

*3. Ander gespesialiseerde berading en dienste: HospiVisie personeel doen ook voor- en na-MIV-toets berading, konflikhantering, spanbou asook kontraktuele werknemer bystandsberading vir die Gauteng Departement van Gesondheid.
*4. Ander geestelike sorgaktiwiteite sluit gebedsbyeenkomste, kerkdienste en roudienste in.
*5. Ander geleenthede om te getuig en te dien: HospiVisie het die geleentheid tot samewerking in vele ander aktiwiteite binne die terrein van gesondheidsorg. Dit bied geleenthede tot getuienis. Dit sluit bv in: Werknemer bystand en welsynsprogamme, dienste by gesondheidsverwante "fokusdae" soos Wêreld Vigs-dag, nasionale verpleegstersdag, wêreld TB-dag, ens. Fisiese behoeftes word ook aangespreek. Dit sluit in die verskaffing van bbyvoorbeeld klere en toiletware vir behoeftige pasiënte, kospakkies, en gratis kafeteria (by die Oase).

**3.3 PRETORIA AKADEMIESE HOSPITAAL (PAH)**
*1. Daar is 900 beddens beskikbaar in hierdie akademiese hospitaal. Pasiënte bly gemiddeld 6 dae oor en ongeveer 54 000 pasiënte word elke jaar opgeneem. Daar is meer as 30 intensiewe sorg eenhede en 50 klinieke. In totaal word ± 750 000 pasiënte jaarliks deur hierdie hospitaal behandel. Die hospital is gekoppel aan die Universiteit van Pretoria vir die opleiding van mediese studente. 'n Totaal van 4 500 mense is werksaam by die PAH.
*2. Die noodeenheid van die PAH het in die afgelope jaar ± 34 000 pasiënte behandel. Trauma ondersteuning word op Maandae, Woensdae en Vrydae ook in die aande aangebied vanaf 19:00-23:00 wanneer vrywilligers koffie en tee bied aan familie van pasiënte asook aan personeel van die eenheid. Ander aktiwiteite sluit in gebedsbyeenkomste in sekere sale asook gedenkdienste. Die HospiVisie-span hier bestaan uit die departementshoof, Me Ilse Gravett, 9 permanente personeellede en ± 60 vrywilligers.

| | Maart 07-Aug 07 | Sept 07 - Feb 08 |
|---|---|---|
| Pasiënte 1e besoek | 2528 | 3160 |
| Pasiënte opvolg | 521 | 652 |
| Familie | 556 | 696 |
| Personeel | 485 | 607 |
| Berading | 214 | 268 |

*3. Traumaberading by die PAH noodeenheid (Hierdie is 'n 24 uurdiens wat onmiddellik beskikbaar is in die Trauma eenheid in noodgevalle soos bv. Ongelukke, misbruik, gewelddadige misdaad en dood).

| | Maart 07-Aug 07 | Sept 07 – Feb 08 |
|---|---|---|
| Pasiënte 1ste besoek | 600 | 1207 |
| Pasiënte opvolg | 171 | 295 |
| Familie | 361 | 559 |
| Personeel | 407 | 790 |
| Leraars | 30 | 119 |
| Berading | 273 | 300 |
| Ontlonting | 16 | 50 |
| Geestelike rigtinggewing | 5 | 53 |

**3.4 TSHWANE DISTRIKHOSPITAAL (TDH)**
Daar is 200 beddens beskikbaar in hierdie distrikshospitaal. Pasiënte bly gemiddeld drie dae en ongeveer 24 000 pasiënte word elke jaar opgeneem. Die span hier bestaan uit die Hoof van die Afdeling, eerw. Simon Mailula, 6 permanente personeellede, en ongeveer 25 vrywilligers. Die kapel by die TDH word gebruik vir kerkdienste asook herdenkings-/roudienste. Gebedsbyeenkomste word ook in sommige sale gehou.

| | Maart 07 - Aug 07 | Sept 07 – Feb 08 |
|---|---|---|
| Pasiënte 1ste besoek | 2014 | 2107 |
| Pasiënte opvolg | 1109 | 778 |
| Familie | 175 | 183 |
| Personeel | 333 | 217 |

**3.5 MAMELODI DAGHOSPITAAL (MDH)**
Daar is 100 beddens beskikbaar in hierdie algemene hospitaal. Die span bestaan uit die koördineerder, Past Stephen Ndada en 'n span van 12 vrywilligers. Past Ndada hou weekliks 'n oggend toewydingsdiens wat telkens deur sowat 200 mense bygewoon word.

| | Maart 07-Aug 07 | Sept 07 – Feb 08 |
|---|---|---|
| Aanvanklike besoeke | 336 | 420 |
| Opvolgbesoeke | 28 | 35 |
| Familie | 16 | 20 |

### 3.6 KALAFONG HOSPITAAL (KH)
Daar is 900 beddens in die Kalafonghospitaal beskikbaar. HospiVisie is in Februarie 2007 deur die hospitaalbestuur genader om 'n geestelike sorgdepartement te vestig. Gedurende September 2007 is eerw. Simon Mokhoposwane aangestel met uitstekende resultate. Hy is deur almal aanvaar en het 'n sterk fondament gelê vir die bediening om uit te brei. As gevolg van die wisselvalligheid in die getal vrywilligers en die uitdaging om 'n administratiewe stelsel te skep, is die volgende 'n beraming van die werksaamhede gedurende hierdie periode:

| | Maart 07-Aug 07 | Sept 07 – Maart 08 |
|---|---|---|
| Aanvanklike besoeke | | 850 |
| Opvolgbesoeke | | 150 |

### 3.7 DIE OASE
By die Oase word geestelike sorg en emosionele ondersteuning gegee aan mense wat met vigs saamleef en wat behandel word met antiretrovirale terapie. Hierdie bediening behels 'n holistiese benadering wat 'n ete, kospakkies, klere en 'n noodfonds insluit. Gratis oog- en tandsorg word ook deur professionele mense wat hulle tyd vrywillig opoffer gelewer. Dit word gedoen om Christus se liefde en sorg op 'n praktiese vlak te demonstreer. Fr. Barry Hughes-Gibbs, 'n Anglikaanse priester, is aan die hoof van hierdie diens en word ondersteun deur 7 permanente personeellede en 'n toegewyde groep vrywilligers. By die Oase is daar 'n kapel en 'n boks vir gebedsversoeke. Geestelike lektuur word ook beskikbaar gestel. Opgeleide personeellede bied op gereelde grondslag ook geestelike gesprekke en berading. Een van die Oase se grootste geleenthede is dat pasiënte vir die res van hul lewens een keer per maand na die kliniek moet kom om hulle medikasie te ontvang. Sterk verhoudinge word gebou en baie lewensveranderende gesprekke word binne die konteks van 'n lewensbedreigende siekte soos vigs gevoer. Die Oase word deur gemiddeld 2000 mense per maand besoek.

### 3.8 OPLEIDING (Alle programme is by UNISA geakkrediteer)
*1. *Berading en Geestelike sorg vir die siekes (basies en gevorderd)* dek die terrein van die bied van geestelike sorg binne die gesondheidsorgomgewing. 'n Totaal van 205 mense is in 10 kursusse opgelei.
*2. *Choose Life*: 'n Waardegebasseerde respons op MIV en VIGS (Befonds deur USAID) - Kerkleiers word deur hierdie kursus toegerus om MIV voorkomingsprogramme, wat gegrond is op Bybelse beginsels soos respek, verantwoordelikheid, integriteit, regverdigheid, liefde en diens, te implementeer.
*3. Resultate vir die USAID se finansiële en verslagdoeningstydperk van Okt 2006 – Sept 2007 (12 maande) is soos volg:

| | |
|---|---|
| Kursusse aangebied | 43 |
| Aantal mense opgelei | 774 |
| Aantal mense wat deur implementeringsaktiwiteite bereik is | 68 500 |

*4. Resultate vir die USAID se finansiële en verslagdoeningstydperk van Oktr 2007 – Maart 2008 (6 maande)

| | |
|---|---|
| Kursusse aangebied | 26 |
| Aantal mense opgelei | 536 |
| Aantal mense wat deur implementeringsaktiwiteite bereik is | 44 331 |

### 3.9 ANDER HOSPIVISIE AKTIWITEITE
*1. Geestelike sorg en ondersteuningsprogramme in privaat hospitale soos Eugene Marais, Moot Algemene Hospitaal, Kloof en Pretoria Oos hospitale: Hierdie bedieninge word in samewerking met plaaslike gemeentes aangebied.
*2. Weeklikse programme op Radiokansel wat ongeveer 21000 mense bereik.
*3. Personeelondersteuningsprogramme en personeel ondersteuning soos bv. Ontlonting ("debriefing") en welvaartprogramme.
*4. MIV en Vigs werkplek programme.
*5. Ondersteuning en ontlonting aan organisasies soos Kindersorgvereniging, Tshwane.
*6. Die "Children's Care Train": in die ontwikkelingsfase.

### 3.10 BESTUUR EN TOEREKENINGSVATBAARHEID
Die volgende registrasies en lidmaatskappe lewer getuienis van HospiVisie se bestuur en bestuurstoerekeningsvatbaarheid:

*1. Artikel 21 nie-winsgewende organisasie (Reg. Nr 99 12761/08)
*2. Artikel 18(A) "Public Benefit Organization" met belastingvrystelling (RG/0042/09/05)
*3. Voldoen aan BBBEE
*4. Eerste geloofsgebaseerde organisasie wat by die Nasionale Departement van Gesondheid as MIV en Vigs lekeberadingsorganisasie geakkrediteer is.
*5. Akkreditasie deur die CP Powell Bible Centre by die Universiteit van Suid-Afrika (SAQA belyning en akkreditasie van ons opleiding)
*6. Lidmaatskap: SA Instituut vir Fondsinsameling

### 3.11 LIDMAATSKAP VAN ANDER ORGANISASIES

*1. Suid-Afrikaanse Vereniging vir Pastorale Werk (SAAP)
*2. Vereniging van Christelike Beraders in Suid-Afrika (ACCSA)
*3. Internasionale Konneksies vir Christelike Gesondheid (ICCH)
*4. Die Global Health Council (GHC)
*5. Erken deur die International Health Awareness Network (IHAN)
*6. Deur die IHAN genomineer vir die "Bill & Melinda Gates Award for Global Health"(2007)

### 3.12 DANKIE

Ons opregte dank en waardering vir die betrokkenheid, ondersteuning, en finansiële bydraes deur die Sinode.

## 4. BEDIENING AAN SUBSTANSAFHANKLIKES (STABILIS TREATMENT CENTRE)

### 4.1 NASIONALE TENDENSE IN TERME VAN SUBSTANSAFHANKLIKHEID

#### 4.1.1 Alkohol: Die voorkeur substans in gebruik in Suid-Afrika

*1. Die 10,1 miljoen alkohol gebruikers in Suid-Afrika verbruik 20 liter absolute alkohol per volwassene per jaar.
*2. Suid-Afrika bevind homself onder die eerste 10 wêreld lande in terme van alkoholverbruik.
*3. Een uit 4 volwasse mans en 1 uit 10 volwasse vroue ervaar simptome van probleme met alkohol gebruik / afhanklikheid.
*4. Meer as 3 uit 10 hoërskool leerders (35%) is probleemdrinkers, wat weekliks 1 liter wyn, of 2 liter bier of 9 eenhede sterk drank misbruik.
*5. 'n Ontstellende kennisname is dat 20% van 14-jarige seuns en byna 50% 17-jarige seuns alkohol gebruik het 'n maand voordat 'n ondersoek onderneem is.
*6. By 14-jarige en 17-jarige meisies was die persentasies van alkohol gebruik onderskeidelik 18% en 35%.
*7. Die jaarlikse finansiële koste weens alkohol en alkohol verwante probleme, beloop jaarlikse R17 miljard vir SA.

#### 4.1.2 Dwelms:

*1. Kinders onder 20 jaar maak tans 20% van alle opnames in behandelingsentra uit.
*2. Een uit elke 2 skoolkinders eksperimenteer met dwelms.
*3. Dagga blyk tans die voorkeur dwelm van keuse te wees, wat 22% - 40% van alle opnames teweegbring.
*4. 'n Toename in heroïen, kokaïen/"*crack*" en veral Naype (mengsel van heroïen en dagga) word bespeur.
*5. Die finansiële koste betrokke by dwelms en dwelmverwante probleme beloop jaarliks R10 miljard vir Suid-Afrika.



### 4.2 BIOGRAFIESE EN SOSIALE EIENSKAPPE VAN PASIËNTE WAT BY STABILIS OPGENEEM IS.

#### 4.2.1 Ouderdom

*1. 55,2 Persent (289) van alle opnames was jeugdiges / kinders.
*2. Bogenoemde syfer verteenwoordig 'n toename van 4,1% in vergelyking met 2007.
*3. Die meerderheid vroue was in die ouderdomsgroepe van 20-25 jaar (19,6%) en 35-39 jaar (19,5%).
*4. In die geval van mans was 22,7% in die ouderdomsgroepe van 20-24 jaar en 25 – 29 jaar.

#### 4.2.2 Huwelikstatus

Tydens opname was 44,1% van alle opnames ongetroud wat 'n styging van 2,3% in verhouding tot die vorige jaar was.

#### 4.2.3 Kerkverband

*1. 80,3% van alle opnames was lidmate van 'n kerk.
*2. NG Kerk-lidmate was 35% van alle opnames.

*3. Afrikaanse Protestante kerke: 15,2%,
*4. Engels Protestante kerke: 11,2%
*5. Ander kerke: 18,7%

**4.2.4 Soort substanse**

*1. Alkoholafhanklike pasiënte was 40% van alle opnames met 'n 18,9% toename in vroue met alkohol-probleme.
*2. 35,7% was persone met 'n dwelmafhanklikheid.
*3. 'n Ontstellende voorkoms was dat 46,9% (130) kinder- / jeugopnames 'n dubbelle (dual diagnosed) diagnose ('n substans en psigiatriese probleem) gehad het.

**4.3. RESULTATE WAT MET BEHANDELINGS INGREPE BEHAAL IS**

**4.3.1 Effektiwiteit met multi-dimensionele professionele insette**

Met die subjektiewe ("patient based outcome") en objektiewe meting van pasiënte vanaf opname tot en met ontslag was:
*1. Fisiese funksionering: Die gemiddelde verbetering was 45%.
*2. Psigiese- / emosionele en interpersoonlike funksionering: 'n gemiddeld van 45% op beide genoemde vlakke is aangeteken.
*3. Geestelike- / godsdienstige funksionering: Die gemiddelde progressie was 39,2%.
*4. Die gemiddelde verbetering op al 4 vlakke was 43,6%.

**4.3.2 Herstel fasiliterende (nasorg) program**

*1. Van die 257 kinders / jeug wat hul behandeling voltooi het, het 68,1% (175) by die program inge-skakel.
*2. Terugvoering / rekords van gesinne en pasiënte toon aan dat 109 (62%) na 1 jaar 'n sober (nugter) lewenswyse gehandhaaf het;
*3. Met volwasse substansafhanklikes is daarin geslaag dat 238 (68%) nugtere en gesonde lewenswyse kan ervaar.

**4.4 BEHANDELINGSKOSTE**

Die gemiddelde behandelingskoste per pasiënt het R9714,52 beloop. Die verskil met die werklike uitgawes teenoor die inkomste, het vir 2007/2008 boekjaar 'n surplus van R173 297.00 getoon.

## 5. SORG AAN GESTREMDES

**5.1 Kinders met gestremdhede (TOIBO).**

Kerklike betrokkenheid geskied deur verteenwoordiging op die beheerliggame van Tranoranje-skool, Prinshofskool, Transvalia-skool, Sonitusskool en Hoërskool Martie du Plessis

**5.2 Pretoria Dowes**

Finansiële- en bedieningsondersteuning word per ooreenkoms aan die gemeente gelewer.

## 6. MIDDESTEDELIKE BEDIENING


**6.1 INLEIDING**

*1. Meer as ooit tevore is ons kerk sedert ons sinode se vorige sitting gekonfronteer met die vraag hoe ons ons betrokkenheid in die gemeenskap beskou. 'n Aantal indringende vrae roep om verantwoording:
*1.1 Behoort "gemeenskap" wyer verstaan te word as die koinonia van die kerk of verstaan ons die term as behorende tot die kader en geografiese verstaan van die gemeente?
*1.2 Sluit dit mense van ander kerke en onkerklikes in?
*1.3 Behoort ons verstaan van "gemeenskap" 'n konsentriese verstaan van nabyheid in te sluit?
*1.4 Is "nabyheid" slegs te verstaan in geografiese terme of kan dit ook taalgroepering, ras, geslag of ouderdom bevat?
*2. Die kerklike, politieke en ekonomiese verskuiwings in die laaste paar jaar het beide die kerk en ge-meenskap in pole verdeel. Die "afstand" waaroor gemeenskapsbetrokkenheid plaasvind het eensklaps vergroot. Kerke en indiwidue word nou veel meer selektief betrokke. In die stede en informele nederset-tings is dit veral waar. Die SDGO se Taakspan vir Middestedelike Bediening het op die volgende wyses gepoog om hierdie vrae aan die orde te stel en hopelik hier en daar 'n bydrae gelewer.

**6.2 GEMEENTES IN MIDDESTEDE**

*1. In die sinodale gebied van die Noordelike Sinode is daar hoofsaaklik 3 hoofsentra waar van midde-stede gepraat kan word: Pretoria, Rustenburg en Polokwane. Brits, Musina, Makhado, (Louis Trichardt) Mokgophong (Naboomspruit), Mokopane (Potgietersrus) en Bela-Bela (Warmbad) en selfs Hartbeespoort begin egter ook sekere middestedelike karaktereienskappe ontwikkel. Hartbeespoort is 'n goeie voor-beeld. Hiér is 'n groot aantal haweloses en al hoe meer straatkinders en prostitute word opgemerk in die Noord-wes se bekende vakansiedorp.
*2. In al drie hierdie middestede sukkel die NG Kerk om sy eertydse sleutelposisie vol te staan. Dalk is dit deels te wyte aan die vasgrype aan 'n vergange verlede en die ideaal van 'n volkseie kerk en deels

aan die onvermoë van die kerk en sy leierskap om hierdie nuwe konteks te verstaan en daarby aan te pas.
*3. Om die leemtes te vul het die taakspan die volgende gedoen:
*3.1 'n Aantal byeenkomste van middestadsgemeente dominees is in 2006 en 2007 gereël waar saamgesels is en frustrasies en suksesse met mekaar gedeel is.
*3.2 'n Konferensie is in 2007 gereël in samewerking met PEN, UP en MES met die tema *Hoe om die Goeie Nuus in Weerlose Gemeenskappe te wees en te doen.* Ongeveer 40 verteenwoordigers van regoor die land het die byeenkoms bygewoon. Die bydraes is ook aanlyn gepubliseer.
*4 'n Werkswinkel gedurende 2008 word in die vooruitsig gestel waartydens besin gaan word oor die kritieke vrae wat in 6.2.2 hierbo gestel is.



### 6.3 PEN TE PRETORIA
PEN is die grootste kerklike organisasie wat spesifiek op middestedelike werk konsentreer in die sinodale gebied. Die Noordelike Sinode het op 'n aantal maniere hier betrokke geraak:
*1. In 2007 het die SDGB fondse bewillig om 'n Gemeenskapsentrum in Schubartpark in te ruim. Die sentrum het 'n kapel, opleidingspasie, koffiekroeg en kombuis bevat en het tot April 2008 geopereer waarna dit gesluit is as gevolg van die strukturele verval van die woonstelkompleks. Die projek is verskuif na die Grootte Kerkgebou en word tans behartig as 'n gemeenskapseenheid wat deur middel van 'n verskeidenheid dienste in die gebied uitreik.
*2. Die Sinode het addisionele fondse in 2008 bewillig om PEN by te staan in die verskaffing van voedsel aan mense in Schubartpark asook aan vlugtelinge in die Marabastad-area. Die Taakspan het ook fondse bewillig vir die 2007-boekjaar om PEN by te staan in die ontwikkeling van 'n nuwe jeugbediening. In April 2008 het Infusion, 'n nuwe "jeugkerk" sy deure in Sunnyside oopgemaak.
*3. Vir 2008 is fondse bewillig vir die ontwikkeling van 'n nuwe bediening aan bejaardes in die middestad. Dit word in samewerking met die Pretoria-gemeente gedoen en sal spesifiek gemik wees om behoeftige bejaardes in hierdie gemeenskap op 'n holistiese wyse te bedien.
*4. 'n Bedrag van R6557-00 is as tussentydse maatreël aan Pretoria gemeente beskikbaar gestel vir PEN se sopkombuis vir vreemdelinge tydens die xenofobiese aanvalle.

### 6.4 ARCADIA FAITH COMMUNITY PRETORIA
Die Arcadia Faith Community is deur die Taakspan bygestaan in sy Skills Training-program in beide die 2007- en 2008 boekjare.

### 6.5 JUDEA GETUIENISFORUM POTGIETERSRUS
Fondse is bewillig om die Judea Getuienisforum by te staan in hulle Projek vir Bediening aan Gestremdes in die Makhopane-area (Potgietersrus) .

### 6.6 HULP IN ELKE BEHOEFTE (HIEB) POLOKWANE
Fondse is bewillig ter ondersteuning van die HIEB-projek se hulpverlening aan haweloses in Polokwane.

## 7. PSIGOPASTORALE ARBEID (WESKOPPIES HOSPITAAL)
Ds Pieter de Wet, psigopastorale terapeut by Weskoppies hospitaal en medeleraar van die gemeente Wespoort, rapporteer soos volg:
*1. Die afgelope 38 jaar word Weskoppies deur 'n voltydse hospitaalleraar en sekretaresse bedien grootliks danksy befondsing van die Noordelike Sinode. 2007 is gekenmerk deur positiewe betrokkenheid vanuit die kerklike gemeenskap

### 7.1 GEMEENSKAPSBETROKKENHEID
*1. Wespoort Gemeente bied aan ons 'n geestelike tuiste vanwaar ons die bediening in Weskoppies kan onderneem, terwyl die Noordelike Sinode die bediening in samewerking met Weskoppies Hospitaal finansieel ondersteun. Ons is innige dank verskuldig aan die bogenoemde partye vir hulle sensitiewe begrip die afgelope jaar.
*2. Vanuit ons Sinodale gebied asook uit die Oostelike Sinode was die volgende gemeentes by ons betrokke: Erasmia, Wierda Park, Eldoraigne, Valhalla-Suid, Schanshoogte, Wespoort, Quaggapoort, Wesmoot, Magalieskruin, Pierre van Ryneveld, Olifantsfontein, Florandia, Raslouw en Oosterlig. Die Methodiste Gemeente van Bryanston het andermaal gehelp met kersfunksies in 'n hele aantal sale. Naas gemeentes en kerkgroepe het die Lions Club van Pretoria-Suid ook daadwerklike hulp verleen met ons kermis en 'n kersfunksie vir saal 13.
*3. Ons beleef die mede-leraarskap met Dii. Hendrik Lambrechts, Jan Theron en Dolf Bezuidenhout as opbouend en verrykend. Van die kant van die Ring van Eloffsdal is daar 'n positiewe gees van wel-

willendheid. Die Diensraad vir Gemeenskapsbetrokkenheid was positief betrokke by die bediening in Weskoppies.

## 7.2 EREDIENSTE EN HUISGODSDIENSGELEENTHEDE

*1. Daar word elke Sondag twee eredienste in Weskoppies se Kapel gehou. Een elk deur die Metodiste Kerk en NG Kerk. Gedurende die week neem Ds de Wet en die AGS dienste in geslote afdelings asook 'n diens in die kapel waar.

*2. Huisgodsdiens word weekliks in verskillende sale gehou. Evangelis Alpheus Msimanga, Howard Woolf, Basil Smith, Piet Kruger, ds Phillip Bergh, pastoor Ramalola en me Motlabedi is hierby betrokke. Ons is innige dank aan Wierdapark-gemeente verskuldig vir die vergunning om van Alpheus se dienste gebruik te kan maak.

*3. Nagmaal is by vyf geleenthede in die Kapel deur ds De Wet bedien.

*4. 38 Jaar van bediening in Weskoppies Hospitaal is met die jaarlikse Dankdiens gevier op Sondag 2 September 2007. Ons gaskore by die geleentheid was die Gemeentekoor van Wierdapark en die Soshanguve Sweet Voice Masters onder leiding van Heather Liebenberg.

*5. Die Weskoppies Pasiënte Koor het saam met ds De Wet in die gemeentes van Eldoraigne, Florandia, Monumentpark, Raslouw en Valhalla-Suid opgetree. Hierbenewens het ds De Wet eredienste in Ebenhaeser, Quaggapoort, Helikonpark, Wierdapark, Wespoort en Eldoraigne waargeneem.

*6. By ons jaarlikse "Kersliedere by Kerslig" het Rose-Marie Olivier uit die Magalieskruin-gemeente 'n mooi Kersprogram aangebied.

## 7.3 PASTORALE SORG

*1. Die pastorale versorging van die pasiënte word in samewerking met die res van die multi-dissiplinêre behandelingspan onderneem. Die samewerking met die maatskaplike werkers, sielkundiges, psigiaters, arbeidsterapeute, verpleeg-personeel en fisioterapeut geskied in 'n positiewe gees.

*2. Pasiënte maak self 'n afspraak of word deur ander lede van die behandelingspan na die hospitaal-leraar verwys. Naas geestelike ondersteuning, begeleiding en terapie, is skakeling met familie en vriende van pasiënte 'n belangrike deel van die bediening. Drie oggende per week is behandelingspanne se saalrondtes bygewoon.

*3. Heelwat tyd is bestee aan die saalrondtes van die span vir langtermyn-pasiënte. 'n Hele aantal van ons pasiënte is al vir baie lank in die hospitaal. Veranderinge in hospitaalbeleid noodsaak die uitplasing van langtermyn-pasiënte. Laasgenoemde is problematies, aangesien geskikte huisvesting vir persone wat aan psigiatriese siektes ly baie skaars is.

*4. Teologiese studente van die UP het vir hulle praktykvorming na Weskoppies gekom vir lesings en praktiese blootstelling onder leiding van ds De Wet. Ds De Wet het ook 'n lesing oor pastorale betrokkenheid by lyers aan skisofrenie by die Coram Deo sentrum van Oosterlig aangebied.

*5. Die Gideons het ons andermaal ondersteun met sakbybels vir pasiënte in al die verskillende tale. Die "hotel-Bybel" is vir gebruik in die sale vir huisgodsdiens geleenthede voorsien.

## 7.4 DEERNISBEDIENING, FONDSINSAMELING EN SOSIALISERING

### 7.4.1 Vriende van Weskoppies

*1. Deernisbediening kry in Weskoppies Hospitaal besondere aandag. Vriende van Weskoppies is die Vrywilliger Vereniging van Weskoppies Hospitaal wat poog om die gerief en welsyn van die pasiënte tydens hulle verblyf in Weskoppies te bevorder. Verskeie projekte word deur Vriende in dié verband onderneem:

*2. Vriende van Weskoppies ondersteun ook die volgende: 'n Haarsalon, kerspakkies vir al die pasiënte op Kersdag in die hospitaal, 'n uitstappie na die Brooklyn Methodiste gemeente asook die Muur van Herinnering. Met behulp van die jeug van Centurion Gemeente Sonder Mure, is 'n jukskeibaan gebou. Vriende het ook nuwe setstokke vir die mini-gholfbaan, wat hulle enkele jare gelede gebou het, geskenk.

### 7.4.2 Peetgroepe

Hier is veral groepe uit NG Gemeentes betrokke naamlik Eldoraigne, Valhalla, Magalieskruin, Monumentpark, Monumentpark-Wes, Olifantsfontein, Raslouw, Wesmoot, Florandia, Oosterlig, Wespoort, Erasmia, Lyttelton en Wierdapark. Elkeen van hierdie groepe besoek een van ons sale op 'n gereelde basis vir geestelike en sosiale ondersteuning.

### 7.4.3 Kermis

Elke 2 jaar word daar in Weskoppies 'n kermis gehou om fondse in te samel vir die Pasiënte Ontspanningsfonds. Danksy die betrokkenheid uit ons gemeentes en die onbaatsugtige hulp van vriende, kon 2007 se Kermis R85 000,00 insamel. Met hierdie fondse word waardevolle toerusting, soos bordspeletjies en TV's aangekoop. Pasiënte word ook in staat gestel om die Pretoria Dieretuin en Pretoria Skou te besoek. Ds De Wet was die Voorsitter van die Weskoppies Kermisprojek.

#### 7.4.4 Kersfunksie

Die susters van die gemeentes in Pretoria-Wes het ons gehelp om andermaal 'n heerlike kersfunksie vir ongeveer 400 pasiënte aan te bied. Willie Liebenberg met sy eenman-orkes het by hierdie geleentheid ons pasiënte en besoekers met 'n pragtige program trakteer.

### 7.5 PERSONEEL

*1. Die afdeling vir Pastorale Sorg in Weskoppies Hospitaal word behartig deur die voltydse hospitaalleraar, Ds De Wet en 'n deeltydse sekretaresse, mev De Wet. Korrespondensie met die peetgroepe van Vriende van Weskoppies, familie van pasiënte en die publiek is 'n belangrike deel van die werk.
*2. Voorts ontvang ons gereeld donasies soos toiletware en klere vir ons pasiënte. Ons poog om 'n persoonlike briefie aan elkeen te skryf wat ons pasiënte op die een of ander wyse ondersteun. Naas die kantoorpligte, help mev. De Wet ook met die begeleiding tydens huisgodsdiens-geleenthede en roudienste.

### 7.6 SLOTWOORD

Die bediening in Weskoppies Hospitaal stel besondere eise. Ten spyte van goeie mediese sorg, bly die stigmatisering van lyers aan psigiatriese siektes 'n moeilike las om te dra. Dit is 'n voorreg om die Evangelie te mag bedien in so 'n uitdagende omgewing.

## 8. GEVANGENESBEDIENING

### 8.1 AGTERGROND

*1. Toe die gemeente Schanshoogte in 2007 aangedui het dat hulle na etlike jare nie meer die sinodale subsidie vir gevangenisbediening nodig het nie, het die SDR besluit om te begroot vir gevangenisbediening op Louis Trichardt. Die Sinthumule-Kutama maksimum sekuriteit gevangenis op Louis Trichardt is een van die nuwe, geprivatiseerde tronke wat nie deur die Departement Korrektiewe Dienste bedryf word nie. Dit is uitgekontrakteer aan 'n private maatskappy SACM (South-African Custodian Management) wat die staat se tender verkry het.
*2. Die fisiese opset is uiters moderne geboue met 'n gesofistikeerde elektroniese veiligheidstelsel. Daar is 3 100 gevangenes wat om veiligheidsredes in 3 afsonderlike tronk-eenhede aangehou word en bykans 1 000 personeellede is in diens. Sinthumule-Kutama is 'n oop deur vir godsdienstige bearbeiding van gevangenes en 'n stelsel van "restorative justice" waar die gevangenes geleentheid kry om iets terug te gee aan die gemeenskap wat hulle benadeel het deur hulle misdaad, is deel van SACM se beleid.

### 8.2 HOOGTEPUNTE IN LOUIS TRICHARDT SE GEVANGENISBEDIENING

*1. Geskikte kandidate vanuit alle kerkverbande, uit die geledere van die gevangenes, word tans geïdentifiseer om die basiese predikingkursus van die Sentrum vir Kontekstuele Bediening te deurloop. (Daar is talle leke-predikers wat op Sondae vir groot getalle mede-gevangenes preek). SACM het aangedui dat hulle moontlik 'n gedeelte van die kursusfooie sal bydra.
*2. Die tweede kwartaal se Nagmaalsdiens is deur ongeveer 80 gevangenes bygewoon en 64 het die sakrament gebruik.
*3. Daar is 2 aktiewe kore bestaande uit gevangenes wat 'n betekenisvolle bydrae maak tot eredienste.
*4. Lidmate betrokke by die "restorative justice" program, is tans besig om stoeltjies te maak vir 'n VGK-kleuterskool in die Venda platteland.
*5. Sewe NG Kerk-lidmate het die familiedag op 31 Mei 2007 bygewoon, die hele dag informeel saam met die gevangenes deurgebring en verhoudings gebou.
*6. Die gevangeniswerkers raak al meer betrokke by hospitaalbesoek by siek gevangenes.



### 8.3 SINTHUMULE-KUTAMA GEVANGENIS: 'N NAVOLGENSWAARDIGE MODEL

Twaalf aspekte van die bediening in die Sinthumule-Kutama gevangenis kan uitgesonder word as voorbeeld en as 'n moontlike model wat ander gemeentes kan navolg, met Mat 25:36, 40 in gedagte: "*Ek was...in die tronk, en julle het My besoek... Vir sover julle dit aan een van die geringstes van hierdie broers van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen.*"
*1. 'n Predikant van die gemeente moet persoonlik betrokke raak by die plaaslike gevangenis, by onderhandelings met die tronkowerhede, asook by die fisiese bediening van gevangenes.
*2. Oral in die sinodale gebied waar daar gevangenisse is, behoort die plaaslike kerkraad 'n beleid te ontwikkel en formele besluite te neem oor die bediening / nie-bediening van die gevangenis.
*3. Die plaaslike kerkraad behoort uit eie geledere (en buurgemeentes, susterskerke, ander kerke) vrywilligers te werf wat geroepe voel om 'n geestelike werker in die tronk te wees.
*4. Die vrywilligers begin dadelik met hul werksaamhede soos wat die tronkowerhede dit toelaat (Jesusfilm, Bybelstudie, persoonlike besoeke, eredienste ens.).

*5. Die leraar en kerkraad neem verantwoordelikheid vir die toerusting van vrywilligers. Dit is krities belangrik om die vrywilligers op 'n voortgaande basis beter en beter op te lei vir hulle dienswerk. Daar is baie moontlikhede, onder andere Getroue Getuies, die Sentrum vir Kontekstuele Bediening aan UP se basiese predikingkursus, pastorale sorgkursus, pastorale sorg aan siekes, multi- en interkulturele bediening, Nehemia Bybelinstituut se basiese teologiese opleiding ens.
*6. Die gemeente word gereeld ingelig oor die vordering van die bediening. Maak die hele gemeente betrokke deur skenkings te vra van hulle wat nie self die tronk besoek nie, bv. Bybels, Bybelstudieboeke.
*7. Ontwikkel 'n toepaslike sangbundel vir die tronk wat waarskynlik meer Engelse as Afrikaanse liedere kan insluit. Moedig gevangenes aan om 'n koor te stig en voorsien bladmusiek waar toepaslik. Reël optredes vir die koor.
*8. Belangstellende gevangenes word ingeskryf in 'n volwasse katkisasieklas.
*9. Wanneer daar geskikte kandidate is, verkies kerkraadslede uit die geledere van die gevangenes.
*10. Die sakramente word in die tronk bedien, net soos aan ander lidmate.
*11. Voorsien opleiding aan Christene in die gevangenis byvoorbeeld dissipelskapkursus, Bybelkorkursusse en rus gelowiges toe om mede-gevangenes te bereik met die Evangelie.
*12. Raak betrokke by parool en vrylating van lidmate in die tronk. Dit is moeiliker vir gemeentes en vir die gevangenes as wat mens dink.

## 9. ZIMBABWE

### 9.1 AGTERGROND

Sedert die vorige sitting het Zimbabwe 'n belangrike punt op die Sinode se agenda geword. Voorheen was sinodale skakeling beperk tot die gewone skakeling met die Ring van Midde-Afrika. Daar is wel verantwoordelikheid geneem vir die pastorale versorging van die predikante maar finansiële bystand was beperk tot die ondersteuning van die predikante se mediese en pensioenfondse.

### 9.2 AARD EN OMVANG VAN MATERIËLE HULPVERLENING

*1. Hulpverlening het egter dramaties verander sedert 2007. Die politieke toestand en gepaardgaande sosiale en maatskaplike toestande het ongelooflik versleg. Gemeentes van die Noordelike Sinode het hierop gereageer deur op groot skaal betrokke te raak by die mense van Zimbabwe.
*2. Geld wat volgens besluit van die SDR in 2006 aan gemeentes teruggegee is, is deur baie gemeentes in 'n noodfonds vir Zimbabwe gestort. Behoeftes aan voedsel en mediese voorrade het al hoe groter geword. Sedert Augustus 2007 is toenemend voedsel en mediese voorrade na Zimbabwe gestuur. Voorraad depot's is gevestig by die sinodale kantoor in Sunnyside, Louis Trichardt en Albertyn gemeente in Ellisras. Nie-bederfbare voorraad is hier versamel en na Zimbabwe vervoer.
*3. Dit was egter nie genoeg om in die nood te voorsien nie. 'n Ooreenkoms met Makro het dit moontlik gemaak om palette bestaande uit R10 000 - R15 000.00 se voedsel tot in Harare te vervoer. Dit is op datum die beste opsie. Voorraad wat nie hulle bestemming bereik het nie was minimaal: 'n pakkie batterye en 'n sakkie melkpoeier. Die palette word deur die dames van Harare se gemeente in kleiner eenhede opgedeel en dan versprei. Op hierdie stadium word daar, na behoefte, gemiddeld twee palette per maand gestuur. Die gemeente Bulawayo word voorsien via Francistown.

### 9.3 PASTORALE BYSTAND

*1. Terwyl daar redelik aan die basiese behoeftes aandag gegee word is daar 'n groot behoefte aan die pastorale bystand van die gemeentes. Die predikante van Zimbabwe het elkeen meer as een gemeente waar hulle verantwoordelikhede het. Die gemeentes is ver en wyd verspreid. Die krisis in Zimbabwe en die gepaardgaande behoefte aan pastorale versorging plaas groot druk op die predikante. Dit is 'n aspek wat nog nie suksesvol aangespreek kon word nie.
*2. Saam met die Hervormde Kerk word Bulawayo bedien. 'n Predikant gaan vir 'n week, preek twee Sondae en doen deur die week huisbesoek. Die behoefte om di Piet van Vuuren, Johan Haasbroek en Mattie Beukes op 'n soortgelyke wyse by te staan, is groot. Hopelik sal gemeentes wat meer as een leraar het positief hierop reageer. Die situasie van ds. Gerhard Breytenbach is ietwat anders aangesien hy vir 50% aan CAVA-uitgewers gekoppel is.
*3. Die Wes-Kaapse sinode is betrokke by die RCZ en CCAP in Zimbabwe. Hulle verleen hulp en is by verskeie projekte in die verband betrokke.

### 9.4 VERSOEKE

*1. Die sinode versoek gemeentes om onverpoos vir Zimbabwe te bid.
*2. Die sinode versoek gemeentes met meer as een leraar, om te oorweeg om een keer per jaar 'n leraar te stuur om pastorale hulp in Zimbabwe te gaan verleen.
*3. Die sinode versoek gemeentes om dit te oorweeg om minstens een fondsinsamelingspoging per jaar ten behoewe van Zimbabwe te loods.
*4. Die sinode versoek gemeentes om by vlugtelinge in die RSA betrokke te raak.
*5. Die sinode bedank gemeentes wat betrokke is in Zimbabwe.

## 10. DANKIE AAN

*1. Die leiers van die verskillende taakspanne.
*2. Die talle gemeentes wat in eie gemeenskappe betrokke is, wat met deernis hoop bring en 'n verskil maak in baie mense se lewens.
*3. Verskillende diensorganisasies en vennote met wie ons hande vat om nood te verlig.




**JH VAN LOGGERENBERG** (Voorsitter)



**DH JANSE VAN RENSBURG** (Skriba)



# A.7 EERSTE VERSLAG VAN DIE SINODALE DIENSRAAD VIR GETUIENIS (SDG)



## 1. INLEIDING

**1.1** Een van die mees inspirerende herontdekkings van ons tyd is dat sending nie in die eerste plek die verantwoordelikheid van mense of selfs kerke is nie, maar van God self. Sending moet dus eerstens as missio Dei, God se sending, gesien word (vergelyk verslag van die Algemene Diensgroep vir Diens en Getuienis, pp 82 ev, Algemene Sinode, 2007).

**1.2** Maar as sending God se werk is, wat van ons? Sluit die missio Dei (God se sending) die missio ecclesia (die sending van die kerk) uit? Nee. Die sending van God mond uit in die sending van die kerk. God maak ons sy medewerkers in die uitbreiding van die koninkryk. Die getuienistaak van die kerk is 'n omvattende taak wat op die nood van die wêreld in al sy dimensies gerig moet wees.

**1.3** Kerk en sending kan nooit van mekaar geskei word nie. Deur sending bedien die kerk die evangelie in al sy dimensies aan mense buite die kerk. Die kerk leef vir die sending; dit is die bestaansrede van die kerk. Die kerk is alleen kerk van Christus as dit vir ander mense, die wêreld, bestaan.

**1.4** Uit die Bybel is dit duidelik dat die plaaslike gemeente die belangrikste rolspeler in die getuienistaak van die kerk is. Dit is duidelik dat elke Christen geroep is om 'n getuie te wees oral waar hy/sy kom. Elke lidmaat het 'n verantwoordelikheid. Tog is dit noodsaaklik dat elke gemeente in sy beplanning spesifieke getuienis-, diensaksies en projekte sal onderneem. Emil Brunner het tereg gesê: "Soos 'n vlam nie anders kan as om te brand nie, kan 'n gemeente nie anders as om te getuig nie."

**1.5** Die Diensraad vir Getuienis sien ons taak om gemeentes te begelei om hulle lig te laat skyn en so 'n verskil te maak en hoop te bring. Dit vind plaas deur middel van navorsing, beplanning, inligting en konferensies/werkswinkels om gemeentes te help om hulle missionêre opdrag uit te voer.

**1.6** Alhoewel gemeentes hulle eie uitreikprojekte het, is dit belangrik om dit in samewerking binne die NG-kerkfamilie asook ekumenies met ander kerke en sendingorganisasies, te doen.

**1.7** Tydens 'n bosberaad onder leiding van die DKB wat in 2004 plaasgevind het, is verskillende fokus-areas/prioriteite vasgestel. Die prioriteite waarna verwys word, was op die agenda van elk van die SDG se Taakgroepe gedurende die afgelope paar jaar. In die lig van nuwe prioriteite het nog 'n Taakgroep, Inter- of multikulturele bediening, as 'n selfstandige Taakgroep tot stand gekom. In die volgende paragrawe word kortliks verwys na die wyse waarop die Taakgroepe fokus en leiding aan gemeentes gee.

## 2. TAAKGROEP VIR BELEID, STRATEGIE, OOREENKOMSTE EN HULPBRONNE

Die Taakgroep se verantwoordelikheid is om leiding en ondersteuning aan gemeentes te gee.

### 2.1 OPNAME: GEMEENTES MET 'n MISSIE

#### 2.1.1 Inleiding

2.1.1.1 Gedurende Augustus en September 2006 is vraelyste na alle gemeentes van die sinode gestuur. Die doel van die ondersoek was om 'n deeglike databasis op te stel en 'n verslag te skryf wat as basis kan dien vir die bevordering en koördinering van getuieniswerk deur gemeentes en vir sinodale diens aan gemeentes.

2.1.1.2 Die resultate van die voltooide vraelyste is deur Inserv (Instituut vir Strategiese Dienste) verwerk en 'n verslag is aan die Sinodale Diensraad vir Getuienis oorhandig. Uit 'n moontlike 125 gemeentes is 64 gemeentes se vraelyste terugontvang. Alhoewel dit slegs min of meer die helfte van die gemeentes is, kan die resultate nogtans as beduidende steekproef vir die bepaling van tendense en van die stand van die getuienisfunksie deur gemeentes dien. Daar is ook via die sinodale nuusbrief kennis aan gemeentes deurgegee dat hierdie databasis en verslag by die kerkkantoor verkrygbaar is op versoek. 'n Paar interessante gegewens en tendense word hiermee aan die sinode deurgegee.

#### 2.1.2 Gemeentelike gerigtheid op buitekerklikes

2.1.2.1 Die aantal buitekerklikes wat in gemeentes van die sinode belydenis aflê, dui aan dat daar nog nie 'n voldoende *uitreikkultuur in gemeentes* posgevat het nie - ongeveer 1,7 buitekerklikes per gemeente lê per jaar belydenis van geloof af.

2.1.2.2 Ongeveer 'n derde van die gemeentes het gereelde of deurlopende *evangeliseringsaksies* wat in die lig van bogenoemde daarop dui dat dit nie voldoende is nie. Daar is nie 'n beduidende verskil in die getalle buitekerklikes wat belydenis aflê tussen gemeentes met evangeliseringsaksies en gemeentes daarsonder nie. Die jeug se betrokkenheid by sulke aksies en opleiding behoort meer aandag te kry.

2.1.2.3 Ongeveer 30% van gemeentes gee te kenne dat hulle 'n *gunstige klimaat* onder lidmate probeer skep - 'n klimaat waarin gemeentelike bedieninge aan anderstaliges kan gedy.

2.1.2.4 Baie min kerkplantingsinisiatiewe of Nuwe Gemeente Ontwikkeling (NGO) vind plaas. Meestal gaan dit om hulp aan ander kerke wat groeipunte wil ontwikkel.

2.1.2.5 Ongeveer 41% gemeentes onderneem van tyd tot tyd korttermyn uitreike na ander gebiede. Gemeentes kan gerus let op die beskikbare sinodale beleid en voorligting oor sulke uitreike.

2.1.2.6 Dit lyk of gemeentes meer aandag daaraan moet gee om getuienislewering deur lidmate as deel van hulle natuurlike lewenswyse en as gemeentelike kultuur gevestig te kry. Dieselfde geld vir die aanloklikheid van die gemeentelike lewe vir buitestanders.

**2.1.3 Werk saam met die NG Kerk-familie**

2.1.3.1 Ongeveer 47% gemeentes dui betrokkenheid en samewerking met gemeentes van ander lede van die NGK-familie aan - veral plattelandse gemeentes met landelike omgewing binne hulle gemeentegrense. Stedelike gemeentes is oor die algemeen minder betrokke.

2.1.3.2 Daar is talle gemeentes (byna 50%) wat aangedui het dat hulle graag sou wou uitreik saam met lede van die NGK-familie - maar waar dit nog nie plaasvind nie. Sulke situasies roep om verstandige leierskap, inisiatief en geesdrif.

**2.1.4 Samewerking met ander denominasies en sendingorganisasies**

2.1.4.1 Dit lyk nie of daar juis formele samewerking van NGK-gemeentes en gemeentes van ander *denominasies* is nie. Getuieniswerkers van ander denominasies (wat dikwels onder beskerming van sendingorganisasies werk) word egter dikwels ondersteun.

2.1.4.2 Samewerking en ondersteuning van ander interkerklike sending- en uitreikorganisasies vind egter dikwels plaas.

**2.1.5 Bediening aan gemarginaliseerde gemeenskappe**

2.1.5.1 Dit lyk of daar nog baie geleentheid vir gemeentes bestaan om by die bediening aan middestedelike gemeenskappe betrokke te raak. (Dit lyk of Rustenburg en Polokwane se stadskerne nie werklik deur gemeentes benut word as bedieningsgeleenthede nie.) Slegs ongeveer 20% van die sinode se gemeentes dui sulke betrokkenheid aan.

2.1.5.2 Ongeveer 14% gemeentes is by bediening aan informele woongebiede betrokke terwyl 23% gemeentes aangedui het dat hulle binne 10 km vanaf 'n informele woongebied geleë is maar nog nie daar betrokke is nie.

2.1.5.3 Min of meer dieselfde betrokkenheidskoers is ten opsigte van tradisionele stamgebiede/tuislande aan die orde.

**2.1.6 Ander plaaslike subkulture vir bearbeiding**

2.1.6.1 Alhoewel die sinode by 'n vorige vergadering 'n oproep op gemeentes gedoen het om die werk van IMSA (Nywerheidsbediening) te ondersteun, het geen gemeente aangedui dat hulle 'n geldelike bydrae tot daardie bediening gemaak het nie.

2.1.6.2 Oor die algemeen lyk dit of gemeentes tog bewus is van beduidende plaaslike subkulture in hulle midde, maar in die meeste gevalle kry dit nie veel aandag nie.

2.1.6.3 Dit lyk of gemeentes wat gesig- en gehoorgestremdes as beduidende groep in hulle midde geïdentifiseer het, wel na hulle toe uitreik. Daar is egter nog behoeftes op die platteland.

2.1.6.4 Bedieninge wat ook uitgebrei kan word is aan plaaswerkers en immigrante (veral Zimbabweërs en Mosambiekers).

**2.1.7 Ondersteuning van wêreldsending**

2.1.7.1 Net meer as 40% van ons gemeentes is by sinodaal-ondersteunde sending betrokke, by name Portugal, Frankofoon-lande (GKEF) en Mosambiek (GSM).

2.1.7.2 Gemeentes van die sinode ondersteun getuieniswerkers op al die kontinente van die wêreld, waarvan die meeste in Afrika en Europa werksaam is.

**2.1.8 Finansiële bronne en besteding aan getuienis**

2.1.8.1 Dit lyk of ongeveer 28% van ons gemeentes gebruik maak van die geloofsofferbeloftestelsel om fondse te vind vir getuieniswerk. 'n Vergelyking toon aan dat gemeentes wat hiervan gebruik maak se gemiddelde besteding aan getuienis aansienlik meer is per gemeente as dié wat dit nie implementeer nie (R169 000 per gemeente teenoor R71 000 in die 2005-06 boekjaar).

2.1.8.2 Geld is deur gemeentes aan gesamentlike uitreikwerk met gemeentes van die NGK-familie geskenk, maar sonder lidmaatbetrokkenheid.

2.1.8.3 Ongeveer 22% van ons gemeentes gee ondersteuning aan ander denominasies buite die NG Kerkfamilie se getuieniswerkers. Ongeveer 26% van die werkers wat finansieel ondersteun word is van ander denominasies. Die werk van interkerklike getuienisorganisasies word selfs nog beter ondersteun.

2.1.8.4 Ongeveer 49% van getuieniswerkers werk op die basis van geloofsending en moet self hul eie onderhoud werf by lidmate en gemeentes.

**2.1.9** Die volledige verslag van "*Gemeentes met 'n Missie*" is by die sinodale kerkkantoor beskikbaar. Meer inligting oor die sake wat hierbo genoem word, is in die verslag beskikbaar. Daar word ook mooi suksesverhale vertel wat vir gemeentes as aansporing kan dien.

**2.2 BEURSFONDSE SENDINGSTUDIE**

**2.2.1** Die Taakgroep vir Beleid, Ooreenkomste, Strategie en Hulpbronne van die SDG is verantwoordelik vir die toekennings van studiebeurse aan kandidate wat hulle vir sendingwerk wil voorberei. Tans beskik die sinode oor 3 studiebeursfondse waarvan die rente jaarliks deur die SDG toegeken word aan aansoekers veral uit die VGKSA. Die saldo's was op 1 Maart 2008 soos volg: Emmarentia Geldenhuys (R 198 559.20) MM Hammond (R 13 117.09) en M Dippenaar ( R 87 004.63) wat 'n totaal was van R 298 680.92. Sedertdien is beurse ter waarde van R15 950.00 toegeken.

**2.2.2** Die afgelope twee jaar kon die Emmarentia Geldenhuys beursfonds jaarliks met ongeveer R 20 000 versterk word deur sinodale toekennings. Die uitbou en versterking van hierdie hulpbronne word tans hoofsaaklik deur sinodale toekennings moontlik gemaak. Gemeentes kan dit gerus oorweeg om met bydraes hierdie beursfondse te versterk.

**2.3 LEIDING EN ADVIES AAN GEMEENTES**

In die opname "Gemeentes met 'n Missie" het dit geblyk dat gemeentes nie op hoogte is van beleidstukke van die sinode oor getuienis nie. Onder meer is die volgende dokumente by die sinodekantoor of op die sinode se webblad (www.ngk-ntvl.com ) beskikbaar:

**2.3.1 Beleidsdokumente**

Hierdie dokumente bevat beleid- en adviesstukke wat gemeentes kan raadpleeg vir inligting oor getuienis.

**2.3.2 Sinodale ooreenkomsdokumente**


Hierdie dokumente verskaf afskrifte van ooreenkomste, memoranda en reglemente van liggame/bedieninge waarby die sinode formeel betrokke is.

**2.3.3 Voorbeelddokumente**

Hierdie dokumente bevat voorbeelde van kontrakte/ooreenkomste, reglemente, werkskedules, vorms en personeelbeleid wat as basis gebruik kan word deur gemeentes vir die skep van hul eie dokumente soos die behoefte mag ontstaan in hulle uitreik- en getuieniswerk.

**2.3.4** 'n Nuttige lys **kontakbesonderhede van getuienishulpdienste en sendingorganisasies** soos in die verslag "Gemeentes met 'n Missie".

**2.4 BYBELGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA**



2.4.1 Die Sinode se leraarsverteenwoordiger in die Raad van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika was ds JJ van Zittert.

2.4.2 Die Bybelgenootskap in Suid-Afrika is hierdie jaar 150 jaar oud en die Bybel vier sy 75ste jaar in Afrikaans. Ds DC Taljaard is die streekverteenwoordiger vir die Noordelike sinode.

2.4.3 Meer besonderhede is op die Bybelgenootskap se webblad beskikbaar (www.bybel.co.za).

# 3. TAAKGROEP VIR WêRELDSENDING

**3.1. SENDING IN PORTUGAL**

**3.1.1** Dr Manie Taute is enkele jare gelede gehelp om na Portugal gestuur te word deur die NG Gemeente Potchefstroom-Noord. Hy is 'n sendeling-leraar wat op die basis van geloofsending sy werk daar verrig. Hy is amptelik 'n leraar van die Potchefstroom-Noord gemeente (met 'n duidelike diensooreenkoms) wat aan die kerk in Portugal gesekondeer is.



**3.1.2** Die kerk in Portugal het onlangs geherregistreer by die owerheid en het toe sy naam verander na Igreja Reformada Evangelica (IRE). Sedert dr Taute daar aangekom het, het die lewe en werksaamhede van die kerk in Lissabon en omgewing mooi gegroei. Die gemeente onderneem dikwels openbare uitreike saam met ander Protestantse gemeentes in die omgewing. Dr Taute fokus veral op die toerusting van leiers - en gee ook Hebreeuse klasse aan 'n teologiese kollege waar hy die geleentheid het om ook ander kerke se toekomstige leiers te leer ken en hulle op te bou.

**3.1.3** Portugal is deel van Europa en is 'n moeilike sendingveld met groot geestelike duisternis. Maria-verering speel ook nog 'n groot rol.

**3.1.4** Finansieel sal daar maar altyd behoefte aan ondersteuning vir die bediening wees. Sedert dr Taute se aankoms in Portugal het die Rand-Euro-wisselkoers sy onderhoud in Frankryk met ten minste 50% weggevreet. Gemeentes en enkelinge wat graag wil help, kan gerus vir ds Johan Raubenheimer van Potchefstroom-Noord gemeente kontak of direk met dr Taute per e-pos by portugal@ngnoord.org.za . Bankbesonderhede vir bydraes is: NG Kerk Potchefstroom-Noord: Portugal Sending, Tak: ABSA Tomstraat, Takkode: 335138, rekeningnommer: 4061419137.

**3.2 SENDING IN MOSAMBIEK**

**3.2.1** Die sendingopbloei wat ongeveer tien jaar gelede in Mosambiek begin het, is steeds in volle swang. Daar kom gedurig nuwe sendelinge van buite die land by (alhoewel nie almal lank aanbly nie), en die groei in opgeleide en toegewyde plaaslike evangeliebedienaars, is bemoedigend.

**3.2.2** Dié sendingkorps sluit heelwat Suid-Afrikaners in, ook NG-lidmate en leraars, wat onder leiding van ons susterskerk, die IRM (Igreja Reformada em Mocambique), of 'n verskeidenheid van sendingorganisasies, werk.

**3.2.3** Die eufeesviering van die IRM het plaasgevind vanaf 4-6 Julie 2008 by Mphatso en Villa Ulonque. Op die eerste dag het 'n fakkel uit Malawi aangekom soos die evangelie 100 jaar gelede uit Malawi daarheen gebring is. Op die Saterdag is die geskiedenis van die kerk deur vroue en jongmense oorvertel en gedramatiseer. Die feesdiens is op die Sondag deur die moderator, ds Atenasio Erasmo, gelei.



**3.2.4** Verskeie liggame poog om 'n mate van orde en koördinasie te help bewerkstellig:

3.2.4.1 Die GSM (Gesamentlike Sendingkommissie vir Mosambiek), saamgestel uit verteenwoordigers van al die betrokke streeksinodes van die NG Kerk, IRM, VGK en 'n paar ander instansies.

3.2.4.2 Ruvuma Ondersteuningsvennootskap bestaan hoofsaaklik uit verteenwoordigers van Kaapse gemeentes, wat sendelinge en leraars in die noord-oostelike deel van Mosambiek (Tumbine-sinode) ondersteun.

3.2.4.3 Transvaal-Mosambiek-werkgroep wat fokus op ondersteuning van leraars en sendelinge in die suide (Novo-sinode).

3.2.4.4 Die pasgestigte Tete-Sofala-Ondersteuningsgroep, waarby NGK- en Gereformeerde gemeentes betrokke is, en wat die werk in die Mpatso-sinode van die IRM en Hefsiba Teologiese Skool ondersteun.

**3.2.5** Bogenoemde verdeling is nie waterdig nie, en gemeentes van oral in Suid-Afrika is by werk oor die lengte en breedte van die hele Mosambiek betrokke, ook by ander organisasies en instansies soos World Outreach, Visão Integral (New Tribes Mission), YWAM, TWR, Feba en Volta à Bíblia Opleidingsentrum.

**3.2.6** NG-lidmate speel 'n leidende rol in Mosambiek-Hub.


**3.2.7** NG-lidmate is ondermeer intens betrokke by Bybelonderrig, bemagtiging van plaaslike gelowiges en leiers, ekumeniese samewerking, onderlinge versorging, landbouprojekte, stedelike bediening, en baie meer.

**3.2.8** Die Noordelike sinode ondersteun saam met van die ander "Transvaalse" sinodes en die in Wes- en Suid-Kaap die pos van een van die dosente, ds Kruger du Preez, by Hefsiba Teologiese skool.

**3.2.9** Die Noordelike sinode subsidieer jaarliks ook salarisse van enkele leraars en gee 'n bydrae vir pensioene en radio kommunikasie.

## 4. TAAKGROEP MIDDESTEDE EN INFORMELE NEDERSETTINGS

### 4.1 INLEIDING




Meer as ooit tevore is ons kerk, sedert ons sinode se vorige sitting, gekonfronteer met die vraag hoe ons, ons boodskap van Goeie Nuus in weerlose gemeenskappe, kan bring. In meer as een opsig is dit veel meer as 'n vraag oor metodiek. Dit is 'n sinsvraag wat ons konfronteer met die aard van die evangelie asook die graad van ons verstaan van en toewyding aan hierdie Blye Boodskap. Die gevaar bestaan dat ons die nuwe geleenthede in ons middestede nie raaksien en benut nie. Dit is belangrik dat ons verstaan dat die omstandighede verander het en ons 'n roeping het om op 'n kreatiewe wyse die evangelie te bring.

### 4.2 GEMEENTES IN MIDDESTEDE

In ons sinodale gebied is daar hoofsaaklik 3 hoofsentra waar dan van middestede gepraat kan word: Pretoria, Rustenburg en Polokwane In al drie hierdie middestede sukkel die NG Kerk om sy eertydse sleutelposisie vol te staan. Brits, Musina, Makhado, (Louis Trichardt) Mookgopong (Naboomspruit), Mokopane (Potgietersrus) en Bela-Bela (Warmbad) en selfs Hartbeespoort begin egter ook sekere middestedelike karaktereienskappe ontwikkel. Hartbeespoort is 'n goeie voorbeeld. Hiér is 'n groot aantal haweloses en al hoe meer straatkinders en prostitute word opgemerk in Noordwes se bekende vakansiedorp. Die probleem om in die veranderende middestadgebiede 'n bediening met impak te bedryf is moontlik grootliks te wyte aan 'n verouderde kerkbegrip wat dit moeilik maak om hierdie nuwe konteks te verstaan en daarby aan te pas. Informele areas is ook 'n nuwe bedieningsterrein vir ons kerk alhoewel die verskynsel al dekades lank aan ons bekend is. Om hierdie leemtes te vul het die taakgroep die volgende gedoen:

**4.2.1** 'n Aantal byeenkomste van middestadgemeente dominees is gereël sedert die laaste sinodesitting waar ons saamgesels het en ons frustasies en suksesse met mekaar gedeel het.

**4.2.2** 'n Konferensie is in Julie 2007 gereël in samewerking met PEN, UP en MES met die tema: *Hoe om die Goeie Nuus in Weerlose Gemeenskappe te wees en doen?* Ongeveer 40 verteenwoordigers van regoor die land het die byeenkoms bygewoon. Die bydraes is ook elektronies gepubliseer.

**4.2.3** In Oktober 2006 het die Taakgroep fondse bewillig vir 'n studietoer na die VSA. Twee stede is besoek, naamlik Chicago en New York en verskeie organisasies en kerke wat in die middestede werk, is besoek. Twee NG leraars en een VGK leraar asook 'n sielkundige van PEN-Aksie het die toer meegemaak.
**4.2.4** In Oktober 2008 gaan daar weer 'n middestedelike studietoer deur die Taakgroep onderneem word. Die stede wat besoek gaan word, is Kaapstad, Johannesburg en Maputo. Die doel is weer eens om werkers in middestedelike en informele areas te inspireer en om vir 'n tydperk van 10 dae gefokus te dink oor hulle arbeidsveld.
**4.2.5** 'n Webwerf word beplan vir 2008 waarin leraars en ander geestelike werkers elektronies inligting en kontakbesonderhede kan bekom oor bediening in middestedelike en informele kontekste. 'n Fotoblad met verhale en ander bydraes sal ook deel uitmaak hiervan.
**4.2.6** Die *Institute for Urban Ministry* hou in Julie 2008 sy twee-jaarlikse konsultasie. Hierdie internasionale konsultasie fokus op bedieningswerk in gemarginaliseerde kontekste. Die Taakgroep het 'n bedrag van R5 000 bewillig vir NG-leraars en werkers wat graag die konsultasie wil bywoon.

**4.3 PEN**
**4.3.1** PEN is die grootste kerklike organisasie wat spesifiek op middestedelike werk konsentreer in ons sinodale gebied. Ons Diensraad het op 'n aantal maniere hier betrokke geraak:
**4.3.2** In 2007 het die Diensraad fondse bewillig om 'n Gemeenskapsentrum in Schubartpark in te ruim. Die sentrum het 'n kapel, opleidingspasie, koffiekroeg en kombuis bevat en het tot April 2008 gefunksioneer waarna dit gesluit is agv strukturele verval van die woonstel- kompleks. Die projek is verskuif na die Grootte Kerk-gebou en word tans behartig as 'n gemeenskapseenheid wat deur middel van 'n verskeidenheid dienste in die gebied uitreik.
**4.3.3** Die Diensraad het ook fondse bewillig vir die opleiding van volwassenes wat by PEN se bedieninge betrokke is.
**4.3.4** Meer besonderhede oor PEN se werksaamhede is op hulle webblad beskikbaar (www.pen.org.za).

## 5. TAAKSPAN VIR INTER- EN/OF MULTIKULTURELE BEDIENINGE

**5.1 INLEIDING**
Dit is duidelik dat die tyd ryp is vir inisiatiewe in verband met inter- en/of multikulturele bedieninge in en deur die kerk. Die wye belangstelling van gemeentes en leraars dui daarop dat die situasies van gemeentes daartoe aanleiding gegee het dat baie tans leiding soek in verband met die begin van bedieninge waarin mense van verskillende taal- en kultuurgroepe ingesluit is.

**5.2 GELEENTHEDE WAT BENUT WORD**
**5.2.1 Die Sinodale Diensraad vir Getuienis**
Ervarings en insigte is gedeel tydens die vergaderings van die Diensraad vir Getuienis.
**5.2.2 Geleenthede op sinodale vlak**
5.2.2.1 Studenteleraars - Die landwye jaarlikse konferensie is benut om insette te lewer en motivering te bied vir inter-kulturele bediening.
5.2.2.2 Die FIM - Die jaarlikse konferensie van die Forum vir Interkulturele bedieninge van die NG Kerk.
5.2.2.3 Die Lentekonferensie - Voorbereidings vir 'n aanbieding by die Lentekonferensie 2008.
5.2.2.4 Sinode - Voorbereidings is getref om 'n sessie by die 2008 sinode te fasiliteer.
5.2.2.5 Werkswinkel - Reëlings is getref in verband met 'n werkswinkel wat gehou word oor die begin en opbou van 'n multi- en/of interkulturele bediening deur ringe en gemeentes.
**5.2.3 Geleenthede op Ringsvlak**
5.2.3.1 Ring van Pretoria-Noord - 'n Aanbieding voor die Ring van Pretoria-Noord is gedoen.
5.2.3.2 Ring van Pretoria-Oos -Gedurende die Ringsvergadering is insette gelewer en optredes in ringsgemeentes het gevolg.
5.2.3.3 Ring van Daspoort - 'n Gespreksessie is gehou met lede van die Ring van Daspoort in verband met die begin van 'n interkulturele bediening in daardie omgewing.

**5.3 INDIVIDUELE GEMEENTES**
**5.3.1 Seniorlidmaat-groepe**
Verskeie seniorlidmaat-groepe is besoek en deur optredes geïnspireer om biddend betrokke te wees by die multi- en/of interkulturele bedieninge en so hoop te bring in ons midde.
**5.4 NAVRAE EN GESPREKKE MET LERAARS**
Talle leraars doen navraag in verband met interkulturele bediening en talle gesprekke vind plaas per telefoon of rondom 'n koppie koffie.
**5.4.1** Gemeentes en leraars is welkom om enige tyd te skakel met die taakgroep vir inligting, motivering en fasilitering.

**5.5 DIE NG-GEMEENTE PRETORIA**

As gevolg van die steun van die Sinodale Diensraad vir Getuienis, kon die Pretoria Faith Community as Engelse Interkulturele Bediening van die gemeente 'n noodsaaklike leiers- en gemeentekamp hou en verskeie projekte van stapel stuur tot opbou en uitbreiding van hierdie unieke bediening in die middestad van Pretoria.

## 6. SKAKELING MET DIE NG-KERKFAMILIE (FORUMS EN RCA)

### 6.1 MISSIE

Die Sinodale GetuienisForum het die roeping en taak as gesamentlike bedieningstruktuur van die Noordelike en Oostelike Sinodes van die NG Kerk en die Noordelike Sinode van die VGKSA, vanuit ons gemeenskaplike geloof in die drie-enige God en 'n gedeelde koninkryksvisie, om die roeping van die kerk tot getuienis en versoening deur 'n nuwe styl van gesamentlike liefdesdiens en getuienis tussen gemeentes van die twee Kerke te bevorder en te fasiliteer. Hierdie doel word prakties en konkreet nagestreef deur die vorming van gesamentlike getuienisforums op plaaslike vlak, waar verhoudinge gebou word, bedieningsondersteuning plaasvind en gesamentlike uitreikaksies in die gemeenskap onderneem word, gebaseer op die beginsel van gesamentlike eienaarskap.

### 6.2 BEDIENINGSFILOSOFIE EN WAARDES

Die volgende basiese uitgangspunte geld vir die GetuienisForum se werksaamhede:

**6.2.1** Die getuienistaak van die kerk is die primêre verantwoordelikhid van gewone lidmate en plaaslike gemeentes. Wanneer ringe of 'n paar gemeentes besluit om 'n gesamentlike getuienisforum te stig beteken dit dat 'n groter vennootskap-struktuur gevestig word wat 'n veilige ruimte bied waarbinne gemeentes met vrymoedigheid kan deelneem en uitreik. Daarom is die werksaamhede van die Getuienisforum daarop ingestel om gemeentes sowel as ringe te begelei en bemagtig.

**6.2.2** Die getuienistaak van die kerk kan meer effektief en geloofwaardig verrig word wanneer NG (wit) gemeentes en VGK (swart) gemeentes hande vat en saam uitreik na noodlydendes in ons gemeenskappe.

**6.2.3** Die waardes van wedersydse respek en aanvaarding, goeie verhoudinge en versoening is die sleutel tot 'n geloofwaardige en geseënde bediening. Die vestiging van goeie verhoudinge en die aanvaarding van gesamentlike eienaarskap moet noodwendig lei tot 'n soort vennootskapsvorming wat ook struktureel tot uitdrukking kom in wat ons verkieslik plaaslike getuienisforums noem.

**6.2.4** Getuienisaksie of -bediening moet gepaard gaan met dade van ontferming en liefdesdiens in die Naam van Christus.


**6.2.5** Daarom wil ons gemeentes en ringe begelei en bystaan met strategieë om die knellende nood van die samelewing aan te spreek, met spesifieke aandag aan die uitdaging van armoede en werkloosheid, die MIV-Vigs pandemie, die bestryding en voorkoming van misdaad, en die herstel en versterking van die gesin en morele waardes, gebaseer op Bybelse eise. Wanneer die hele evangelie so aan die hele mens gebring word, word tekens van hoop as wegwysers na die koninkryk van God opgerig.

**6.2.6** Fasilitering van prosesse van vennootskapsvorming en van die stigting van plaaslike getuienisforums het die beste kans op sukses wanneer twee persone, een uit elke bevolkingsgroep en kerk, dit gesamentlik hanteer.

**6.2.7** Vir meer inligting: besoek www.getuienisforum.org.za

### 6.3 GETUIENISFORUMS IN DIE NOORDELIKE SINODE

Daar bestaan reeds 'n aantal suksesvolle getuienisforums in die Noordelike Sinode.



**6.3.1** Hulle is Kwena Getuienisforum (Koedoeskop), Judea Getuienisforum (Potgietersrus),Limpopo-Wes Getuienisforum (Ellisras) en Nylstroom Getuienisforum.

**6.3.2** In Junie 2008 is die Skakelkommissie van Oostelike Pretoria (SKOP) ook ontbind met die doel dat kleiner plaaslike forums in die plek daarvan gevorm sou word. Sommige het reeds begin funksioneer, terwyl ander nog in die proses is.

**6.3.3** Die vorming van 'n nuwe forum in die omgewing van Louis Trichardt word tans beplan.

**6.3.4** Deeltydse funksionarisse is reeds in diens in die persone van mnr Pieter Prozesky (Judea) en ds Hannes Peens (Limpopo-Wes).

**6.3.5** Die werksaamhede van forums sluit in skakeling met gemeenteleiers en kerkrade, toerusting van gemeenteleiers en geestelike werkers, evangelisasie-aksies, oprigting van wykskerkies, armoedeverligtingsprojekte soos groentetuine, handwerkprojekte, ens.


### 6.4 NOORDELIKE KONVENT- BESTUUR EN SAAM DIEN

**6.4.1** Die Noordelike Konvent-Bestuur, bestaande uit die moderature van die drie sinodes (NG Noord en Oos en VGKSA Noord) vergader van tyd tot tyd.

**6.4.2** Gesprekke oor die nasionale eenheidsgesprek binne die NG-kerk familie dui op verskillende verwagtinge en gevolglike onsekerheid oor die vorm van samewerking en eenheid in ons deel van die land.
**6.4.3** Daar is wel konsensus oor die noodsaaklikheid van samewerking en gesamentlike inisiatiewe op plaaslike vlak, met klem op die konsep van saam dien ("caring together").
**6.4.4** Tans word 'n opname oor werksaamhede van die drie sinodes op die terrein van barmhartigheidsdiens en gemeenskapsdiens gedoen, met die oog op nouer samewerking mbt armoedeverligting, MIV Vigs, misdaad en morele waardes gerig op gesinne.
**6.4.5** Dit blyk dat die rolspelers nog nie gereed is vir 'n gekombineerde bediening vir diens en getuienis nie. Die Sinodale Getuienisforum sal egter die Forum wees waar nouer samewerking en sinergie mbt "gesamentlike diens en getuienis" nagestreef word.

### 6.5 BRIEF REPORT ON REFORMED CHURCH IN AFRICA - CHARISMA, LAUDIUM, PRETORIA

Dear brothers and sisters in the Lord
Greetings in the name of our Lord Jesus Christ. We count it a privilege to forward this report on the Lord's work in our congregation and community. At the outset we would like to state that a strong outreach and evangelistic approach motivate all of our services and ministries.



**6.5.1 Services**
Our year starts of with a "Week of Prayer" for 5 days nightly at 7 PM.
The following services are held regularly during the course of the year :
6.5.1.1 Monday Outreach to the community 6h30 PM
6.5.1.2 Sunday Morning Services - 9 AM with approximately 120 people attending.
6.5.1.3 Sunday School - 35 children and Catechism 15 people - after the service
6.5.1.4 Tuesday Prayer Meetings - 7 PM with 30 - 50 people attending
6.5.1.5 Wednesday and Thursday - Home visitations
6.5.1.6 Friday Youth Fellowship - 7 PM an average of 25 young people attend
6.5.1.7 Saturday - once a month Brother's and Sister's Fellowship which includes the family.

**6.5.2 Mission and Evangelism**
Our members work personally with people, friends and family to establish points of contact.
6.5.2.1 We assist by meeting some needs of the people of the Ithureleng Informal Settlement - transport, weekly food items, Christmas food hampers, blankets and health utensils.
6.5.2.2 Support and prayers for missions.
6.5.2.3 Open Air Carol Singing.
6.5.2.4 We work with many foreigners from Africa, India and Pakistan.
6.5.2.5 The Laudium Outreach Group (LOG) is a very active group that reaches out every Monday diligently.
6.5.2.6 We are starting to see results of people coming to the Lord to all of these efforts.

**6.5.3 Future Plans**
6.5.3.1 We are planning to begin a special ministry of a "community support and care centre". The plans are at an advanced stage. Here we would seek much assistance and partnering of our brothers and sisters from the Dutch Reformed Church congregations. Once the church council has approved our documents, we would forward them to you for your advice and suggestions as well.
6.5.3.2 We also plan to start the Cell or Small group concept of meetings, which would enable us to reach into the homes and families we cannot normally reach.

We want to place on record our special and grateful appreciation to the Northern Synod for their blessed support and financial subsidy to our congregation.
May the Lord bless your meeting.
For and on behalf of RCA Charisma
Victor v Pillay

## 7. TAAKSPAN: MISSIONêRE FUNKSIONERING VAN GEMEENTES

### 7.1 INLEIDING

**7.1.1 Samestelling van die taakgroep**
Die taakgroep het elf keer vergader. Die taakgroep het 'n hele paar lede gehad, wat nie predikante is, wat 'n groter betrokkenheid uit kerklike kringe gebied het.

**7.1.2 Werkwyse**
7.1.2.1 Die taakspan het op die volgende werkwyse besluit:
Die taakgroep het hulle ten doel gestel om ringe, gemeentes, leraars en kerkrade in die sinodale gebied te fasiliteer (waar nodig), te ondersteun en te mobiliseer om 'n verskil in hulle onmiddellike omgewing en verder te maak. Die visie van die taakgroep is om gemeentes te help om missionêr te dink en te funksioneer.

7.1.2.2 Die navorsing wat deur die Diensraad vir Getuienis laat doen is "Gemeentes met 'n missie" (deur Iserv), is gebruik as aanknopingspunt om in gesprek te tree met gemeentes oor hulle missionêre funksionering. Gemeentes wat aangedui het dat daar bepaalde behoeftes is, is gekontak om ondersteuning te bied.

7.1.2.3 Leraars sal ook aangemoedig word tot missionêre prediking.

7.1.2.4 Die verskillende ringe in die sinodale gebied is aan lede van die taakgroep toegewys vir kontak en bekendstelling van die insette wat die taakgroep kan lewer.

7.1.2.5 Twaalf besoeke aan kerkrade, gemeentes, predikante en/of ringe is gebring.

7.1.2.6 Ringe, kerkrade, leraars en gemeentes is welkom om lede van die taakgroep uit te nooi vir fasilitering met die oog op hulle missionêre bediening.


**7.1.3 Die pad vorentoe**

Die taakgroep sou graag nog 'n termyn met hierdie opdrag besig wou wees om met nog meer ringe, gemeentes en leraars in gesprek te kan tree oor die missionêre taak van elke gemeente, sodat die wêreld rondom ons verander kan word in 'n beter plek om in te woon, en dat al hoe meer mense Jesus as Redder kan leer ken.

## 8. TAAKGROEP VIR BINNELANDSE TEIKENGROEPE EN ARBEIDSBEDIENING

### 8.1 ARBEIDSBEDIENING

#### 8.1.1 Werkarea en geestelike werkers



Arbeidsbediening (IMSA Gauteng) se werkarea is Gauteng, Mpumalanga, die Noord-Wes Provinsie en Limpopo. Werk word hoofsaaklik gedoen by Transnet, Metrorail en die Nissan motorfabriek by Rosslyn. IMSA (Gauteng) het ook betrokke geraak by 'n projek van die ring van Pretoria-Noord wat fokus op arbeidsbediening, veral omdat groot nywerheidsgebiede soos Rosslyn binne die ringsgebied val.

Elsa van der Merwe (072-434-4544) Harry van der Nest, Sam Modise en James Tshenkeng is die huidige geestelike werkers.

#### 8.1.2 Aard van werksaamhede

8.1.2.1 Die normale werk van IMSA sluit die volgende in:

Die verkondiging van die evangelie by byeenkomste van die werkers.

Berading en ondersteuning van werkers in tye van nood, byvoorbeeld by huweliks-, gesins-egskeidings-, MIV Vigs en ander persoonlike probleme.

Die verspreiding van Bybels, traktaatjies of ander geestelike lektuur aan werkers.

Om werkers by te staan tydens rampe, krisisse of ongelukke by die werkplek.

Die vestiging van Christelike waardes en etiese beginsels in die werkplek.

Die ondersteuning van bestuurders.

8.1.2.2 IMSA se kontrak met Nissan bepaal dat beradings gelewer word aan Nissan personeel. 'n Bepaling van hierdie ooreenkoms is dat IMSA nie enige teologie sal verkondig, literatuur sal versprei of besigheid sal gaan soek nie. IMSA sal kantoorgebonde bly. Ondanks hierdie bepaling was IMSA gedurende 'n sogenaamde "Wellness Week" intens betrokke by werkers se geestelike behoeftes en die verspreiding van Bybels.

#### 8.1.3 Finansies

Die bedryfsinkomste word verkry van donasies en kontrakte met bepaalde werkgewers en instansies. Imsa betuig sy opregte dank aan die sinode vir die finansiële ondersteuning.


### 8.2 Portugese Gemeente

Vergelyk die verslag van die SDR aan die sinode.

**Taakgroepleiers**: Dii Gert Badenhorst, Ernst Muller, Francois Smit, Martiens Swart, Danie Jordaan, Andries Louw (funksionaris), Nico van Wyk en Hennie Horn.



**MJP GROBLER** (Voorsitter)



# B. BESKRYWINGSPUNTE

## 1. SINODALE BYDRAES (Ring van Waterberg)

### 1.1 BESKRYWINGSPUNT

1.1.1 Die sinode besluit om weg te doen met die onderskeiding tussen nie-gemeentelike spesiale bydraes en gemeentelike spesiale bydraes in die formule vir die berekening van sinodale bydraes sodat beide aftrekbaar sal wees van sinodale bydraes."

1.1.2 Die sinode besluit om in die formule vir die berekening van sinodale bydraes voorsiening te maak vir groeiende gemeentes waar meerdere bediening weens die groei in lidmaattal noodsaaklik word.

### 1.2 MOTIVERING

Geen motivering is aangeheg nie.

## 2. FUNKSIONERING VAN RINGE (Ring van Pretoria-Noord)

### 2.1 BESKRYWINGSPUNT

2.1.1 Die Sinode besluit om tot by die volgende sinodesitting aktief aan die afwenteling van werksaamhede en leierskap na ringe te werk en om ook te werk aan die opbou van 'n sisteem waarvolgens die sinode sterk fokus op die bemagtiging van die ringe.

2.1.2 Die sinode gee opdrag aan die SDR om leiding te neem met die volgende proses as riglyn:

2.1.2.1 Die nuutverkose SDR evalueer in 'n gefasiliteerde werkswinkel die werksaamhede van die sinode aan hand van die volgende riglyne.

*1. Die ring word deur die sinode erken as die primêre ruimte waarbinne gemeentes binne die presbiteriale kerkregering verantwoordbaar is. Binne die ringsisteem moet die saamdink oor teologiese sake, die profetiese stem in die gemeenskap en toesig oor die versorging en begeleiding van ampsdraers tot sy reg kom.

*2. Die sinode aanvaar dat die huidige werksaamhede van die sinode en toedeling van bronne uit gemeentes daartoe kon lei dat ringe in teologiese en profetiese werksaamhede nie tot hulle reg kom nie.

*3. Die belangrikste fokus van die sinode is om 'n sisteem van ringe te koördineer waar met maksimum deelname van gemeentes die kollektiewe gesprek oor konfessionele en teologiese sake sowel as die profetiese roeping in die gemeenskap kan geskied.

*4. Die sinode aanvaar die roeping om op versoek van ringe of per besluit van 'n sinode die volgende sake te hanteer:

*4.1 Gesamentlike werksaamhede wat nie slegs tot ringe beperk is nie byvoorbeeld teologiese opleiding, uitreikprojekte wat oor die hele sinodale gebied strek en studente bediening.

*4.2 Gesprekke met provinsiale owerhede. Gesprekke met die provinsiale owerheid moet deur die betrokke ringe gekoördineer word.

*4.3 Verantwoordelikhede soos kerkordelik aan die sinode opgedra.

*4.4 Koördinering van effektiewe sisteem van rings- en Algemene Sinodale werksaamhede.

*4.5 Die daarstel van ad hoc-werkgroepe om op versoek van ringe spesialiste in die sinode saam te groepeer wat as bronne vir die gesprekke en werksaamhede van die ringe kan funksioneer.

*4.6 Daarstel van administratiewe steunstelsel vir die funksionering van ringe.

*5. Die sinode aanvaar dat daar sterk klem geplaas moet word op die soek na samewerking met die breëre liggaam van Christus by projekte en werksaamhede wat in die breëre gemeenskap geloods word.

2.1.2.2 Die evaluering van die SDR moet deur die werkgroep van die sinode wat daarvoor aangewys is met ringe deurgepraat word met spesifieke aandag aan die volgende sake:

*1. Die kapasiteit wat binne die ringe ontwikkel moet word om die werksaamhede van die ring effektief te laat verloop.

*2. Die ondersteuning wat vanaf die sinodale struktuur benodig word om die werksaamhede van die ringe effektief te laat verloop.

*3. Die moontlike herstrukturering van ringe om geografiese en kategoriale behoeftes aan die orde te bring.

*4. Die werkgroep kan met die goedkeuring van die betrokke ringskommissies ringe saam groepeer vir gesprekvoering en onderhandeling.

*5. Die ontwikkeling en bemagtiging van leiers om in die koördinering van die ringsisteem leiding te neem.

2.1.2.3 Die SDR kry afhandelingsbevoegdheid om die onderhandeling oor werksterreine, herstrukturering van ringe, die skep van kapasiteit en die koördinering van die sisteem te formaliseer en aan die eersvolgende sinode verslag te lewer.

## 2.2 MOTIVERING

### 2.2.1 Algemene opmerkings

Om vandag oor verdere herstrukturering te praat as daar soveel dwingende en dringende sake is wat die energie en roeping van die kerk in sy gemeentes verg, is waarskynlik moeilik verdedigbaar! Die enigste manier waarop die Ring van Pretoria-Noord dit regverdig om die sinode met die beskrywingspunt te nader is omdat ons oortuig is dat ons huidige werkswyses ons effektiewe funksionering terughou. Ons versoek dus die sinode om prinsipieel saam met ons oor die rol van die verskillende vlakke in ons presbiteriale kerkregering te dink.

### 2.2.2 Wat maak ons bekommerd?

2.2.2.1 'n Tyd van openheid en deelname!

Ons dink nie iemand hoef oortuig te word dat ons in 'n tyd leef waar openheid en vryheid van denke deel van ons alledaagse bestaan geword het nie. Hierdie situasie maak ons nie bekommerd nie, maar wel die feit dat ons struktuur nie gerat is om hierdie geleenthede te benut nie. In ons wêreld waar verandering onsamehangend plaasvind (diskontinue verandering) is groot strukture nie effektief om diverse menings betrokke te kry nie. Ons moet vinniger en makliker oor die teologiese vrae van ons dag in 'n omgewing waar verhoudings en effektiewe deelname moontlik is, kan funksioneer.


Dit is ook nie ons wat vir die eerste keer die saak raaksien nie. Reeds vanaf 2001 is daar deurgaans in die verslae oor die Noordelike Sinode se herstrukturering besluite geneem wat ons moet help om 'n meer vaartbelynde sisteem te skep. Veral die beter funksionering van ringe het hier 'n sterk rol gespeel. Tot dusver kon ons egter na ons mening dit nie regkry dat ons ringe meer effektief inspraak kry in die gesprekvoering oor die teologie van ons dag nie.

***Aantekening: Die invloed van die post-modernisme op ons samelewing en die maniere waarop ons besluite neem.***

*Dit is soms goed om vir 'n oomblik stil te staan by statistieke! Die vermeerdering romdom die wêreldbevolking is verbysterende leesstof:*

| *Bevolking* | *1 miljard* | *2 miljard* | *3 miljard* | *4 miljard* | *5 miljard* | *6 miljard* | *7 miljard* |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| *Jaar* | *1804* | *1927* | *1961* | *1974* | *1987* | *1999* | *2011* |
| *Jare na volgende miljard* | *123* | *34* | *13* | *13* | *12* | *12* | *13* |

*Die grafiek vir die vermeerdering van die wêreldbevolking toon 'n amper vertikale profiel vanaf die 1960's*




*Bron: Wikipedia – World Population 25/03/2008 07:01 AM*

*Hierdie is bloot interessante statistiek totdat ons die implikasie vir kennisvermeerdering wat met sulke radikale bevolkingsgroei gepaard gaan, verreken. Die omgewing waarbinne ons kerk is – al is ons getallegewys redelik stabiel – word gekenmerk deur 'n aanhoudend groeiende diversiteit van standpunte wat deels as gevolg van globalisering en die toegang tot inligting via die internet deel van ons denkwyse geword het. Hierdie diversiteit lei tot diskontinue verandering in ons omgewing en maak dit dringend nodig om werkwyses te skep waar die diversiteit in deelnemende gesprekke verwoord kan word.*

*In sy boek Nuwe drome vir nuwe werklikhede: Geloofsgemeenskappe in pas met 'n postmoderne wêreld (Lux Verbi, 2007. p. 21-23) som Nelus Niemandt die post-modernisme en die implikasies vir die kerk en die bedryf van teologie soos volg op:*

*Postbeheer: Eerder gerig op bewaring, samewerking en verdraagsaamheid. Kerk: Groter gemak met chaos, minder beheer; verdra baie ter wille van beter samewerking. Baie meer selfstandigheid word geduld – by lidmate en gemeentes.*

*Postmeganisties: Verloor die absolute vertroue in masjinerie. Fokus op ekosisteme en sien die samelewing as 'n lewende organisme wat deur verhoudings bepaal word. Selfs die hele aarde word as een groot lewende sisteem gesien. Einstein se insigte oorheers. Kerk: Sien die kerk (weer) baie meer as 'n lewende organisme wat gedryf word deur verhoudings. Kyk eerder na die soort voeding en konteks wat kerke as lewende organisme laat gedy.*

*Postanalities: Klem op sisteemdenke en holistiese benadering tot komplekse probleme. Verstaan sake uit die emosionele ervaring wat mense daarvan het. Dit gaan oor oorleef. Bybel: Verstaan die Bybel in groter konteks en soek na groter verbande. Die teksvers word eerder verstaan in verhouding tot die perikoop, die hele geskrif en die hele kanon. Klem op 'n mens se hele bestaan en dus ook emosies en ervaring. Kyk holisites na geloof en mense.*

*Postobjektief: Werk baie meer met intersubjektiwiteit en heg waarde aan die verskillende beskrywings van 'n saak weens die verwantskap wat daar met 'n saak ontstaan. Waarheid is kollektief en kontekstueel. 'n Saak kan uit verskillende oogpunte bekyk word. Die natuur kan nie bloot as objekte beskou word nie. – die realiteit is groter en meer omvattend. Bybel: Die teks lees die mens en uit die gesprek met die teks groei 'n nuwe verhouding en nuwe verwantskappe. Is gemaklik om te erken dat baie dinge nie verstaan word nie en beklemtoon eerder die msiterie van God.*

*Postnormaal: Die lewe en die wêreld word diep geraak deur chaos en onvoorspelbare gebeurtenisse. Fontowicz en Ravetz praat van postnormale wetenskap wat gekenmerk word deur dialoog, die erkenning van onsekerheid en die wettigheid van 'n verskeidenheid van perspektiewe op een saak. Godsdiens: Soek na die waarde van insigte relatief tot ander insigte. Teologie is die produk van die dialoog en insette deur gespesialiseerde teoloë maar ook doodgewone lidmate en ander dissiplines.*

*Postorganisasie: Groot klem op netwerke en alliansies en doen afstand van beheer. Plat strukture en min waarde een status en hiërargie. Werk graag in spanne waar rolle maklik wissel en verskillende lede op verskillende tye kan lei. Kerk: Die kerk is 'n liggaam en verhoudings is belangrik. Werk met kleingroepe en netwerke. Het baiekeer nie veel erg aan programme en organisasie nie en stuur weg van strukture wat gesag het.*

*Gemeenskap: Nuwe waarde aan groepe in gemeenskap en gropeidentiteit. Klem op verhoudings teenoor ander mense. Kerk: Klem op gemeenskap van gelowiges en die gemeenskaplike uitdrukking van geloof.*

*Integreer/Konvergensie: Klem op inklusiewe en gemeenskaplike respek en waardering vir ander se standpunte. Soek na eenheid ongeag leerverskille. Inklusief: Werk eerder met ooreenkomste wat daar tussen gelowiges bestaan. Ekumene is belangrik*

*Postverbruikers: Ware rentmeesterskap, want 'n mens is meer as wat jy besit. Kerk: Baie krities teenoor verbruikersmentaliteit, met klem op sosiale verantwoordelikheid en omgewingsbewaring. Godsdiens het met die wêreld om jou te doen.*

*Binne die beskrywing soos hierbo weergegee sal ons krities moet vra of die huidige klem op die sinode as primêre ruimte vir teologiese gesprekke en kollektiewe aksies die mees effektiewe is. Die ring van Pretoria Noord se mening is dat ons dringend 'n herwaardering vir die rol en ruimte van die ring moet kry.*

2.2.2.2 Die gebrek aan effektiewe deelname skep wantroue

Ons sien in die afgelope paar jare baie wantroue in die sinodale sisteme. Ons leiers presteer na ons mening baie goed in hulle pogings om verhoudings te bou en prosesse te bestuur. Ons omgewing het egter so verander dat die vlak waarop ons deelname plaasvind en besluite neem, te ver van die gemeentes verwyder is. Interessante sake waaroor daar spanning ontstaan het, was kerkhereniging, die hantering van gay lidmate, vraagstukke oor die belydenis oor Christus en Sy werk en die teologiese opleiding. Dit sal totaal onbillik wees as ons beweer dat die sinodale strukture nie in die hantering van die vraagstukke baie moeite gedoen het nie. Daar is regtig gepoog om geleenthede te skep waar daar in sinodale verband saamgepraat kon word oor sake soos kerkhereniging, die gay vraagstuk en ander

teologiese vrae. Die prosesse waar ons dit hanteer het was egter waarskynlik te ver van die gemeentes verwyder en die vergaderings waar dit bespreek is te groot vir werklike omvattende deelname. As ons nie geleentheid vir mense gaan skep om aktief en nie net luisterend betrokke te wees nie, gaan die wantroue in die sisteem al hoe groter word.

***Aantekening:*** *: Die Algemene Sinode se sisteem kan vir ons hier as 'n tydige voorbeeld dien. Daar was in die aanloop tot die Algemene Sinode van 2007 baie sterk aandrang op 'n herformulering van artikel 42 wat die werk van die Algemene Sinode omskryf. Die agtergrond was deels 'n uitgesproke wantroue van sommige die sinodale streke dat die bestaande werkswyse te veel "mag" aan die Algemene Sinodale sisteem gee en dat dit te vêr van sinodale streke, maar veral gemeentes verwyder is. Die aandrang op "direkte" inspraak van gemeentes by besluite het deurgaans in die argumentering sterk na vore gekom.*

2.2.2.3 Beter groot vergaderings is nie alleen die oplossing nie!
Dwarsdeur die sinodale sisteem is daar die afgelope paar jare gepoog om groter vergaderings op wyses te hou waar daar meer klem op groepsprosesse is sodat deelname van meer mense in die proses bereik kon word. Die prosesse het sonder twyfel volgens ons die inrigting van die vergaderings meer sinvol gemaak. Vir dit wat ons by die sinode saam met mekaar moet doen, is dit 'n beter pad as die ou pad! Maar by 'n sinode word mense steeds saam gegroepeer sonder dat hulle spontane verhoudings met mekaar het en sonder dat hulle mekaar se konteks ken. Binne sogenaamde "groot sisteem" vergaderings kan geen proses die spontaneïteit tussen mense skep wat in die "klein sisteem" natuurlik kom nie. Die doel van die "groot sisteem" is om breë rigting aan te dui terwyl die kleiner sisteme benut moet word om gesprek te stimuleer en al die perspektiewe oor 'n sekere saak (in ons geval teologie) op die tafel te kry. (Vgl die uittreksels hieronder uit beredenering van Taakspan: Strategie en Stelsels van Algemene Sinode 2004 oor die sisteem en die noodsaaklikheid van die kleiner eenhede in die sisteem.) As ons in ons situasie dus nie die ringe meer effektief kan laat funksioneer in die gesprekke rondom die teologiese vrae van ons dag nie, gaan die frustrasie dat mense beleef dat hulle nie spontaan en sinvol aan teologiese gesprekke kan deelneem nie, voortduur.

***Aantekening:***
*2.3 ALGEMENE SINODE 2004*
*2.3.1 Die rol van die Algemene Sinode*
*1. Die Taakspan het uitvoerig nagedink oor die rol en taak van die Algemene Sinode. Dit bly een van die belangrikste sake wat die beplanning vorentoe wesenlik raak. Maar die beskrywing van die rol van die Algemene Sinode is ook baie meer ingewikkeld as wat die meeste mense besef. Daarom het die Taakspan besluit om nie net maklike antwoorde te gee om so die status quo net te handhaaf nie.*
*2.6 Die Algemene Sinode moet dus in die verband lei rondom "beleid" en netwerke ontwikkel – veral via die streeksinodes – en bestuur wat die dienste tot op grondvlak kan lewer.*
*2.7 Ons beklemtoon ook dat die Algemene Sinode se funksie in dié verband veral is om saam Bybelsteologies onderskeidend te dink.*
*2.8 En net soos alle meerdere verbande, sal ook die Algemene Sinode se werk op die beter funksionering van gemeentes in terme van ons roepingsverstaan gemik moet wees, veral deur die netwerke van sinodale streke.*
*2.9 Ons sal ook moet rekening hou met die feit dat die gaping tussen Algemene Sinode en sinodes frustrerend is, onder andere weens die verkleinde afvaardiging. Ons het daarom 'n netwerk nodig wat die opvolg ná die denkaktiwiteite van die Algemene Sinode kan uitvoer en saamgestel is uit kundiges en sinodale veranderingsagente.*

2.2.2.4 Plaaslike leiding en koördinering word onderspeel
Ons hoor dikwels (nie by die sinodale leierskap nie!) dat daar op sogenaamde "plaaslike" vlak 'n gebrek aan leierskap is. Ons trek met die woorde 'n streep deur onbeskryflike gawes van leraars en ouderlinge en diakens in die kleiner sisteem. Ons sisteem is egter so gerat dat ons in die hantering van teologie en vraagstukke van ons dag nie eerstens soek na die rol van die leiers in die kleiner sisteem nie. Die Algemene Sinodale Kommissie (ASM) en die Sinodale Diensraad (SDR) is in ons sisteem die ruimte waar nuwe sake in die tye tussen sinodesittings aan die orde kom, bespreek word en rigting aan die sisteem gegee word. Ons sien dit bloot prakties dat die ASM "opdragte" gee of samewerking vra van die sinodale strukture om iets wat hulle bespreek het verder te voer. In die presbiteriale kerkregeringstelsel behoort dit, alhoewel nie eksklusief nie, andersom te werk. Die groot struktuur vergaderings se strukture moet die prosesse en projekte koördineer en bestuur wat uit die klein sisteem vergaderings gegenereer is. Die groter sisteem moet in die hantering van enige nuwe saak of teologie by die vraag oor hoe die kleiner sisteem die proses kan bepaal, begin. 'n Wantroue in die gawes en vermoë van leiers in die kleiner sisteem, of 'n gebrek aan die ontwikkeling en kweek van leierskap in die klein sisteem, lei onwillekeurig tot die konsentrering van leierskap en besluite in die groot sisteem.

***Aantekening:*** *Kantopmerkings oor leierskap en die ontwikkeling van leierskap in kleiner eenhede:*
*Oor leierskap is daar al meer as een proefskrif en blitsverkoper geskryf! Ons wil dit nie in ons stuk probeer nadoen nie. Ons dink egter dit sal goed wees om onsself weer te herinner aan fururiste se idees oor hoe leierskap in 'n nuwe werelg gaan en moet funksioneer. Vir die doel maak ons 'n paar uittreksels uit Tom Peters se boek Re-Imagine Dorling Kindersley, 2003. p 320 – 342.*
*Premise: A Leaders Limits*
*Leaders create opportunities*
*Leaders say "I don't know"*
*Leaders are rarely the best performers*
*Leaders are talent developers*
*Leaders are visionaries*
*Profile: The dance of Leadership*
*Leaders thrive on paradox*
*Leaders love the mess*
*Leaders do and re-do*
*Leaders convey an grand design.*
*People: A relationship to talent*
*Leaders are talent fanatics*
*Leaders nurture other leaders*
*Leaders engender trust.*
*Leaders are relationship mavens*
*Leaders are networking fiends*
*Leaders connect*
*Leaders do stuff that matters.*
*Sometimes I think that al "leadership literature" stinks – including much of the stuff I've written. Too much of the focus is on tactics and motivation (and frankly manipulation) All of that misses the point: Leaderskip for what? Leaders lead because they want some particulat thing done. They want to do stuff that matters.*

*Miskien is dit rondom leierskap nodig dat ons die betekeniswaarde van die term leierskap verander. Tradisioneel is dit as die persoon gesien wat voor loop en die rigting aandui waar ander kan volg. In ons veranderende wêreld is die leierskap eerder - om die bekende beeld te gebruik - om 'n dirigent te wees. Die probleem met leierskap in die ringe is nie dat daar nie leiers is nie maar dat die huidige sisteem die sinvolheid van die kleiner eenhede in netwerke ondermyn. Ons sal heel prakties die "leierskapfunksies" wat tans by sinodale leierskap tuishoor moet revalueer en saam 'n sisteem ontdek wat 'n baie groter rol aan persone in ringe gee om die netwerk te bestuur en te energeer. Ons wil as ring hiermee glad nie sinodale leierskap kritiseer of afbreek nie, maar wel pleit dat ons in ons definisie en praktyk van leierskap die veranderende situasies en behoefte van kleiner sisteme tot groter inspraak, in ag neem.*

### 2.2.3 Hoe sien ons die huidige situasie in die Noordelike sinode?

Ons dink dat ons in die Noordelike sinode vanaf 1999 op 'n wonderlike pad van herdink oor die presbiteriale werkswyse geloop het, maar dat die pad enduit geloop moet word. Ons kan dit vier dat die "sinodokratiese" (outokratiese sinodale strukture) werkswyse uit ons sisteem verdwyn het. Die sinode bestaan nie ter wille van homself nie, maar ter wille van die bediening in gemeentes. Die kopskuiwe dat die sinodale struktuur en sinodesitting nie gedryf word deur beheer en kontrole nie, maar deur waardes wat lei tot koördinering is reeds suksesvol gemaak.

In 2003 het daar in die verslag van die taakgroep wat met die herstrukturering gewerk het die volgende woorde gestaan:

***Aantekening:*** : *Wat wil ons (met die herstrukturering) regkry?*
*Ons wil*
* *Deel wees van die NG Kerk en ons bydrae lewer in die uitlewing van sy roepingsverklaring.*
* *Gemeentes en ringe ondersteun sodat hulle volgens die beste van hulle potensiaal kan funksioneer.*
* *Ons eie verklaring soos in 2001 aangeneem en in 2003 uitgebrei, werklikheid laat word*
* *Hoop bring en 'n verskil maak.*

Op meeste van hierdie gebiede het ons die afgelope paar jaar goed gevorder. Die funksionering van die ringe in terme van werklike inspraak in die teologie en as primêre ondersteuningsbasis vir gemeentewees het egter nog nie so goed gevorder nie. Deurgaans was daar in die herstrukturering van die Noordelike sinode sterk klem dat ons die rol van ringe in ons funksionering moet erken en moet ontwikkel. Ons dink

nie dat die gebrek aan vordering in die funksionering aan die onwilligheid van die leiers of die vasklou van die sinodale sisteem aan mag te wyte is nie. Dit is waarskynlik bloot 'n gebrek in die aanvanklike proses van herstrukturering dat die proses oor hoe die ringe se funksionering ontwikkel gaan word nie genoegsaam verreken en beskryf is nie.

### 2.2.4 Hoe dink ons moet 'n presbiteriale sisteem in ons konteks lyk?

Met die agtergrond van verskeie herstruktureringsprosesse binne die groot sisteem en gesprekke oor die funksionering van ons viervlakkige sisteem dink ons soos volg oor die funksies van elke deel van ons verband:

***Aantekening:*** : *Hierdie is ons idee oor hoe dit in 'n ideale omgewing behoort te funksioneer. Om hierby uit te kom beteken nie dat ons bloot besluite hieroor neem nie, maar ernstig met mekaar is oor die proses om die beginsel dat ons in die presbiteriale kerkregering so naby as moontlik aan gemeentes funksioneer en dat leiers en strukture nie hiërargies oor meer goddelike wysheid beskik nie, ernstig opneem*

Eerstens *gemeentes* wat glo dat hulle bestaan 'n direkte invloed het op die koms van die koninkryk van God in die gebied waar hulle bedien. Dit vra waarskynlik vir elke gemeente iets uniek anders. In die proses om hierdie unieke andersheid te ontdek het elke lidmaat 'n rol te speel. Terselfdertyd sal elke gemeente wat die liggaam van Christus ernstig opneem waarskynlik ontdek dat hulle baie te wen het deur deel van 'n familie te wees. Gereformeerde gemeentes kan en wil nie op hulle eie funksioneer nie. Ons ontdek die waarheid saam met mekaar en stel ons bloot aan die groeikrag van die evaluering van ander. Daarom is ons in ringe saamgegroepeer.

Binne *die ring* neem gemeentes die verantwoordelikheid om met mekaar oor roeping en konfessie in gesprek te tree. Die ring se groepering moet van so aard wees dat daar op sinvolle wyse betrokkenheid in 'n wêreld kan wees waar daar aan die Christendom en geloof vrae op 'n willekeurige of onvoorspelbare wyse gevra word. Die groepering van die ring is juis ideaal omdat dit nie dogmaties bepaal word nie, maar uit naby verhoudings en betrokkenheid in die konteks waarbinne die gemeentes funksioneer. Die ring het die verantwoordelikheid om as gemeentes mekaar onderling aan te moedig om binne die ooreengekome konfessionele riglyne te funksioneer, maar ook om die groter sisteem te help om in die vorming van die konfessie, die kontekstuele deelname van elke gemeente en ampsdraer te kan verreken. Ringe moet dus so oor geloof praat dat dit die liggaam help om werklik kollektief oor die waarheid te dink. Ringe moet egter ook die nodigheid om die getuienis in ons wêreld op breër vlak as net die direkte konteks uit te leef, verstaan. Binne ons spesifieke sisteem is die rol van ringe in die implementering van die predikante versorging en die begeleiding van persone wat tot die bediening geroep is ook baie belangrik. Die funksies kan waarskynlik nie naastenby so effektief in groter sisteme behartig word nie.

Gemeentes moet deur die ringe mekaar se hande in 'n *sinodale streek* vat as daar op bedieningsvlak breër samewerking en visioenering nodig is. Voorbeelde hiervan is:
* gesprekke met die owerheid op al die vlakke binne die streek oor ons roeping as kerk,;
* kerkordelike take soos appèlle, beroeping van PSD's, vasstel van kerkorde wat as amptelike ooreenkoms dien;
* gesamentlike werksaamhede soos uitreikprojekte wat oor die hele sinodale gebied strek, studentebediening en teologiese opleiding;
* koördinering van sisteem van ringsfunksionering sodat kreatiewe teologiese gesprekvoering in die hele sisteem kan plaasvind;
* koördinering van proses om teologiese refleksie op die tafel van die Algemene Sinode as beleidsinode te laat kom;
* die bedryf van 'n administrasie wat as ondersteuning vir die sisteem dien (waaronder die ontwikkeling van spesialisgroepe wat ringe kan adviseer oor bedieningsvelde).

'n *Algemene Sinode* wat volgens ooreenkoms die saamvatpunt van die gesprekke op teologiese en roepingsvlak is. Die AS moet nie homself op die gebied van teologiese refleksie en die formulering van beleid en konfessie begeef as die proses om die gemeentes deur die ringe te raadpleeg nie sinvol benut is nie. Die AS speel dus nie primêr die rol om teologiese refleksie te inisieer nie, maar om die teologiese refleksie in die sisteem te evalueer en beskrywend en binne die groter konteks kontrolerend op te tree. Die AS moet ook daar waar ons verband gesamentlike kerkordelike ooreenkomste vra dit formuleer en met die nasionale regering in gesprek tree oor ons roeping as kerk in die land. Die bestaansrede vir die AS moet wees om die ruimte waarbinne NG-gemeentes konfessioneel beweeg te formuleer sodat elke gemeente voluit gemeente in eie konteks kan wees.

***Aantekening:***
*Artikel 20*

20.1 Hierdie vergaderinge het, elkeen na sy eie aard, 'n kerklike gesag deur Christus aan hulle verleen.
20.2 Die gesag van die ring oor die kerkraad is dieselfde as dié van die sinode oor die ring en van die Algemene Sinode oor die sinode.
*Artikel 21*
Die vergaderinge behandel sake vanuit 'n kerklike perspektief, in die lig van die Woord van God en wel op kerklike wyse.
*Artikel 22*
22.1 In meerdere vergaderinge word alleen die sake behandel wat daar tuis hoort of daarheen verwys is deur mindere vergaderinge en wat nie in mindere vergaderinge afgehandel kon word nie.
22.2 'n Meerdere vergadering kan optree indien 'n kerkraad of ring nie meer bestaan nie of nie kan konstitueer nie.
*Artikel 31*
Tot die werksaamhede van die ring behoort:
31.1 kerkvisitasie;
31.2 die opsig oor die gemeentes, om toe te sien dat kerkrade en gemeentes hulle roeping nakom;
31.3 advies en hulp aan kerkrade;
31.4 die stigting van nuwe gemeentes of ontbinding van gemeentes op versoek van kerkrade en die reëling van gemeentelike grense;
31.5 die behandeling van sake wat òf in eerste instansie òf in beroep voor die ringsvergadering gebring word.
31.6 die behartiging van die gemeenskaplike roeping en gesamentlike werksaamhede van die gemeentes binne die ring soos telkens deur die ring bepaal;
die opsig en tug oor alle ouderlinge, diakens en predikante, wat emeriti en proponente insluit, sonder om die opsig van die kerkraad oor sy ampsdraers uit te sluit (sien Art. 62.2).
*Artikel 35*
Tot die taak en bevoegdhede van die sinode behoort:
35.1 die opstel en wysiging van bepalinge en reglemente vir die werksaamhede aan hom toevertrou, mits dit nie met die Kerkorde in stryd is nie;
35.2 die behartiging van die gemeenskaplike roeping en gesamentlike werksaamhede van die gemeentes in sy gebied, met inagneming van Artikel 22 en daarom ook Artikel 26, 31 en 43 van Die Kerkorde. Die aard en omvang van hierdie sake word deur die sinode self bepaal;
35.3 die opleiding van evangeliedienaars soos deur artikel 5 bepaal;
35.4 die opbou van die nodige fondse met die oog op eie werksaamhede en die finansiering van die Algemene Sinode volgens 'n aanvaarde formule;
35.5 die behandeling van alle sake wat in eerste instansie of by wyse van appèl voor hom gebring word;
35.6 die behandeling van alle sake wat in eerste instansie of by wyse van appèl voor hom gebring word;
35.7 die aanwysing van afgevaardigdes na die Algemene Sinode uit sy lede.

**2.2.5 Wat stel ons voor om by die beskrywing hierbo van die ring uit te kom?**
Vinnige besluite en dwangmaatreëls sal vreemd aan 'n proses wees waar ons saam met mekaar groei na die herontdekking van ringe se kardinale rol in die sisteem. Aan die ander kant sal 'n sisteem waar daar geen prosesbeplanning is nie daartoe lei dat verandering sloer en dat daar al hoe meer agterdog en spanning oor die bedryf van ons teologiese prosesse ontstaan.

Dit sal waarskynlik in die woorde van Jakobus 2:16 nie genoeg wees om vir die ringe te sê: "Gaan, trek julle warm aan en eet genoeg" nie. Ons sal met mekaar 'n proses moet loop wat doelbewus ringe in terme van verantwoordelikheid en bronne in staat stel om sekere funksies te vervul.

Ons stel as vertrekpunt voor dat ons met mekaar 'n proses ooreenkom waardeur daar tot by die volgende sinodesitting aktief gewerk word aan die afwenteling van werksaamhede en leierskap na ringe en die opbou van 'n sisteem waar die sinode sterk fokus op die bemagtiging van die ringe.

Die ring van Pretoria Noord stel graag die volgende proses as bespreking by die eerskomende sinode voor:
2.2.5.1 <u>Evaluering</u>
Die nuutverkose SDR evalueer in 'n gefasiliteerde werkswinkel die werksaamhede van die sinode aan hand van die volgende riglyne.
*1. Die ring word deur die sinode erken as die primêre ruimte waarbinne gemeentes binne die presbiteriale kerkregering verantwoordbaar is. Binne die ringsisteem moet die saamdink oor teologiese sake, die profetiese stem in die gemeenskap en toesig oor die versorging en begeleiding van ampsdraers tot sy reg kom.
*2. Die sinode aanvaar dat die huidige werksaamhede van die sinode en toedeling van bronne uit gemeentes daartoe kon lei dat ringe in teologiese en profetiese werksaamhede nie tot hulle reg kom nie.
*3. Die belangrikste fokus van die sinode is om 'n sisteem van ringe te koördineer waar met maksimum deelname van gemeentes die kollektiewe gesprek oor konfessionele en teologiese sake sowel as die profetiese roeping in die gemeenskap kan geskied.
*4. Die sinode aanvaar die roeping om op versoek van ringe of per besluit van 'n sinode die volgende sake te hanteer:

*4.1 Gesamentlike werksaamhede wat nie slegs tot ringe beperk is nie byvoorbeeld teologiese opleiding, uitreikprojekte wat oor die hele sinodale gebied strek en studente bediening.
*4.2 Gesprekke met provinsiale owerhede. Gesprekke met die provinsiale owerheid moet deur die betrokke ringe gekoördineer word.
*4.3 Verantwoordelikhede soos kerkordelik aan die sinode opgedra.
*4.4 Koördinering van effektiewe sisteem van rings- en Algemene Sinodale werksaamhede.
*4.5 Die daarstel van ad hoc werkgroepe om op versoek van ringe spesialiste in die sinode saam te groepeer wat as bronne vir die gesprekke en werksaamhede van die ringe kan funksioneer.
*4.6 Daarstel van administratiewe steunstelsel vir die funksionering van ringe.
*5. Die sinode aanvaar dat daar sterk klem geplaas moet word op die soek na samewerking met die breëre liggaam van Christus by projekte en werksaamhede wat in die breëre gemeenskap geloods word.

2.2.5.2 <u>Gesprekke met ringe</u>
Die evaluering van die SDR moet deur die werkgroep van die sinode wat daarvoor aangewys is met ringe deurgepraat word met spesifieke aandag aan die volgende sake:
*1. Die kapasiteit wat binne die ringe ontwikkel moet word om die werksaamhede van die ring effektief te laat verloop.
*2. Die ondersteuning wat vanaf die sinodale struktuur benodig word om die werksaamhede van die ringe effektief te laat verloop.
*3. Die moontlike herstrukturering van ringe om geografiese en kategoriale behoeftes aan die orde te bring.
*4. Die werkgroep kan met die goedkeuring van die betrokke ringskommissies ringe saam groepeer vir gesprekvoering en onderhandeling.
*5. Die ontwikkeling en bemagtiging van leiers om in die koördinering van die ringsisteem leiding te neem.

2.2.5.3 <u>Formalisering</u>
Die SDR kry afhandelingsbevoegdheid om die onderhandeling oor werksterreine, herstrukturering van ringe, die skep van kapasiteit en die koördinering van die sisteem te formaliseer en aan die eersvolgende sinode verslag te lewer.

